# LIEFDESVERHOUDINGS ONDER STUDENTE EN DIE GESIN VAN OORSPRONG: 'N PSIGOLOGIESE ONDERSOEK

WILLEM JOHANNES ANNANDALE B.A. HONNEURS

Verhandeling voorgelê vir die graad Magister Artium in Psigologie in die Departement Psigologie van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Studieleiers: Mnr. C.J. Schutte
Mev. E. van Rensburg

Potchefstroom

1988

DANKBETUIGING

My opregte dank en waardering aan:

- Mnr. Neels Schutte en Mev. Esmé van Rensburg vir hulle bekwame leiding
- Prof. Steyn en Mej. Gous van die Statistiese Konsultasiediens aan die PU vir CHO vir hulle hulp met die statistiese bewerkings
- Mev. A. Strassheim van die RGN vir verdere statistiese bewerkings
- Mev. I. Claassen van die RGN vir die taalkundige versorging
- Mnr. C. Venter vir sy belangstelling in en hulp met die onderwerp
- Mev. A. Kruger vir die keurige tikwerk
- My gesin van oorsprong, wat my die waarde van 'n gelukkige gesin geleer het, en spesifiek my ouers vir hulle onvoorwaardelike liefde
- Maryna, vir 'n gelukkige verhouding, en vir die vooruitsig om eendag ook aan ons kinders 'n gelukkige gesin te bied
- My Skepper, sonder wie niks hiervan moontlik sou wees nie

INHOUDSOPGAWE BLADSY

HOOFSTUK 1

INLEIDING, PROBLEEMSTELLING, DOELSTELLINGS EN WERKWYSE


| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | INLEIDING | 1 |
| 1.1.1 | Gesin | 2 |
| 1.1.2 | Huwelik | 2 |
| 1.1.3 | Die voorhuwelikse verhouding | 3 |
| 1.2 | PROBLEEMSTELLING | 4 |
| 1.2.1 | Maatskaplike problematiek | 4 |
| 1.2.2 | Gebrek aan kennis | 5 |
| 1.2.3 | Behoefte aan remediëring | 6 |
| 1.2.4 | Toepassingswaarde | 7 |
| 1.3 | DOELSTELLINGS | 7 |
| 1.3.1 | Algemene doelstelling | 7 |
| 1.3.2 | Spesifieke Doelstellings | 8 |
| 1.4 | WERKSWYSE | 8 |

INHOUDSOPGAWE BLADSY

HOOFSTUK 2

LITERATUUROORSIG


2.1 DIE GESIN VAN OORSPRONG 10

2.1.1 Begripsomskrywing 11

2.1.2 Dimensies van gesinsfunksionering 11

2.1.2.1 Definiëring van rolle 12

2.1.2.2 Konflik en probleemoplossing 16

2.1.2.3 Intimiteit 20

(a) Die belangrikheid van intimiteit 20

(b) Die ontwikkeling van intimiteit 21

2.1.2.4 Afhanklikheid/Outonomie 23

2.1.2.5 Identiteit 26

2.1.2.6 Kommunikasie 28

2.1.2.7 Ander 31

2.1.3 Meting en evaluering van gesinsfunksionering 32

2.1.3.1 Selfbeoordelingsvraelyste 32

INHOUDSOPGAWE | BLADSY


2.1.3.2 Projektiewe tegnieke 33

2.1.3.3 Observasie 34

2.1.3.4 Die Onderhoud 34

2.1.4 Samevatting 35

2.2 ENKELE FASETTE VAN DIE ADOLESSENT EN JEUGDIGE SE PSIGIESE ONTWIKKELING 38

2.2.1 Die belang van enkele gesinsfaktore 41

2.2.1.1 Die ouers 41

(a) Die generasiegaping 42

(b) Die ouers en die psigoseksuele ontwikkeling van die adolessent 43

(c) Die verhouding met die ouers 44

2.2.1.2 Die sibbe 45

(a) Identifisering 46

(b) Seksuele invloede 47

(c) Konflik 50

2.2.2 Intrapsigiese ontwikkeling 52

INHOUDSOPGAWE | BLADSY


| | | |
|---|---|---|
| 2.2.2.1 | Die selfkonsep | 52 |
| 2.2.2.2 | Identiteit | 56 |
| 2.2.3 | Psigoseksuele ontwikkeling | 58 |
| 2.2.3.1 | Die invloed op die selfbeeld | 59 |
| 2.2.3.2 | Die invloed van die ouers | 60 |
| 2.2.4 | Heteroseksuele verhoudings | 61 |
| 2.2.5 | Samevatting | 64 |
| 2.3. | DIE LIEFDESVERHOUDING | 67 |
| 2.3.1 | Begripsomskrywing | 67 |
| 2.3.2 | Die aard van die verhouding | 68 |
| 2.3.2.1 | Historiese oorsig | 68 |
| 2.3.2.2 | Funksies van die voorhuwelikse verhouding | 69 |
| | (a) Rekreasie | 70 |
| | (b) Sosialisering | 70 |
| | (c) Status en erkenning | 71 |
| | (d) Geslagsrolle | 72 |

INHOUDSOPGAWE | BLADSY


(e) Identiteitsvorming 72

(f) Intimiteit 73

(g) Voorbereiding vir die huwelik 75

2.3.3 Fases in die verhouding 76

2.3.4 Verhoudingsdinamiek 79

2.3.4.1 Intimiteit 80

2.3.4.2 Kommunikasie 82

2.3.4.3 Konflik 87

2.3.5 Meting van verhoudingsaspekte 87

2.3.5.1 Vraelyste 87

2.3.5.2 Projektiewe tegnieke 88

2.3.5.3 Observasie 88

2.3.5.4 Die Onderhoud 88

2.4 DIE INVLOED VAN DIE GESIN VAN OORSPRONG OP LIEFDESVERHOUDINGS 90

2.4.1 Die teoretiese benaderings 90

2.4.1.1 Die psigodinamiese raamwerk 90

(a) Die tradisionele psigoanalitiese benadering 90

INHOUDSOPGAWE | BLADSY


(b) Bowen se teorie 91

(c) Die objek-relasie teorie 93

2.4.1.2 Die behavioristiese benadering 93

2.4.1.3 Die humanistiese benaderings 96

2.4.1.4 Die sisteembenadering 98

2.4.2 Opsommende gedagtes en raakpunte tussen die teoretiese benaderings 100

2.4.3 Algemene bespreking 102

2.5 SAMEVATTENDE BESPREKING 107

HOOFSTUK 3

METODE VAN ONDERSOEK

3.1 INLEIDING 109

3.2 DIE ONDERSOEKGROEP 109

3.3 TOETSPROSEDURE 111

3.4 MEETINSTRUMENTE 111

3.4.1 Die Gesin van Oorsprongskaal 112

3.4.1.1 Rasionaal 112

INHOUDSOPGAWE | BLADSY


| | | |
|---|---|---|
| 3.4.1.2 | Motivering vir gebruik | 113 |
| 3.4.1.3 | Fisieke voorkoms | 113 |
| 3.4.1.4 | Betroubaarheid | 114 |
| 3.4.1.5 | Geldigheid | 114 |
| 3.4.2 | "Personal Assessment of Intimacy in Relationships" | 115 |
| 3.4.2.1 | Rasionaal | 115 |
| 3.4.2.2 | Motivering vir gebruik | 115 |
| 3.4.2.3 | Fisieke voorkoms | 116 |
| 3.4.2.4 | Betroubaarheid en Geldigheid | 116 |
| 3.4.3 | "Premarital Communication Inventory" | 117 |
| 3.4.3.1 | Rasionaal | 117 |
| 3.4.3.2 | Motivering vir gebruik | 118 |
| 3.4.3.3 | Fisieke voorkoms | 118 |
| 3.4.3.4. | Betroubaarheid en Geldigheid | 118 |
| 3.4.4 | "Conflict Tactics Scale" | 119 |
| 3.4.4.1 | Rasionaal | 119 |

INHOUDSOPGAWE | BLADSY


| | | |
|---|---|---|
| 3.4.4.2 | Motivering vir gebruik | 119 |
| 3.4.4.3 | Fisieke voorkoms | 120 |
| 3.4.4.4 | Betroubaarheid en Geldigheid | 120 |
| 3.5 | DATA-ANALISE | 120 |
| 3.5.1 | Korrelasies | 121 |
| 3.5.2 | Regressies | 122 |
| | HOOFSTUK 4 | |
| | RESULTATE EN BESPREKING | |
| 4.1 | HIPOTESES | 124 |
| 4.1.1 | Algemene hipoteses | 125 |
| 4.1.2 | Spesifieke hipoteses | 125 |
| 4.2 | RESULTATE EN BESPREKING | 126 |
| 4.2.1 | Korrelasiekoëffisiënte | 126 |
| 4.2.1.1 | Die gesin en kommunikasie | 126 |
| 4.2.1.2 | Die gesin en intimiteit | 128 |
| 4.2.1.3 | Die gesin en konflik | 131 |

INHOUDSOPGAWE BLADSY


4.2.2 Regressiekoëffisiënte 134

4.2.2.1 Die gesin en kommunikasie 135

4.2.2.2 Die gesin en intimiteit 138

4.2.2.3 Die gesin en konflik 140

4.3 OPSOMMING 142

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 INLEIDING 143

5.2 GEVOLGTREKKINGS 143

5.3 AANBEVELINGS 145

5.4 SLOTGEDAGTE 147

INHOUDSOPGAWE | BLADSY

TABELLE


| | | |
|---|---|---|
| TABEL 1 | KORRELASIES TUSSEN GOS EN PCI | 127 |
| TABEL 2 | KORRELASIES TUSSEN GOS EN PAIR | 129 |
| TABEL 3 | KORRELASIES TUSSEN GOS EN CTS | 132 |
| TABEL 4 | REGRESSIE-ANALISE VAN GOS EN PCI | 136 |
| TABEL 5 | REGRESSIE-ANALISE VAN GOS EN PAIR | 138 |
| TABEL 6 | REGRESSIE-ANALISE VAN GOS EN CTS | 140 |

INHOUDSOPGAWE


BYLAE

BYLAE A VRAELYS

BYLAE B GESIN-VAN-OORSPRONG SKAAL

BYLAE C SKAAL VIR KOMMUNIKASIE

BYLAE D INTIMITEITSVRAELYS

BYLAE E SKAAL VAN KONFLIKTAKTIEK

SUMMARY

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING, PROBLEEMSTELLING, DOELSTELLINGS EN WERKWYSE

### 1.1 INLEIDING

Die bestudering van menslike gedrag het gedurende die verloop van die twintigste eeu 'n klemverskuiwing ondergaan deurdat al meer van die bestudering van die individu wegbeweeg word, terwyl menslike interaksie en interpersoonlike verhoudings al meer aandag geniet.

Die uitgangspunt van die psigodinamiese teoretici was dat menslike gedrag 'n funksie van gebeurtenisse binne die psige is en dat gedrag slegs in terme van hierdie psigiese gebeurtenisse verklaarbaar is. Die behavioristiese perspektief het van hierdie intrapsigiese benadering wegbeweeg en op invloede van buite klem gelê, sodat gedragspatrone gevorm word deur stimuli uit die omgewing wat sekere response uitlok, versterk of straf. Albei hierdie benaderings berus dus op determinisme, deurdat die mens se gedrag vir hom bepaal word deur invloede van binne of van buite die ontwikkelingsteorieë en persoonlikheidsteorieë en is persoonlikheidsontwikkeling betrag asof dit in 'n vakuum plaasvind (L'Abate, 1976).

In teenstelling hiermee het die humanistiese en eksistensiële perspektiewe op die aannames van impuls en leer gereageer, en het hulle die menslike wil beklemtoon sodat keuses gemaak kan word waardeur die lewensgang bepaal word.

Gedurende veral die afgelope 25 jaar word besondere aandag verleen aan die individu binne die sisteem waarin hy funksioneer. Die literatuur bevestig 'n groeiende bewuswording van die belang van interaksies en verhoudings vir die individu se algemene welsyn (Bowen, 1976; Framo, 1976; Hansen & L'Abate, 1982; Minuchin, 1974). Die verskillende sisteembenaderings beklemtoon die belang van die gesin en die latere verhoudingslewe as bepalend vir die psigiese funksionering van die individu.

Die belangrikste interpersoonlike verhoudings in die mens se lewe is diè wat in die gesin, die huwelik, en ander voorhuwelikse liefdesverhoudings aangetref word.

### 1.1.1 Gesin

Die invloed van die gesin op die ontwikkeling van die individuele lede daarvan word vry algemeen erken, soos blyk uit teoretiese stellings asook empiriese validasie.

- Die gesin word gesien as so oud soos die mensdom self, en ook as die middelpunt van die menslike kultuur (Glick & Kessler, 1980; Mount, 1982; Tucker, 1985).

- Die mens bring oor die algemeen die grootste deel van sy lewe binne een of ander vorm van gesinsverband deur. Die belangrikheid van die gesin blyk uit die invloed wat dit op die nasate uitoefen. Die gesin word beskou as dié belangrikste groep met betrekking tot individuele psigologiese ontwikkeling, emosionele interaksie en instandhouding van selfwaarde (Glick & Kessler; 1980; L'Abate, 1976).

- Die gesin speel onder andere 'n belangrike rol in die ontwikkeling of voorkoming van psigiatriese versteurings in die nasate (Doane, 1978), en hou verband met latere sosialiseringsprobleme (Schmaling et al., 1984), wanaanpassing en depressie (Schwartz + Zuroff, 1979) asook verhoudingsgeweld (Bernard & Bernard, 1983; Makepeace, 1987).

### 1.1.2 Huwelik

Alhoewel kulturele verskille 'n groot invloed uitoefen, is die algemene tendens dat die gesin geneig is om "voort te plant" deurdat individuele lede in die huwelik tree en 'n eie gesin begin, waardeur die eienskappe en dinamiek van die gesin van oorsprong voortgesit word (Bowen 1978; Boszormenyi-Nagy & Sparks, 1973; Kalmuss, 1984).

Die huweliksverhouding is 'n belangrike aspek van gesinsnavorsing, aangesien die paartjie die hele gesinsisteem beïnvloed (Doane, 1978). Rogers et al. sien die belang van die huwelik ten opsigte van die probleme van kinders in terapie as volg: " ... the target of intervention ... should be ... the parent's personal or marital adjustment rather than the troublesome child" (1981, in Hundert, 1985).

Die belangrikheid van die huwelik word verder duidelik onderstreep deur die "Social Readjustment Rating Scale" (Holmes & Holmes, 1970, in Bootzin, 1980:196) waarvolgens potensieel stresvolle gebeurtenisse geëvalueer word. Die drie gebeurtenisse wat as die grootste oorsake van stres vir die mens gesien word, hou almal verband met die huwelik, naamlik dood van 'n wederhelf, egskeiding en vervreemding. Hierdie faktore word as meer traumaties gesien as selfs tronkstraf of die verlies van 'n werk.

### 1.1.3 Die voorhuwelikse verhouding

Die huwelik en die liefdesverhouding is albei intense interpersoonlike interaksies. Deur die voorhuwelikse verhouding te bestudeer kan kennis aangaande die huwelik verder verryk word. Geen ander verhouding bied 'n beter vooruitskouing op die huwelik as die ernstige liefdesverhouding nie, soos bevestig deur die literatuur (Carlson, 1987; Rice, 1983; Williamson, 1978).

Voorhuwelikse beraad en voorbereiding tot die huwelik ontvang al meer aandag, en daardeur word gepoog om realistiese verwagtings te skep en word klem op die voorkoming van latere huweliksprobleme gelê. Die uitgangspunt van hierdie navorsingstuk is dat gegewens wat aangaande die liefdesverhouding verkry word, in 'n groot mate op die huwelik van toepassing is en minstens tot groter insig aangaande die huwelik kan lei.

Die voorhuwelikse verhouding bied ook 'n oorgangstydperk tussen die gesin van oorsprong en die huwelik sodat inagneming daarvan tot groter kontinuïteit lei. Op hierdie gebied bestaan 'n groot leemte in die literatuur deurdat geen vorige navorsing gevind kon word wat die voorhuwelikse verhoudingskwaliteit met die funksionering van die onderskeie gesinne van oorsprong vergelyk nie.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

Binne die breë veld van die menslike bestaan word bepaalde sosiale dilemmas aangetref waaroor 'n gebrek aan kennis bestaan en waaroor navorsers mekaar weerspreek. 'n Behoefte aan programme van remediëring van maatskaplike problematiek het ontstaan en daar word gesuggereer dat daar 'n verband bestaan tussen die dilemmas in die samelewing, die gesin en die huwelik. Hierdie navorsing spruit uit die vier fasette wat vervolgens bespreek word.

### 1.2.1 Maatskaplike problematiek

Onder die sosiale dilemmas wat in die samelewing voorkom, tel die volgende:

- Egskeidings
- Alkoholisme
- Verhoudingsprobleme
- Gebrekkige kommunikasie wat probleemoplossing bemoeilik
- Bloedvatsiektes, wat as 'n prominente oorsaak van ontydige dood gesien word (veral in Suid-Afrika)
- Stres, wat as 'n belangrike presipiterende faktor gesien word by onder andere bloedvatsiektes en alkoholisme

Die direkte invloed wat die verbrokkeling van 'n huwelik op die samelewing uitoefen, kom na vore wanneer in ag geneem word dat egskeiding as die tweede hoogste stresfaktor gesien word (Bootzin, 1980). Egskeidingstatistiek onderstreep verder die relevansie van

ondersoeke na die verhoudingslewe. Gedurende 1983 was daar 16 661 egskeidings in die RSA, wat neerkom op een egskeiding vir elke 2,7 huwelike wat daardie jaar voltrek is. 'n Duidelike stygende tendens kan bemerk word, deurdat daar gedurende 1975 een egskeiding was vir elke 3,9 huwelike. Van die 44 982 huwelike wat gedurende 1983 voltrek is, was 10 661 met reeds geskeide mans (ongeveer 25 %). Die egskeidings het 20 313 minderjarige kinders betrek (Suid-Afrika: Departement van Statistiek, 1986).

Alkoholisme is 'n verdere belangwekkende probleem, deurdat dit 'n swaar finansiële las op die samelewing plaas. Feldman (1984) stel die totale onkoste verbonde aan alkoholmisbruik in die VSA gedurende 1975 op $43 biljoen. Hierdie bedrag word bereken op grond van verlore produktiwiteit, mediese koste, motorongelukke, brand, geweldmisdade en andere. Gedurende 1975 het die behandeling van alkohol- en dwelmmiddelmisbruik en geestessiektes elke burger van die VSA gemiddeld $421 uit die sak gejaag.

Bloedskande is 'n fenomeen wat ook nou met gesinswelsyn verweefd is. Merrick et al. (in Gilder, 1986: 648) verwys na 'n skatting dat 5 % van die meisies en 1 % van die seuns in Nederland slagoffers van bloedskande was. Al hierdie syfers dui op probleme in die samelewing wat met die welsyn van die gesin en die huwelikslewe in verband gebring word.

### 1.2.2 Gebrek aan kennis

Alhoewel die belangrikheid van die gesin se welsyn vir die algemene welsyn van die samelewing teoreties algemeen aanvaar word (Bowen, 1976; Haley 1976; Hovestadt et al., 1985), bestaan daar steeds 'n gebrek aan kennis uit empiriese navorsing en programme van remediëring. "While family-of-origin interventions are widely used, the theoretical assumptions upon which these techniques are based are largely without empirical validation" (Hovestadt et al., 1985: 287). Die belang van die gesin met betrekking tot geesteswelsyn word ook deur Tsung-Yi (1983:76) beklemtoon: "Mental health programs which aim to cultivate and promote human development should take the family

and school as strategic targets, for these two social institutions represent the face of the most intensive human interaction where conduct and learning are fostered and modified".

Alhoewel terreine soos verhoudingsgeweld (Bernard & Bernard, 1983; Makepeace, 1987) onlangs heelwat aandag ontvang het, bestaan daar egter nog 'n groot leemte in kennis aangaande die voorhuwelikse verhouding en dit gee aanleiding tot 'n gebrek aan voorspellingsmoontlikhede ten opsigte van die huwelik en gesinslewe. Tog word daar erkenning gegee aan die belangrikheid van die bestudering van interaksies: "an ability to observe interactions can have major clinical benefits" (Gray et al., 1977, in Starr, 1987:91).

### 1.2.3 Behoefte aan remediëring

Een van die hoofargumente vir die bestaansreg van die psigologie is dat deur groter kennis van die mens beter remediëring van probleme moontlik is. Kennis aangaande die oorsprong van 'n probleem is dikwels van kardinale belang by die behandeling daarvan. So sien Jacobson et al. (1980, in Bennun, 1987) 'n hoë voorkoms van konflikgedrag, gebrekkige probleemoplossing asook gebrekkige kommunikasievaardighede as karakteristieke van 'n paartjie met 'n problematiese verhouding. Bernard & Bernard (1983) en Makepeace (1981) wys weer daarop dat hierdie probleme dikwels hulle oorsprong in die gesin van oorsprong het, met voor-die-hand-liggende implikasies vir behandeling.

Kennis aangaande die etiologie word dus as belangrik vir remediëring beskou. Deur kennis te neem van die ontwikkelingslyn vanaf die gesin van oorsprong, deur die ontwikkeling van die individu en die daarstelling van heteroseksuele verhoudings en tot by die huwelik en nuwe gesin, kan heelwat etiologiese insig verkry word. Daar moet egter teen 'n toutologiese of deterministiese benadering gewaak word, aangesien die kompleksiteit van die mens eklektiese sienings noodsaaklik maak. Al die veranderlikes kan nie verklaar word deur die gesin van oorsprong en die voorhuwelikse verhouding te bestudeer nie, maar groter kennis en insig word tog daardeur gefasiliteer.

### 1.2.4 Toepassingswaarde

Hierdie navorsing stel praktiese toepassingswaarde op die volgende twee terreine ten doel :

Eerstens word gepoog om 'n bydrae te maak tot die behandeling van probleme, waaronder huweliksterapie sterk figureer. Terapeute gemoeid met die behandeling van aspekte soos konflik, kommunikasie en seksuele probleme kan met vrug kennis neem van die moontlike invloed wat van die gesin van oorsprong uitgaan. Ook individuele terapie kan bevorder word byvoorbeeld by die behandeling van angs, depressie of neuroses. Die argument is deurgaans dat die behandeling van die oorsaak eerder as die simptoom beklemtoon word.

Tweedens het hierdie ondersoek voorkomingswaarde ten doel. Die uitgangspunt is dat die huwelik en die gesin die kern van die samelewing is. Die hele samelewing kan baat deur aandag aan die gesin te gee. Voorhuwelikse beraad is maar een van die toėpassingsvelde waar voorkoming 'n rol kan speel. Groter algemene bewustheid van die dinamiese lyn in die mens se ontwikkelingsgange kan van groot waarde vir die samelewing wees.

## 1.3. DOELSTELLINGS

Probleem vrae

### 1.3.1 Algemene doelstelling

In die breë gesien ondersoek hierdie navorsing die moontlike verband tussen die kwaliteit van die gesin van oorsprong en die kwaliteit van die voorhuwelikse liefdesverhouding. Daar word gekyk of studente wat uit goed funksionerende gesinne kom oor die algemeen gesonder verhoudings het as studente wat uit ongesonder gesinne kom. Die empiriese bevindings aangaande die moontlike verband tussen die gesin van oorsprong en so 'n voorhuwelikse verhouding kan implikasies vir huweliksterapie, voorhuwelikse beraad, keuse van 'n huweliksmaat en gesinsterapie inhou.

1.3.2 Spesifieke Doelstellings

Uit die literatuur blyk dat veral kommunikasie, hantering van konflik en intimiteit belangrike kriteria by die beoordeling van die funksionering van 'n verhouding is. In die gesin blyk die bereiking van intimiteit en outonomie (waarbinne dimensies van kommunikasie en hantering van konflik ook sterk figureer) belangrike kriteria by evaluering te wees. Hierdie navorsing ondersoek die moontlikheid dat 'n paartjie waarvan albei lede uit gesinne kom wat as "gesond" geklassifiseer word, se verhouding na aanleiding van die kriteria wat gestel word ook as "gesonder" geëvalueer word as dié verhouding waarvan minstens een lid uit 'n "ongesonde" gesin kom. Is daar dus 'n positiewe korrelasie tussen die funksionering van die gesin en die funksionering van die verhouding soos gevind onder die ondersoekgroep? Verder word met behulp van die regressievergelykings bepaal of die gesin van oorsprong 'n goeie voorspelling van die verhoudingskwaliteit bied.

Alhoewel hier studente van een kampus betrek is, kan die resultate tog 'n aanduiding gee van wat vir die breër samelewing kan geld. Veralgemenings moet egter met die nodige omsigtigheid gemaak word, siende die moontlike unieke aard van die ondersoekgroep.

1.4. WERKSWYSE

Die studie word ingelei met 'n literatuurstudie waarin 'n oorsig gegee word oor bestaande literatuur aangaande die gesin, die invloed daarvan op die individuele lede, die groei van die individu tydens veral die tydperk rondom adolessensie (wanneer heteroseksuele verhoudings meer prominensie verkry), asook die ernstige voorhuwelikse verhouding self.

By die gesin word veral aandag geskenk aan dit wat as belangrik beskou word vir die suksesvolle voorbereiding van die kinders vir die latere lewe. Daar word gedui op belangrike dimensies by die funksionering van die gesin en daar word beweeg tussen die pole van funksionaliteit en disfunksionaliteit, waardeur die slaggate van "normaliteit" vermy word.

Tydens adolessensie en die jeugtydperk is daar weer spesifieke gesinsfaktore wat van pertinente belang is. Ten opsigte van die individu self word aandag gegee aan intrapsigiese ontwikkeling en die psigoseksuele ontwikkeling, terwyl die ondersoek na heteroseksuele verhoudings aansluit by die aandag wat aan die liefdesverhouding gegee word.

Die aard en funksies van die verhouding word ondersoek en die groei van die verhouding word deur verskillende fases gevolg. Laastens word na die direkte invloed van die gesin van oorsprong op die verhouding uit die oogpunt van verskillende teoretiese benaderings gekyk.

By die empiriese navorsing word gebruik gemaak van vraelyste wat die gesin en die verhouding evalueer. 'n Steekproef studente wat in ernstige verhoudings betrokke is, word gebruik en die data wat verkry is ten opsigte van die gesin word gekorreleer met die data van die verhouding. Die empiriese navorsing is op die neigings in die literatuur gebaseer en daar word gekyk of die gekonstateerde verband tussen die gesin en die verhouding empiries verifieerbaar is.

# HOOFSTUK 2

# LITERATUUROORSIG

## 2.1 DIE GESIN VAN OORSPRONG

Die gesin se bestaan was nog altyd 'n sentrale deel van die mens se geskiedenis. Alhoewel daar variasies op die tema is (byvoorbeeld poligamie en die uitgebreide gesin) is die gesin vandag nog deel van die meerderheid mense se verwysingsraamwerk. Meer as 90 % van alle mense in die VSA leef nog in gesinne (Glick & Kessler, 1980:30) en behalwe vir die tydperk van vroeëre volwassenheid leef die mens vir die grootste deel van sy lewe in 'n gesin. Hierdie literatuuroorsig ondersoek dit wat volgens navorsers en teoretici gesien word as belangrike bepalers vir die funksionering van die gesin, wat die individu en dus ook die verhouding kan beïnvloed. Alhoewel die individu nie gesien word as 'n blote produk van sy gesin nie, is daar tog 'n groot mate van ooreenstemming dat die kerngesin 'n belangrike rol speel in die ontwikkeling of voorkoming van psigiatriese versteurings (Doane, 1978). Net soos die individu deur die gesin beïnvloed kan word, so kan die gesin ook die liefdesverhouding raak (vgl. 4.1).

Hierdie afdeling poog om die gesin te beskryf volgens die dimensies wat gedefinieer word binne die pole van funksionaliteit en disfunksionaliteit en waardeur die slaggate van "normaliteit" vermy word. Hansen & L'Abate (1982) wys egter daarop dat die perfek funksionerende gesin so oninteressant en konformerend kan wees dat dit op sigself kan lei tot 'n disfunksionele patroon, ten minste in een lid van die gesin. Hier word dus slegs gepoog om dimensies van gesinsfunksionering weer te gee wat spesifiek van belang is vir die doeleindes van hierdie navorsing. Hierdie dimensies is spesifieke psigologiese faktore in die gesin wat van wesenlike belang blyk te wees vir die fasilitering van 'n bevredigende ontwikkeling vir lede van die gesin, met die einddoel die liefdesverhouding, huwelik en 'n nuwe gesin.

### 2.1.1 Begripsomskrywing

"Die gesin van oorsprong is die gesin waarin die individu sy begin maak - fisiologies, psigies en emosioneel " (Hovestadt et al., 1985:287). Die begrip word ook deur die woord "kerngesin" omskryf. Die kerngesin maak vir die mens die belangrikste groep uit in verband met die individuele psigologiese ontwikkeling, emosionele interaksie en die instandhouding van die selfbeeld. Vir baie mense is die gesin die groep waarbinne die sterkste vorms van haat en liefde beleef word, en waarbinne die diepste satisfaksie, asook die pynlikste teleurstellings beleef word (Glick & Kessler, 1980). Alhoewel die gesin baie vorms kan aanneem, soos eenouergesinne (as gevolg van egskeiding of dood) of die uitgebreide gesin (met meer as twee geslagte asook uitbreidings soos ooms en tantes of niggies en neefs) konsentreer hierdie studie veral op die vereenvoudigde kerngesin, met albei ouers teenwoordig, asook twee of meer kinders van albei geslagte. Alhoewel hierdie gegewens op alle gesinne van toepassing is, word heelwat unieke omstandighede vir sommige variasies van die kerngesin aangetref wat nie noodwendig op hierdie model van die gesin van toepassing is nie.

### 2.1.2 Dimensies van gesinsfunksionering

Heelwat teorieë aangaande die gesin het al ontstaan en die psigologie van die gesin geniet al hoe meer aandag. Van die belangrikste teoretiese raamwerke is die volgende:

. Die humanistiese benadering waaronder ons drie hoofgroepe aantref, naamlik die Fenomenologiese (Gordon, Levant), die Eksistensiële (Whitaker, Napier), die Eksperiëntiële (Satir, Kempler, en andere).

. Die psigoanalitiese skool het al heelwat bekende teoretici opgelewer, byvoorbeeld Ackerman, Bowen (alhoewel hy soms as 'n sisteemteoretikus gesien word), Boszormenyi-Nagy en Framo.

- Onder die behavioristiese gesinsteoretici is Patterson, Jacobson en Liberman van die bekendstes.

- Die sisteemteorieë het al heelwat veld gewen en name soos Minuchin, Haley, Zuk en Watzlawick is alombekend.

Hierdie afdeling probeer nie om een teoretiese siening na te streef nie. Daar word 'n samevatting verskaf van die elemente waaruit 'n geheelbeeld van die verskillende teorieë na vore kom. Daar is heelwat oorvleueling, terwyl daar soms verskillende benamings vir dieselfde begrip bestaan of bloot 'n klemverskil in die benadering is.

2.1.2.1 Definiëring van rolle

Die uitgangspunt hier is dat die gesin gesien word as 'n sisteem van rolle wat in interaksie met mekaar verkeer (Hurvitz, 1965). Binne die gesin is die rolle van die individue eenhede van gedrag wat gereeld herhaal word en 'n patroon vorm. Hierdie patroon behels dat elkeen 'n rol vervul na aanleiding van eie verwagtings, terwyl daar ook verwagtings is oor hoe die ander lede hulle rolle behoort te vervul. Die vervulling van rolle en die rolverwagtings skep komplementariteit asook wederkerigheid wat die sosiale struktuur van die gesin uitmaak.

Gedurende die lewensiklus van die gesin verander die rolle, veral ten opsigte van die huwelikskoalisie. Glick & Kessler (1980) en Minuchin (1974) vind aansluiting by Hurvitz wanneer hulle konstateer dat hierdie veranderende rolle en individuele sienings oor die rolverwagtings 'n probleem skep. Die individuele aanpassende veranderings kan die balans van die verhouding versteur en sodoende tot disfunksionaliteit binne die verhouding lei.

Die eerste en belangrikste rol binne die gesin is die huweliksrol. Die huweliksubsisteem word gevorm wanneer twee mense van teenoorgestelde geslagte verenig met die idee om 'n gesin te vorm.

Wanneer daar kinders kom, ontstaan twee nuwe subsisteme, naamlik dié van ouers en dié van die kinders.

Die ouers se rolle differensieer nou, aangesien hulle ook rolle het om te vervul ten opsigte van die kinders. Minuchin (1974) dui op die problematiek daaraan verbonde, deurdat daar met die kinders gesosialiseer moet word sonder dat die wedersydse ondersteuning verlore gaan wat die huwelikskoalisie karakteriseer. Volgens Glick & Kessler (1980) moet die huweliksrolle uitbrei en ook ouerrolle insluit. Volgens hulle word 'n koalisie en eenstemmigheid benodig ten einde die kinders groot te maak.

Hier word die kwessie van generasiegrense dus nou aangeraak. So sê Glick en Kessler (1980:53) " ...parents must act like parents and children like children". Ouers het 'n kontrolerol en elke generasie assosieer die sterkste met sy eie generasie. Volgens Minuchin (1974) moet die grense tussen die subsisteme duidelik wees om behoorlike gesinsfunksionering te verseker. Die funksie van die grense is om die differensiasie van die sisteem te beskerm. Alle gesinne opereer volgens hom op 'n kontinuum, met uiters vae grense en oormatig rigiede grense as die twee pole. Vaagheid of diffusie noem hy verstrengeling en rigiditeit en waar kommunikasie oor die grense moeilik is, verwys hy na ontkoppeling. Die twee terme dui op 'n transaksionele styl. Wanneer die gesin voortdurend op een van die twee pole opereer, wys dit op gesinspatologie terwyl normale gesinsfunksionering al die patrone van interaksie insluit.

Onduidelike generasiegrense kan aanleiding gee tot verskeie vorme van disfunksionaliteit. Satir (1967) praat van "spousification". Dit behels die omdraai van die moeder/dogter-rolle. Daar bestaan dus 'n romantiese pa/dogter-verhouding wat die ma uitsluit. Die dogter vervul nou die rol van eggenote. Volgens Satir kom baie moeders van angstige gehegte kinders uit huise waar hierdie dinamiek voorgekom het. Boszormenyi-Nagy en Sparks (1973) noem hierdie dinamiek "parentification". Dit kom voor as gevolg van onduidelike onderskeid

tussen aspekte van intimiteit wat nodig is vir ouerskap en wat nodig is om die huweliksband te behou en te versterk. Daar ontstaan verwarring tussen die rolle van versorger en eggenoot. Hierdie afbreking van die generasiegrense lei tot 'n oorbetrokke ma/seun-verhouding of pa/dogter-verhouding.

Hierdie tipe dinamiek kan lei tot kompetisie oor die generasiegrense heen vir die mees gesogte rol. Justice & Justice (1976) het dan ook gevind dat gesinspatologie, en veral kindermishandeling, in sulke gesinne voorkom. Gewoonlik word die emosionele en verhoudingskwaliteite deur intensiteit en versmelting gekenmerk. Verder moet ouers liewer by mekaar emosionele ondersteuning kry en nie by hulle kinders nie.

Geslagsrolle word nie bloot biologies bepaal nie. Dit word verkry deur roltoewysing en word voortgesit deur rolaannames en identifisering met 'n ouerfiguur namate die kind ouer word. Twee ouers is hiervoor nodig. Die ouer van dieselfde geslag dien as rolmodel vir identifikasie en die ouer van die teenoorgestelde geslag dien as die basiese liefdesobjek (Glick & Kessler, 1980). Wanneer die ouers met 'n kind kompeteer of mekaar afspeel teenoor die kinders, verwar dit die kind in sy identifikasieproses en word sy lojaliteite uitgebuit.

Wynne et al. (1958) het die rolstruktuur in gesinne van skisofrene bestudeer. Hy het drie vorme van rolkomplementariteit beskryf na aanleiding van sy aanname dat die mens 'n dubbele behoefte het, naamlik 'n behoefte aan verwantskap en 'n behoefte aan apartheid of eie identiteit. Nie-wederkerige rolkomplementariteit is 'n rolbeperkte vorm van verwantskap, waar tipies net offisiële transaksies voorkom. Die verhouding is nie aanpasbaar nie. Pseudo-wederkerige komplementariteit is 'n valse vorm, waar divergering van rolle vermy word uit vrees dat dit die verhouding bedreig. Saamsmelting/fusie ontstaan waaruit rigiditeit ontwikkel, sodat die rolverdeling nie verander nie, al word die onderskeie rolle ontoepaslik. Wederkerige komplementariteit is op 'n breër basis van

verwantskap gefundeer. Sodoende word divergerings nie as 'n bedreiging gesien nie, maar dien dit as 'n stimulus om die verhouding te verdiep. Minuchin (1974) beskryf ook die gevare van hierdie rigiditeit wat hy "rigid triads" noem. Dit kan gesien word as 'n chroniese probleem met die grense van die verskillende subsisteme vir die gesin.

Die konsep van aanpasbaarheid word ook deur Glick & Kessler as baie belangrik beskou. In hulle beskrywing van die "dual career" gesin (1980) waar albei ouers 'n beroep beoefen wat baie tyd en emosionele betrokkenheid vereis terwyl hulle jong kinders grootmaak, stel hulle dat aanpasbaarheid en roluitruilbaarheid gewoonlik vereis word ten einde 'n sukses van hierdie situasie te maak. Dit plaas egter ook spanning op die onderskeie rolle.

Gesagstruktuur binne die gesin hou verband met die kwessie van rolle. Glick en Kessler (1980) stel die volgende vereistes ten opsigte van die gesagstruktuur van die goed funksionerende gesin:

- dit moet saamhang met duidelike rolverdeling
- dit moet buigbaar wees
- outoriteit moet gedeel word
- daar moet duidelike reëls wees
- 'n sterk ouerlike koalisie is nodig
- generasiegrense moet duidelik afgebaken wees en deur almal erken word.

Jacobs (1975, in Levant 1984:66) het 57 observasiestudies vergelyk en geëvalueer en ten opsigte van dominansie die volgende bevind:

- Gesagstrukture binne normale gesinne is meer dikwels hierargies gedifferensieer.
- Vaders is meer dikwels dominant in normale gesinne as in versteurde gesinne.

As die verhouding tussen die huweliksmaats onbevredigend is, het dit 'n nadelige invloed op die funksionering van die hele gesin. Hurvitz (1965) sien rolvervulling as die bepaler van huweliksgeluk. Die interaksie van die huweliksmaats is op die wisselwerking van die verwagtings en prestasies van hulle huweliksrolle gebaseer. Wanneer die huweliksmaats rolle vervul soos verwag word, lei dit tot positiewe gevoelens van aanvaarding en gerusstelling. Wanneer dit nie so gedoen word nie, lei dit tot negatiewe gevoelens van verwerping, ongemak en spanning. Voldoening aan rolverwagtings lei tot aanpassing en geluk; andersins ontstaan interpersoonlike spanning en innerlike konflik.

2.1.2.2 Konflik en probleemoplossing

Konflikteoretici stel 'n oortuigende standpunt dat konflik 'n onlosmaaklike deel van alle menslike verbintenisse is (Haley, 1963; Straus, 1979). Konflik hou ook verband met die definiëring van rolle. Volgens Haley is enige verhouding 'n magsworsteling. Alle betrokkenes worstel gedurig om die verhouding te definieer of te herdefinieer. Die sentrale vraagstuk is kontrole, naamlik wat die reëls is en wie dit opstel.

Sonder die veranderings wat deur konflik moontlik gemaak word, sal 'n maatskaplike eenheid 'n hoër risiko loop om inmekaar te stort. Wanneer konflik onderdruk word, kan dit lei tot stagnasie en mislukte aanpassing by veranderende omstandighede of dit kan die band van groepsolidariteit erodeer as gevolg van geakkumuleerde vyandigheid (Straus, 1979). Waring (1984) verskil egter hiervan. Hy sien die afwesigheid van konflik as noodsaaklik vir 'n suksesvolle huweliksverhouding. Hy verwys na 'n studie van Waring, McElrath, Lefcoe en Weisz (1981) waar 'n faktoranalise probleemoplossing as een van die vier dimensies van 'n huweliksverhouding beskryf. In wese verskil bogenoemde sienings nie van mekaar nie. Verskille tussen hierdie sieninge is eerder klemverskille as wesenlike verskille. Waring (1984) ontken nie die voorkoms van konflik nie, maar hy beklemtoon die noodsaaklikheid van 'n spoedige probleemoplossing.

Indien 'n konfliksituasie ontstaan, moet daar dadelik opgetree word, en op hierdie wyse word verandering teweeggebring. Hierdie siening oor konflik sluit aan by die opinie van Straus (1979).

Dit blyk dus dat die oplossing van konflik, eerder as konflik per se, die sentrale tema is (Schaefer & Olson, 1981; Straus, 1979; Waring, 1984). Konflik as sulks word nie noodwendig as ongewens beskou nie. So kan onopgeloste konflik volgens Schaefer en Olson lei tot die verwydering tussen 'n huwelikspaar. Indien die konflikoplossing na wense is, hoef konflik nie 'n blokkeerder van intimiteit te wees nie, maar kan dit intimiteit fasiliteer. Waring sien konflikoplossing as een van agt fasette van intimiteit, terwyl intimiteit van kardinale belang vir huweliksaanpassing is (vgl. 1.2.3).

Straus (1979) onderskei tussen drie verbandhoudende maar verskillende fenomene wat as verskillende aspekte van konflik beskou word.

- Belangekonflik ontstaan waar lede van 'n sosiale groep elk 'n persoonlike agenda het waarvolgens geleef word, en hierdie agendas onafwendbaar van mekaar verskil. Soos reeds gesien, word konflik deur sommige teoretici as nodig en gesond beskou. Die vraag is nou hoeveel konflik nodig is. Volgens Straus is daar 'n kromlynige verband tussen konflik en groepswelsyn. Die afwesigheid van konflik (dit is botsing van belange) is teoreties onmoontlik, maar sou in elk geval fataal wees vir groepswelsyn. Terselfdertyd lei hoë vlakke van konflik tot stres en tot sulke snelle veranderings dat groepswelsyn weereens daaronder lei.

- Vyandigheid. Oor die algemeen word geglo dat daar 'n lineêre verband tussen vyandigheid en konflik bestaan. Konflikteoretici (vgl. Straus, 1979) stel die paradoks dat vyandigheid ontstaan wanneer die bestaan van konflik (belangekonflik) ontken word. So

word die individu die situasie ontneem waardeur hy kon bereik wat vir hom belangrik is.

. Die hantering van konflik. Dit is belangrik om te kyk na die metode waarop eie belang bevorder word, dit wil sê hoe belangekonflik opgelos word. Konflik kan byvoorbeeld opgelos word deur 'n wedersydse aanvaarbare ooreenkoms of deur afdreiging. Die kriterium is dus die overte handelinge wat deur die individu gebruik word ten opsigte van belangekonflik.

Boszormenyi-Nagy & Sparks (1973) se term "parentification" hou ook verband met konflik. Die term is deel van 'n dialektiese teorie wat op die konsepte van lojaliteit en geregtigheid gebaseer is. Oor generasies heen word 'n "lêer" van verpligtinge en meriete saamgestel wat deur elke individu se lewe uitgebrei word. Hiervolgens word sekere verwagtings aan elke gesinslid gestel en word as't ware van elke optrede boekgehou. Wanneer hierdie "lêer" gebruik word om skuldgevoelens by 'n lid op te wek deur ou koeie uit die sloot te grawe, ontstaan konflik. Die individu word voor kontrasterende lojaliteite gestel, naamlik lojaliteite teenoor die gesin en teenoor die self, terwyl hierdie lojaliteite eintlik versoenbaar behoort te wees. Konflik kan dus 'n wanbalans in verhoudings teweegbring.

Glick & Kessler (1980) sien die ontstaan van konflik in die huwelik as die gevolg van verskillende inligting, oortuigings, belangstellings, begeertes en waardes, asook kompetisie. Hulle kombineer die sienings van Waring en Straus wanneer hulle tussen produktiewe en onproduktiewe konflik onderskei.

. Produktiewe konflik is die erkenning van verskillende belange, oop en eerlike kommunikasie, en houdings van vertroue wat lei tot die vind van kreatiewe oplossings. Hierdie produktiewe konflik impliseer 'n intellektuele benadering (rasionele bespreking, argumentasie en redenering) en is een van Straus (1979) se drie maniere van konflikhantering.

- Onproduktiewe konflik behels strategieë van mag en die taktiek van afdreiging, dwang en misleiding. Dit lei tot suspisie en gebrek aan kommunikasie. Dit is kenmerkend van disfunksionele huwelike. Hieronder val twee van Straus (1979) se maniere van konflikhantering. Eerstens die gebruik van verbale en nie-verbale handelinge om die ander seer te maak, asook dreigemente. Tweedens die gebruik van fisiese dwang teen die ander ten einde die argumente te wen.

Ten slotte bied Reiss (1979, in Hansen & L'Abate, 1982:37-38) 'n klassifikasieskema wat gebaseer is op gesinne se probleemoplossingswyses. Daar is twee dimensies waarvolgens gesinne beoordeel word. Eerstens koördinasie - dit is 'n maatstaf van hoe die individuele lede se pogings tot probleemoplossing by dié van die groep ingeskakel is. Tweedens beoordeel konfigurasie die gekombineerde poging en kyk hoe produktief hierdie gesamentlike poging die werklike probleem hanteer.

Altwee dimensies het 'n hoë en 'n lae waarde en is onafhanklik, met die gevolg dat vier tipes gesinne beskryf kan word.

- Omgewing-sensitief. Hierdie gesinne het hoë koördinasie en hoë konfigurasie. Die lede staan bymekaar en vind baat by mekaar se kollektiewe pogings.

- Konsensus-sensitief. By hierdie gesinne vind ons hoë koördinasie en lae konfigurasie. Die lede staan bymekaar maar hulle werk nie produktief op hierdie manier nie.

- Prestasie-sensitief. By hierdie gesinne is die koördinasie laag en die konfigurasie hoog. Hierdie gesin doen skynbaar goed, maar hulle pogings is basies onderling kompeterend.

- Afstand-sensitief. Hierdie gesinne vertoon lae koördinasie en lae konfigurasie. Die lede hou hulle afstand van mekaar en die groepspoging lei daaronder.

Na aanleiding van hierdie skema het Reiss gevind dat hy bevredigende voorspellings aangaande gesinne met 'n gehospitaliseerde adolessente gesinslid kon maak. Dit blyk dus dat konflik per se nie noodwendig op patologie binne die gesin dui nie. Die oplossing van konflik en die hantering van probleme is egter uiters belangrik.

### 2.1.2.3 Intimiteit

Die belangrikheid van intimiteit op interpersoonlike vlak kom duidelik na vore in die definiëring daarvan deur Sullivan (1953). Daarvolgens is intimiteit daardie tipe situasie wat twee mense betrek en die geldigheidsbepaling van alle komponente van selfwaarde behels. Dit impliseer aanpassing in elkeen se gedrag na aanleiding van die behoeftes van die ander. Die einddoel is die nastrewing van toenemende identiese bevrediging. Verskeie teoretici sien intimiteit as een van die belangrikste take van die volwassene tesame met die daarstelling van 'n eie identiteit (Erikson, 1974; Freud, 1922; Kantor & Lehr, 1975; Hovestadt et al., 1985). Volgens Kaplan (1975) bestee die volwassene die grootste deel van sy lewe daaraan om die dilemma tussen die ontwikkeling van selfwees en die daarstelling van 'n nabye verhouding met ander op te los.

#### (a) Die belangrikheid van intimiteit

Intimiteit blyk een van die belangrikste bepalers van geestesgesondheid te wees. Horowitz (1979) dokumenteer dat probleme rakende intimiteit die grootste oorsaak is waarvoor buitepasiënte psigoterapie versoek. Waring (1984) verwys na verskeie bevindings wat 'n gebrek aan intimiteit met neurose, depressie by mans en nie-psigotiese emosionele siektes onder die algemene bevolking verbind, en dit verteenwoordig ook 'n kwesbaarheidsfaktor by vroue wat depressie ontwikkel. Die hoeveelheid intimiteit behoort ook negatief te korreleer met die teenwoordigheid en ernstigheid van psigotiese emosionele siekte. Erikson (1959) stel dat intimiteit die sterk- en swakpunte van identiteit uitwys. Wanneer die spannings wat met

identiteitswroeging geassosieer word, nie opgelos is nie, soek die individu isolasie in gestereotipeerde verhoudings.

Waring et al. (1981, in Waring, 1984:187) verwys na drie dimensies wat interpersoonlike verhoudings definieer, naamlik begrensing, mag en intimiteit, waarvan intimiteit as die belangrikste beskou word. Die ontwikkeling van interpersoonlike intimiteit word ook gesien as 'n belangrike ontwikkelingstaak van die adolessent (Erikson, 1974). Dit is iets wat hy met sy eie innerlike hulpbronne moet bereik. Hierdie innerlike hulpbronne verwys na intrapsigiese harmonie met die eie innerlike lewe. In Freudiaanse terme kan dit gestel word as harmonie tussen die id, die ego en die superego.

Ook binne die huwelik is intimiteit uiters belangrik. Waring (1984) sien seksualiteit en affeksie as twee dimensies wat onlosmaaklik deel is van intimiteit. Seksualiteit word gesien as een van die fasette van intimiteit in die huweliksverhouding. Dit is die mate waartoe seksuele behoeftes gekommunikeer en bevredig word. Berman & Lief (1975, in Waring 1984:185) identifiseer intimiteit as 'n kritieke interpersoonlike veranderlike in die beskrywing van die huweliksverhouding.

(b) Die ontwikkeling van intimiteit

Intimiteit word oor die algemeen gesien as 'n logiese vereiste binne die liefdesverhouding. Dit is egter belangrik om intimiteit reeds in die gesin van oorsprong te ondersoek. Hovestadt et al. (1985) sien intimiteit eerstens as een van die primêre ontwikkelingstake van die individu, saam met outonomie. Volgens hom is hierdie ontwikkelingstake hoofsaaklik binne die gesin van oorsprong gefundeer. Die gesonde gesin ontwikkel intimiteit deur die aanmoediging en uitdrukking van 'n wye reeks gevoelens, die daarstelling van 'n warm atmosfeer, die hantering van konflik sonder onnodige stres, die aanmoediging van sensitiwiteit onder die gesinslede en die vertroue in die basiese goedheid van die menslike natuur.

Die objekrelasieteorie sien die intieme band tussen moeder en kind as die kern van psigologiese groei (Kwawer, 1982). Gurvitz (1982) stel dat selfs in die eerste weke van lewe die suigeling nie kan floreer, of selfs leef, sonder emosionele stimulering nie. Emosionele stimulering op sy beurt is onmoontlik sonder 'n intieme verhouding. Volgens Morris (1982) is 'n verhouding van gehegtheid noodsaaklik vir die suigeling wat sy omgewing ondersoek. Kohut (1978:27) sê: " ...total intimacy ... normally establishes itself between a mother and her baby. " As gevolg van die groei wat plaasvind, word hierdie totale intimiteit deur grade van intimiteit vervang. Kohut sien hierdie proses as geleidelik en soms pynlik, maar dit lei tot die ontwikkeling van differensiasie tussen moeder en kind, en laasgenoemde is nodig vir groei.

Die verwantskap tussen ouer en kind is egter ook by die ouer kind van die uiterste belang. Intieme verhoudings met ander is ewe belangrik, soos blyk uit die siening van Erikson oor die adolessent se ontwikkelingstake.

Frankel (1982) en Waring <u>et al</u>. (1981, in Waring, 1984:187) het kriteria vir funksionele intimiteit saamgestel. In wese stem die twee indelings ooreen, maar verskillende afbakenings en terme word gebruik. Sommige kriteria is veral op die huweliksverhouding gemik, maar in die geheel is dit op die gesinslewe van toepassing. Die kriteria is as volg:

- Nie-verdedigende, onbewaakte kommunikasie. Waring beskryf dit as uitdrukking van die self, met ander woorde die graad waartoe gedagtes, gevoelens, houdings en oortuigings onderling gedeel word, asook die vlak van selfontbloting.
- Empatiese reaksies en identifikasies.
- Onderhandeling oor konflik, wat deur wedersydse akkommodasie en kompromie opgelos word.
- Wedersydse bevestiging van lieftalligheid.
- Genotvolle fisiese kontak deur middel van affeksie en seks. Waring beskryf seksualiteit as die mate waartoe seksuele behoeftes gekommunikeer en vervul word.

- 'n Unieke "ons"-identiteit wat deur gedeelde ondervindings verkry word. Waring se term "kohesie" vind hier aansluiting. Dit behels die gevoel van verbondenheid wat groei deur ervaring en die wedersydse versterking van identiteit soos gemanifesteer deur die aanvaarding van verskillende belangstellings, vriende, beroepe, stokperdjies, smake, style en vele ander. Volgens Waring moet elkeen egter 'n eie identiteit behou.
- Wedersydse bevestiging van beskikbaarheid tydens krisisse.
- Rolverwagtings van die self en die ander word bevestig deur die gedrag van die self en die ander. Dit hou verband met Waring se kriterium van verenigbaarheid, dit wil sê aktiwiteite pas by mekaar aan.
- Oop en onbeskaamde speligheid, sodat die speligheid as 'n dimensie van die volkomenheid dien.

Dit blyk uit bogenoemde dat intimiteit 'n baie breë begrip is. Sommige van hierdie kriteria word apart behandel as dimensies van gesinsfunksionering. Dit wys daarop dat al die dimensies verstrengel is en met mekaar verband hou. Behalwe dat intimiteit dus uit vele fasette (waaronder seksualiteit en affeksie) bestaan, is dit ook 'n produk van die wisselwerking tussen die innerlike of psige, en die fasilitering van interpersoonlike intimiteit. Dit is belangrik dat die huwelikspaartjie se onderlinge verhouding gekenmerk word deur intimiteit, en dat dit ook oorgedra sal word op die kinders, sonder dat die eie intimiteit verlore raak. Sodoende dien die gesin as leerskool vir die kind, wat dit makliker maak om later self 'n intieme huwelik en gesin te skep.

2.1.2.4 Afhanklikheid/Outonomie

Een van die probleme waarmee die ontwikkelende gesin te doen het, is die mate waarin die verskillende gesinslede van die gesin afhanklik moet bly, en of hulle verder aangemoedig moet word om outonomie te bereik.

Hovestadt <u>et al</u>. (1985) beklemtoom outonomie. Volgens hulle ontwikkel 'n gesonder gesin outonomie deur klem te lê op duidelike uitdrukking van gevoelens, die aanvaarding van persoonlike verantwoordelikheid deur elke lid van die gesin, respek vir ander familielede, 'n openheid teenoor ander in die gesin en deur die openlike hantering van skeiding en verlies.

Haley (1978) sien die bereiking van outonomie as een van die natuurlike ontwikkelingsfases waardeur die individu in 'n gesonde gesin behoort te gaan. In die goed funksionerende gesin begin die kind as afhanklike maar later verkry hy groter outonomie, bekwaamheid en persoonlike identiteit ten opsigte van die ouers, voordat hy die gesin verlaat om 'n eie gesin te begin. Waring (1984) stel dit kernagtig, naamlik dat outonomie die mate van sukses is waarmee onafhanklikheid van die gesin van oorsprong verkry is.

Heelwat aandag word in die literatuur aan die band met die ouers gewy. Framo (1976) lê klem op die behoefte aan beide nabyheid en skeiding in die verhouding met die ouers. Bowen (1978) sluit hierby aan wanneer hy die differensiëring van die self beklemtoon, veral deur die proses om die self bewustelik te verwyder van intense emosionele binding met die ouers. Die individu moet homself van die driehoekige band met die ouers losmaak. Die bevryding van hierdie verstrikkende band verhoog die vlak van selfdifferensiasie ten opsigte van die gesin van oorsprong, asook ten opsigte van die invloed van die gesin. Dit is veral belangrik aangesien die patrone van interaksie in die gesin van oorsprong in die latere verhoudings voortgesit word.

Individuering en outonomie is interafhanklike begrippe. Barnhill (1979) beskryf individuering as die proses waardeur elke lid van 'n gesin so ver kom om eie gedagtes, gevoelens en oordeel te vorm, onafhanklik van die ander gesinslede. Die persoon wat individualiteit bereik het, het vertroue in sy eie bekwaamheid, maar hy het ook die selfvertroue om hulp te kan vra waar nodig. Barnhill stel dat

outonomie, verantwoordelikheid, identiteit en eie grense almal deel van die indivudueringsproses uitmaak.

Glick en Kessler (1980) sien individuering van gesinslede as beide skeiding en nabyheid. Karpel (1985) verwys hierna as die definiëring van 'n "Ek" binne 'n "Ons". Die individu bly dus deel van die gesin, maar is nie verstrengel in of saamgesmelt met die gesin nie. Satir (1972) sien dit as die waardering van die eie waarde, wat daartoe lei dat die waarde van ander gesien en gerespekteer word. Individuering kan gesien word as die proses waardeur 'n persoon al meer differensieer van die verhoudingskonteks waarin hy betrokke is of was (Karpel, 1985). So byvoorbeeld kan die adolessent die ongeskrewe gesinsreël breek dat ma al die kinders se klere uitkies. Hierdie proses omsluit 'n menigte intrapsigiese en interpersoonlike veranderings wat in dieselfde rigting beweeg.

As individualiteit bereik is, word dit deur heelwat eienskappe gekenmerk (Glick & Kessler, 1980; Karpel, 1985). Dit kan beskryf word as 'n volwasse of ryp stadium in die ontwikkelingsgang van 'n verhouding. Meningsverskille en onsekerheid word verduur, en daar ontstaan vrye en spontane kommunikasie, asook respek en sensitiwiteit vir ander se subjektiewe wêreld. Daar is 'n afwesigheid van blamering asook die identifisering van die sogenaamde swartskaap. Al hierdie kenmerke dui op die integrasie van individualiteit en dialoog - die volwasse pole van "Ek" en "Ons" - sodat hulle mekaar aanvul en inderdaad waardeloos is sonder mekaar.

Outonomie en individuering beklemtoon dus eerstens die "Ek"-wees van elkeen in die gesin. Elkeen kan eie menings vorm en ook die vrymoedigheid hê om dié menings te lug. Dit sluit weer aan by die belangrikheid van kommunikasie in die gesin (vgl. 2.1.2.6). Kommunikasie impliseer die tweede aspek van outonomie en individuering, naamlik die "Ons". Alhoewel elkeen binne die gesin 'n eie individu is, is hy of sy dit binne die raamwerk van die gesin. Outonomie beteken nie die totale afskeiding van die res van die gesin nie, maar dit behels net so min samesmelting (fusie) of verstrengeling.

Hierdie dimensie van die gesin word dus enersyds gekarakteriseer deur die gewilligheid en die vermoë om verantwoordelikheid vir die self te aanvaar en andersyds deur verhoudings wat gebaseer is op differensiasie en nie op identifikasie nie (Karpel, 1985). Ackerman (1958, in Barnhill, 1979:95) som die band tussen eenwees en saamwees as volg op:

'n Gesonde, egte outonomie ontstaan slegs as 'n bevredigende en gesonde eenheid in stand gehou word. Saamwees en skeiding is kop en stert van dieselfde muntstuk. As daar geen saamwees is nie, is daar ook geen ware outonomie nie. Outonomie vervang nie eenheid nie, dit word daarby gevoeg.

2.1.2.5 Identiteit

Die bereiking van 'n eie identiteit hang nou saam met die kwessie van outonomie binne die gesin. Met outonomie en 'n eie identiteit word nie bedoel dat intimiteit of liefdevolle verhoudings binne die gesin uitgeskakel word nie. So stel Papouchis (1982) dat 'n intieme verhouding met die ouers waarskynliker word wanneer die adolessent geleidelik sekerder van sy eie identiteit en kapasiteit vir onafhanklikheid word.

Satir (1967) sien persoonlike en seksuele identiteit as die mees pertinente aspek van self-eenheid en as 'n integrasie van vele fasette:

- Die belewing van die moeder as 'n vrou.

- Die belewing van die vader as 'n man.

- Die waarneming van hoe die ouers mekaar behandel.

- Die belewing van hoe elke ouer, as verteenwoordiger van sy of haar geslag, die kind as lid van die eie geslag hanteer.

Bowen (1978), Haley (1976) en Satir (1967) verwys na rolomdraaiing of "spousification" (vgl. 2.1.2.1) as 'n verdere voortsetting van die afhanklikheidsprobleme van kinders. Die dogters in sulke gesinne word in hulle ontwikkeling van 'n eie outonome identiteit beperk. Hulle leer om die essensie van hulle persoonwees uit te buit vir feministiese en moederlike kwaliteite. Hulle is ook geneig om hierdie patroon met hulle eie kinders te herhaal . Morris (1982) sluit hierby aan. Volgens hom is moeders van veilige gebonde kinders gewoonlik positief met hul eie moeders geïdentifiseer. Die eie moeder word ervaar as sterk, versorgend en emosioneel beskikbaar. Deur middel van hierdie eienskappe by die moeder, verkry die kind die selfvertroue om 'n eie identiteit en outonomie te ontwikkel, sonder om die invloed en bystand van die moeder te ontken. Wanneer onsekerheid by die kind ontstaan, is die moeder emosioneel beskikbaar, maar sy dwing haarself nie die hele tyd op die kind af nie.

Dit blyk dus dat daar 'n onderlinge verband tussen identiteit en intimiteit bestaan. Erikson (1974) verwys na die fase van identiteit as voorafgaande tot intimiteit, maar hy dui tog op die wedersydse invloed van die twee fases. Hoe meer jy van jouself weet, hoe nader kom jy aan 'n ander persoon, terwyl die beste manier om van jouself te leer deur noue kontak met ander is.

Identiteitsvorming staan in wisselwerking met die meeste van die ander dimensies van gesinsfunksionering. Satir (1967) bring dit in verband met die belewing van rolle in die gesin; Bowen (1978), Haley (1976) en ander koppel dit aan afhanklikheid of outonomie, en Erikson (1974) verbind dit met intimiteit. Identiteit bly egter 'n dimensie op sy eie, en word inderdaad gesien as die belangrikste voorvereiste vir die ontwikkeling van die volwasse persoon. Roazen (1976, in

Dacey, 1979:65) het Erikson se beskrywing van die volwasse individu opgesom as 'n persoon wat

. verdraagsaam is met homself en met ander.

. ingeligte keuses kan maak; die moed het om alleen te staan en die take wat hy aanpak, kan bemeester.

. die visie het om nuwe realiteite te open en wat dus skeppend is en waagmoed aan die dag kan lê.

. die konflikte wat hy beleef, kan deurstaan.

. goed kan presteer, volgens die standaarde van diegene naby aan hom (vgl. ook Gerdes et al., 1981, se openbare identiteit, dit is sosiale rolle).

. een van sy dominante vermoëns tot 'n voltydse beroep uitbrei.

. kinderlik kan wees en menslik is veral wanneer hy speel.

Die ontwikkeling van identiteit word meer volledig in die afdeling "Die psigiese ontwikkeling van die adolessent/jeugdige" in paragraaf 2.2.2 bespreek.

2.1.2.6 Kommunikasie

Kommunikasie is 'n alomteenwoordige eienskap. Soos Watzlawick et al. dit stel: "One cannot not communicate" (1967:49). Barnhill (1979) sien suksesvolle kommunikasie in die gesin as die duidelike en suksesvolle uitruiling van inligting tussen gesinslede. Watzlawick et al. (1967) glo dat verhoudings in kommunikasie gemanifesteer word, deurdat die kommunikasie in die verhouding 'n goeie weerspieëling van die werklike aard van die verhouding gee.

Kommunikasie word primêr in die gesin van oorsprong aangeleer. Die gesin dien ook as opleidingsterrein vir duidelike en produktiewe kommunikasie (Haley, 1963 & 1978; Satir, 1972). Etlike teoretici sien kommunikasie as die kriterium vir funksionaliteit of disfunksionaliteit in die gesin. Satir onderskei tussen oop-sisteem gesinne (funksioneel) en geslote-sisteem gesinne (disfunksioneel). Die verskille tussen die twee lê in die areas van kommunikasie en verandering. Sy het gevind dat kommunikasie in disfunksionele gesinne vaag, indirek en nie regtig eerlik is nie (Satir, 1972). Watzlawick et al. (1967) sluit by Satir se siening van die sisteme aan. Hy bevraagteken die hele konsep van abnormaliteit en konsentreer daarenteen op oortollighede in die kommunikasie-interaksies binne die gesin. Sodoende word die gesin nie as "abnormaal" geklassifiseer nie, maar eerder as kommunikasie-defektief. As gevolg van sisteemfoute word onderlinge kommunikasie benadeel en word die kommunikasie deur onbenulllighede of te veel formaliteite gekenmerk, met die gevolg dat dit nie spontaan is nie.

Die term kommunikasie-afwykings is volgens Doane (1978) deur Singer en Wynne (1976) geskep. Hulle studies toon dat ouervorme en style van kommunikasie met denkversteurings in hul nasate verband hou. Kognitiewe en denkversteurings op die individuele vlak word as die eweknie van kommunikasie-afwykings op die interpersoonlike vlak beskou. Die mate waarin ouers misluk om doeltreffend te kommunikeer, hou na verwagting verband met die mate waarin die kind verward, verlore en beswaard word. Doane (1978) verwys na Wynne et al. (1958) se studie met 114 ouerpare en hul nasate wat van normaal tot erg skisofrenies gewissel het. Volgens die studie het ouers se kommunikasieversteurings met die graad van ernstigheid van die versteurings van hul nasate gekorreleer. Hulle het ook gevind dat kommunikasieversteurings by nie-skisofreniese ouers hoër as by hulle skisofreniese nasate was. Hierdie bevinding suggereer dat kommunikasieversteurings meer as net 'n blote manifestering van die psigotiese self is.

Bateson _et al_. (1956) het nog voor Wynne _et al_. (1958) die band tussen kommunikasieversteurings en skisofrenie ondersoek. Hulle het gestel dat skisofrenie ontstaan as gevolg daarvan dat 'n individu in 'n omgewing vol paradoksale boodskappe grootword. Sodoende kan hy later nie meer logies redeneer nie. Omdat die aard van boodskappe nie meer bepaal kan word nie, neem die persoon een van drie verdedigingshoudings in:

. Hy neem aan dat elke boodskap bedreigende bedoelings bevat (paranoia).

. Alle boodskappe word afgemaak as ontoepaslik en word afgelag (hebefrenia).

. 'n Poging word aangewend om alle boodskappe te ignoreer en sodoende onttrek hy hom van sosiale interaksie (katatonia).

Glick & Kessler (1980) beskou kommunikasie as bepalend van funksionaliteit in die huwelik. 'n Paartjie wat daaraan gewoond is om hulself in die verhouding uit te druk en toegelaat word om dit te doen oor relevante, betekenisvolle, interpersoonlike sake, staan 'n beter kans om die uitdagings van die gesinslewe te hanteer. Funksionele kommunikasie soos om seker te maak wat bedoel word, help verder om onduidelikhede op te klaar. Watzlawick _et al_. (1967) gebruik die term metakommunikasie om die situasie te beskryf waar die verhoudingsaspek van kommunikasie die inhoudsaspek daarvan klassifiseer. Ook Bateson _et al_. (1956) gebruik die term en beskryf dit as kommunikasie oor kommunikasie. Metakommunikasie wysig 'n boodskap. Dit kan 'n boodskap versterk, verdiep of weerspreek. Punktuasie is ook baie belangrik (Watzlawick _et al_., 1967). Dit kan van een persoon tot 'n ander verskil en sodoende die betekenis heeltemal verander. Dit is belangrik om op klem, bedoeling en interpretasie te dui.

Die feit dat sommige terapeute kommunikasie as die kriterium by die bepaling van disfunksionaliteit in die gesin gebruik, dui op die belangrikheid van hierdie dimensie van gesinsfunksionering. Aangesien kinders die patrone van kommunikasie in hulle gesinne van oorsprong aanleer, is dit belangrik dat kommunikasieversteurings aangepas word, sodat hierdie disfunksionaliteit nie oor geslagte oorgedra word nie. Kommunikasie behels ook metakommunikasie, waardeur die boodskap omskryf word. Kommunikasieversteurings kom dus ook in fyner nuanses na vore en dit is nie net die duidelike disfunksionele kommunikasie wat aandag vereis nie.

2.1.2.7 Ander

Daar kom nog 'n aantal dimensies uit die literatuur na vore, maar hulle geniet nie dieselfde aandag as dié wat reeds bespreek is nie. Heelwat waarheidsmomente kom tog in hierdie fasette voor en hulle word kortliks genoem.

- Aanpasbaarheid: Haley (1978) sien hierdie dimensie as sinoniem met normaliteit en hoe meer rigied die sisteem, hoe meer patologies is dit. Sy siening word deur Minuchin (1974) en Doane (1978) gesteun. Die funksionele gesin behoort aanpasbare patrone van interaksie te hê, terwyl dit in tye van krisis alternatiewe transaksionele patrone moet kan mobiliseer. Die gesin groei en gaan deur ontwikkelingstadia. As die gesin se manier van optrede nie buigbaar is nie, lei dit tot probleme as gevolg van die veranderende situasies wat hanteer moet word.

- Verhoudings met buitestaanders: Die gesin behoort intieme, kommunitatiewe verhoudings met buitestaanders te hê. In hierdie sin moet dit as't ware 'n "oop sisteem" wees (Adland, Gold & Goodwin, 1967, in Hansen & L'Abate, 1982:29; Satir, 1967). Deur middel van verhoudings met buitestaanders hou die gesin tred met die samelewing, waarvan dit deel is. Sodoende word stagnasie teëgewerk. Net soos die grense tussen generasies

in die gesin selektief deurlaatbaar moet wees, net so moet die grense ten opsigte van buitestaanders duidelik gedifferensieer maar ook deurlaatbaar wees (vgl. Bowen, 1978; Minuchin, 1974; Satir, 1967).

. Magstruktuur en dominansie: Beide is empiries as dimensies van gesinsfunksionering geïdentifiseer. Jacob (1975, in Levant, 1984) sien hiërargies gedifferensieerde magstrukture as onderskeidend tussen normale en versteurde families, terwyl die vader die meer dominante figuur moet wees. Die vader kan dus die leiding neem, maar dit beteken nie die onderdrukking van ander nie. Die kwessie van reëls hou verband met die gesagstruktuur, naamlik wie maak die reëls en wie dwing hulle af. Die vader behoort die reëls te stel en die gesag af te dwing, met die voorwaarde dat 'n mate van demokrasie deurentyd gehandhaaf word en dit nie in 'n diktatuur ontaard nie. Daar is ook 'n onderskeid tussen eksplisiete reëls, geïmpliseerde reëls en reëls wat die lede van die gesin sal ontken, maar wat tog deur buitestaanders waargeneem kan word (Glick & Kessler, 1980).

2.1.3 Meting en evaluering van gesinsfunksionering

Daar bestaan heelwat tegnieke en instrumente waardeur die gesin se funksionering gemeet en geëvalueer kan word. Hierdie verskeidenheid is 'n aanduiding van die kompleksiteit van gesinsfunksionering, en dit dui verder op die behoefte aan betroubare inligting oor die gesin. Die verskillende tegnieke kan in die volgende kategorieë verdeel word.

2.1.3.1 Selfbeoordelingsvraelyste

Selfbeoordelingsvraelyste meet hoofsaaklik nie-intellektuele sisteme van gedrag, soos emosies, houdings en belangstellings (Smit, 1981). Die vorm van die vraelys kan die voltooiingsvorm wees (die voltooiing van sinne of paragrawe), die waar/vals-vorm (beoordeling van 'n

stelling), veelvuldigekeuse-vorm (kies een van 'n aantal gegewe response), of die graderingsvorm (beoordeel die self ten opsigte van 'n gegewe sisteem).

Die volgende is enkele voorbeelde van selfbeoordelingsvraelyste aangaande die gesin:

- Gesin-van-Oorsprongskaal (GOS, Hovestadt et al., 1985)
- Personal Authority in the Family System (P.A.F.S., Bray et al., 1984)
- Persoonlike, Huislike, Sosiale en Formele Verhoudingsvraelys (P.H.S.F.)
- Interpersoonlike Verhoudingsvraelys (I.V.V.)
- Intra- en Interpersoonlike Verhoudingskaal (I.I.P.S., spesifiek vir swart leerlinge in standerds 9 en 10)

2.1.3.2 Projektiewe tegnieke

Projektiewe tegnieke word as 'n metode vir persoonlikheidsevaluering gebruik. "Die uitgangspunt is dat die individuele response op ongestruktureerde stimulu beïnvloed word deur die individu se behoeftes, motiewe, vrese en verwagtings" (Smit, 1981:154). Die volgende projektiewe tegnieke verskaf almal in 'n mindere of meerdere mate inligting aangaande die gesin.

- Die Rorschach-inkkladtoets, wat as 'n assosiasietegniek beskryf word.
- 'n Aantal konstruktegnieke kan aangewend word, waaronder die Tematiese Appersepsietoets (TAT), die Kinderappersepsietoets (CAT), die Columbus-toets, die Tematiese Appersepsietoets vir

Zoeloes (TAT-Z), die Bene-Anthony toets en die Gesinsverhoudingskaal.

. Die Sachs-sinsvoltooiingstoets en die Prentsituasietoets word as voltooiingstegnieke geklassifiseer.

. Die Kinetiese Gesinstekening kan as 'n voorbeeld van die ekspressietegnieke aangewend word.

. Ook keusetegnieke kan aangewend word, byvoorbeeld die Szondi-toets.

2.1.3.3 Observasie

'n Opgeleide terapeut kan betekenisvolle afleidings maak deur observasie van gedrag in spesifieke situasies. Hierdie situasies kan gestruktureer word deur die gebruik van spesifieke tegnieke, soos rollespel of die "Merschak Interaction Method." Daar kan ook minder gestruktrureerd te werk gegaan word, byvoorbeeld deur kinders in 'n speelkamer waar te neem, of afleidings kan uit gesinslede se optrede teenoor mekaar tydens 'n onderhoudsituasie gemaak word.

2.1.3.4 Die onderhoud

Die opgeleide terapeut kan tydens die onderhoudsituasie heelwat inligting aangaande die gesin bekom.

'n Onderhoud gaan gewoonlik met die afneem van biografiese inligting gepaard. Hierdie geskiedenis van die gesin kan 'n aanduiding gee van die sosio-ekonomiese stand, die geskiedenis van die huwelik (soos vorige huwelike of egskeidings), die aantal kinders en hulle ouderdom, en veel meer.

Uit hierdie inligting kan die terapeut soms probleemareas identifiseer en deur die stel van direkte vrae verder daarop ingaan.

Deur hierdie vrae word individuele lede van die gesin die kans gegun om hulle persoonlike sienings aangaande die gesinsfunksionering te lug. Die optredes, houdings en reaksies van gesinslede tydens hierdie situasie kan ook verdere inligting aangaande die gesinsdinamiek verskaf.

Daar bestaan dus 'n spektrum tegnieke waardeur inligting aangaande die huidige gesin asook die gesin van oorsprong verkry kan word. Elke tegniek het egter leemtes, soos byvoorbeeld die onbetroubaarheid van terapeutbeoordeling, of die tydsaamheid van sommige tegnieke. Vir die doeleindes van hierdie navorsing was die GOS uiters geskik, aangesien dit 'n wye reeks dimensies van die gesin se funksionering in ag neem, statistiese berekenings deur die totaal- en subskaaltellings moontlik gemaak word, die skaal maklik toepasbaar is, en dit ook teoreties goed gefundeer is. Laastens was dit nodig om die gesin van oorsprong te bestudeer, aangesien studente wat reeds die ouerhuis verlaat het betrek is, en aangesien transgenerasionele oordrag onder die loep geneem is.

### 2.1.4 Samevatting

Dit blyk telkens uit die bespreking van die verskillende dimensies dat daar heelwat onderlinge oorvleueling bestaan. Nie een van die dimensies is heeltemal losstaande nie; almal beïnvloed mekaar onderling.

Alhoewel hierdie dimensies nie in volgorde van belangrikheid bespreek is nie, maak dit tog sin om die definiëring van rolle as beginpunt te gebruik. Die definiëring van rolle is veral van belang ten opsigte van konflik en probleemoplossing deurdat elkeen weet wat van hom verwag word en wie as rolmodel dien. Hierdeur word identiteitsvorming wesenlik beïnvloed, en identiteitsvorming is weer 'n voorvereiste vir intimiteit. Die rol van kommunikasie kom weer sterk na vore ten opsigte van intimiteit (deur middel van gedeelde ondervindings) asook probleemoplossing (die hantering van konflik op 'n rasionele en

intellektuele manier). Die verkryging van outonomie hang nou saam met die fasilitering van identiteitsvorming, kommunikasie (die uitdrukking van gevoelens), definiëring van rolle (aanvaarding van eie verantwoordelikheid) en intimiteit (respek vir ander en die gesamentlike hantering van skeiding of verlies).

Deur aandag aan hierdie elemente te skenk, staan die gesin 'n redelike kans om "funksioneel" te kan opereer. Die gesin is egter so dinamies en het soveel fasette, dat hierdie enkele aspekte nie as die alfa en die omega van gesinsfunksionering gesien kan word nie - dit is immers nie die uitgangspunt nie. Dit is egter baie waarskynlik dat die individu wat uit 'n gesin kom waar al hierdie dimensies as redelik bevredigend ervaar is, 'n goeie fondament of basis sal hê waarop hy kan voortbou en dat hy 'n soortgelyke of beter funksionering in die latere eie gesin sal nastreef. Die individu wat hierdie agtergrond het, is heelwat beter toegerus vir die uitdagings van die jeug en die aanpassings wat 'n ernstige liefdesverhouding vereis. Die liefdesverhouding vereis dieselfde tipe dimensies as dié wat vir die gesin geld (vgl. afdeling 3 : Die liefdesverhouding) en dit is logies dat die persoon met outonomie, 'n eie identiteit, 'n kapasiteit vir intimiteit en goeie kommunikasievermoëns, 'n beter kans staan om 'n kwaliteitverhouding daar te stel as een wat nog met vraagstukke oor die gesin worstel.

Hier word egter nie van 'n toutologiese standpunt uitgegaan nie. Die mens bly nog steeds onvoorspelbaar en veral uiters aanpasbaar. 'n Bevredigende gesinslewe as kind is nie 'n paspoort tot idilliese liefdesgeluk nie, maar probleme in die verhouding het tog dikwels hulle oorsprong in die gesin.

Adolessensie en die jeugtydperk is 'n belangrike fase van die mens se lewe in die gesin van oorsprong. Die volslae afhanklikheid van die gesin wat 'n kenmerk van die kind se vroeëre bestaan is, word nou stadigaan verminder. Nuwe eise word aan die individu en aan die

gesin in die geheel gestel. Die ontstaan van eerste liefdesverhoudings kom tipies voor en seksuele ontwikkeling is op die voorgrond, sodat die dimensies van rolle en intimiteit in die gesin van oorsprong van besondere belang is. Dit is dus logies dat die sprong van die gesin na 'n eie ernstige liefdesverhouding deur 'n ondersoek na die individu se psigiese ontwikkeling tydens adolessensie gedek sal word, en dat besondere aandag gegee sal word aan die rol wat die gesin van oorsprong nog steeds speel.

## 2.2. ENKELE FASETTE VAN DIE ADOLESSENT EN JEUGDIGE SE PSIGIESE ONTWIKKELING

Die tydperk rondom adolessensie roep dikwels beelde van rebelsheid, seksuele eksperimentering, storm en drang en 'n verskeidenheid verhoudingsprobleme (onder andere met ouers, onderwysers en die teenoorgestelde geslag) in die verbeelding op. Die stereotipe negatiewe siening van hierdie tydperk wys op die veelvuldige probleme wat met hierdie fase in die mens se ontwikkeling geassosieer word. Dat hierdie siening nie 'n verskynsel van die 20ste eeu is nie, blyk uit wat Sokrates meer as 2 300 jaar gelede geskryf het: "The children now love luxury; they show disrespect for elders and love chatter in place of exercise. Children are tyrants, not the servants of their households. They no longer rise when their elders enter the room. They contradict their parents, chatter before company, gobble up dainties at the table, cross their legs, and tyranize over their teachers" (soos in D. Rogers, 1972).

Sommige skrywers huldig egter 'n positiewer siening. So sien Otto & Otto (1967:81) die tiener as 'n bron van regenerasie en hernuwing: "... the living symbol of man's unfolding possibilities - of the human potential actively engaged in the process of self-realization".

Daar is heelwat verskillende begrensings vir die tydperk rondom adolessensie. Medies gesproke begin adolessensie met die groei en hormonale veranderinge wat met seksuele rypwording geassosieer word en eindig wanneer geen groei meer plaasvind nie. Geregtelik gesproke eindig adolessensie wanneer volwasse verantwoordelikhede soos 'n bestuurderslisensie, huwelik of stemreg aanvaar word. Opvoedkundig gesproke is adolessensie die tydperk wat in die hoërskool deurgebring word, en Sielkundig gesproke word adolessensie gesien as 'n oorgangsperiode, waartydens kognitiewe, fisiese, sosiale en persoonlikheidsveranderings plaasvind. Die grense van adolessensie is noodwendig vaag, aangesien die definiëring

daarvan van soveel faktore afhang. So kan 'n skoolmeisie 'n moeder word en sodoende as seksueel ryp gesien word, maar sy benodig nog opvoedkundige en sosiale groei voordat sy as volwassene aanvaar word.

Alhoewel adolessensie in fases verdeel kan word, moet hier ook in gedagte gehou word dat daar 'n kontinuum bestaan en dat die begrensing van hierdie fases in terme van chronologiese ouderdom en ontwikkelingsmylpale arbitrêr is. Dit is egter belangrik dat daar wel 'n onderskeid gemaak word, aangesien laerskoolkinders aan die een kant van die spektrum aangetref word en universiteitstudente aan die ander kant.

. Puberteit begin gewoonlik tussen die ouderdomme van 9 en 13 jaar, terwyl seuns oor die algemeen twee jaar na meisies die fase betree. Volgens Malmquist (1978) begin die fase met die eerste fisiologiese veranderings wat hormonale veranderings vergesel. Dit kan gesien word as die oorgangstyd tussen latensie en adolessensie.

. Adolessensie volg direk op puberteit en duur gewoonlik tot op ongeveer 18 jaar. Wattenberg (1973) sien fisiese en sosiale veranderings as tiperend van hierdie fase. Primêre en sekondêre geslagskenmerke ontwikkel en die liggaam word seksueel volwasse. Op sosiale vlak is daar tipies die ontbinding van die vriendekring en 'n groter nabyheid op die een-tot-een vlak, tesame met 'n strewe na heteroseksuele verhoudings.

. Dit is veral moeilik om die jeugtydperk chronologies vas te stel. Dit volg direk op adolessensie, en behoort dus op ongeveer agtien jaar te begin en tot in die vroeë twintigs te duur. Heelwat fluktuasies kom egter voor, afhangende van die tempo waarteen die vorige fases afgehandel is. Hierdie tydperk is gewoonlik vry van die dramatiese veranderings van die vorige fases en kan as 'n plato-fase gesien word. Dit dien as finale voorbereiding vir volwassenheid.

Die tydperk rondom adolessensie word gekenmerk deur sekere uitdagings, ook bekend as ontwikkelingstake. Havighurst (1972)

onderskei agt ontwikkelingstake:

. Die ontwikkeling van nuwe en meer volwasse verhoudings met beide geslagte.

. Die daarstelling van 'n manlike of vroulike sosiale rol.

. Die aanvaarding van fisiologiese veranderings.

. Die aanleer van sosiaal verantwoordelike gedrag.

. Die ontwikkeling en bereiking van emosionele onafhanklikheid van die ouers.

. Die voorbereiding vir 'n beroep.

. Die voorbereiding vir 'n huwelik.

. Die ontwikkeling van 'n eie waardesisteem en etiese stelsel wat as riglyn vir gedrag kan dien.

Daar moet egter in gedagte gehou word dat hier na die jeugdige in die Westerse samelewing gekyk word. Margaret Mead (1928) het byvoorbeeld gevind dat adolessensie soos ons dit ken, nie bestaan in sommige kulture nie. In Samoa het sy gevind dat die dramatiese verskyning van seksualiteit soos gekenmerk deur die Westerse adolessensie, afwesig is.

Ons kan hierdie tydperk dus sien as 'n oorgangsfase waartydens dikwels dramatiese fisiese, psigiese en sosiale veranderings plaasvind. Dit is 'n fase van ontwikkeling. Vir die doel van hierdie studie sal aandag geskenk word aan die ontwikkeling in die rigting van heteroseksuele verhoudings en die rol wat die gesin van oorsprong in hierdie ontwikkeling speel. Ten opsigte van die gesin sal die invloed van die ouers asook dié van ander gesinslede ondersoek word.

## 2.2.1 Die belang van enkele gesinsfaktore

Tydens die adolessente en jeugtydperk is dit nie net die jongmens wat dramatiese veranderings ondergaan nie, maar word ook die gesin en ander sosiale bande beïnvloed. Die gesin help die adolessent deur 'n oorgangsfase en dien as 'n lanseerbasis vir die latere lewe. Gedurende hierdie tydperk speel die gesin 'n besondere rol, maar hierdie rol behoort mettertyd te verander. Volgens Havighurst (1972) volg die ontwikkelingstake van die jongmens deurgaans 'n bepaalde orde, naamlik die jongmens groei vanaf die gesin, na vriende, en daarvandaan na die breër samelewing. Die jeugdige moet dus weg van sy gesin en nader aan die breër samelewing beweeg.

Die huis word lank reeds as die basiese eenheid erken waarbinne die individu ontwikkel. Hierdie eenheid is ook die basis van sosialisering. Baie van die waardes, houdings en belangstellings wat van die individu se volwasse gedrag deel vorm het hul oorsprong in die vroeëre invloed van die huis en die gesin (Powell, 1971). Faktore binne die gesin kan dus die aanpassing van die individu in die samelewing beïnvloed en help bepaal hoe suksesvol die groeiproses na die samelewing toe sal wees.

### 2.2.1.1 Die ouers

Volgens Dacey (1979) word die taak van die ouer al hoe moeiliker. Omdat ouers oor veranderinge in die sosiale patrone bekommerd is, soek hulle al hoe meer raad in boeke, artikels en by voorligters. Hierdie "kenners" vererger dikwels die probleme deurdat hulle teenstrydige raad gee. So beveel die psigoanaliste aan dat die ouers meer aandag aan hulle kinders se fantasieë, vrese en drome moet gee, terwyl die behavioriste sê hulle moet daarvan vergeet en eerder wenslike gedrag beloon. Aangesien ouers nou ook meer verantwoordelik vir hulle kinders voel, deels as gevolg van kleiner gesinne en dus meer intense verhoudings (vgl. Bank & Kahn, 1982), word hulle meer onwillig om hulle ouerlike beheer prys te gee, selfs na die adoles-

sensie verby is, wat dan weer op sigself tot probleme lei. Uit die literatuur blyk dat veral die volgende aspekte van die interaksie tussen die ouers en die adolessent/jeugdige in die psigologiese ontwikkelingsproses van belang is.

(a) Die generasiegaping

McCandless & Coop (1979) verwys na twee Amerikaanse meningspeilings waar 66 % van die adolessente en 70 % van hulle ouers van mening was dat 'n generasiegaping wel bestaan. Dit blyk dat die meeste meningsverskille ten opsigte van patriotisme, seksualiteit, dwelmmiddels en sosiale aangeleenthede bestaan. Hierdie meningsverskille was egter eerder graadverskille van die twee generasies se houdings.

Bettelheim (1962) stel dat die adolessent oor sy doelwitte en toekoms verward is en nie weet wat van hom verwag word nie. Ouers het 'n emosionele behoefte aan kinders, maar hulle het nie 'n behoefte aan 'n onafhanklike jongmens nie. Sodoende bots die twee generasies na aanleiding van die jongmens se strewe na onafhanklikheid. Dit is dus eerder die probleme tussen die twee generasies as die probleme rondom adolessensie wat vir die ouers moeilik is om te hanteer.

In hierdie strewe na onafhanklikheid bevraagteken die jongmens die bestaande waardes. Volgens Sebald (1977) lei ouers permanent aan 'n kulturele agterstand. Hulle vind altyd later as hulle kinders uit wat byderwets is, byvoorbeeld ten opsigte van modes, musiek en taalgebruik. Aangesien die ouers ten opsigte van hierdie terreine onkundig is, maak die adolessent die afleiding dat sy ouers op alle terreine onkundig is. Wanneer die ouers nogtans aandring daarop om outoriteit oor hulle kinders uit te oefen, vind die jongmens dit irrasioneel. Die jeugdige het wel 'n mate van afstand van die ouers nodig vir identiteitsvorming (vgl. 2.2.2.2), maar Framo (1976) waarsku teen 'n te groot gaping tussen die generasies. Hy beklemtoon die belangrikheid van beide nabyheid en afstand in die ouer/kind-

verhouding. Wanneer die jongmens aanspraak maak op sy/haar identiteit sonder om terselfdertyd nabyheid aan belangrike ander persone (soos ouers) te behou, kan aliënasie en eensaamheid ontwikkel. Die gesin moet dus beide outonomie en intimiteit verskaf, sonder dat die generasiegaping wedersydse kontak in die wiele ry.

(b) Die ouers en die psigoseksuele ontwikkeling van die adolessent

Seksuele ontluiking is een van die mees voor-die-hand-liggende eienskappe van adolessensie. Dit is egter nie net die jeugdige wat met dramatiese seksuele verandering te doen het nie, maar dikwels ook die ouers. Rice (1981) noem dat die ouers van adolessente gewoonlik self in 'n tydperk van krisis is, naamlik die middeljare.

Die dogter se puberteit, met die aanvang van menstruasie en fisieke ontluiking, kan saamval met die moeder se menopouse, waar sy haar eie liggaamsveranderinge ondervind en die afname in haar eie seksualiteit betreur. Die seun se fisieke ontwikkeling en seksuele bewustheid kan die vader se eie krisis rondom sy viriliteit vererger.

Rice (1981) identifiseer twee uiterste maniere waarop ouers ten opsigte van die jongmens se seksuele ontluiking kan optree. 'n Verskeidenheid optredes is egter binne hierdie twee pole moontlik.

- Ouers kan hulle kinders onnatuurlik aanmoedig in hulle ontluiking. Sodoende kan die ouers hulle eie verlede herleef, wat selfs as 'n aanmoediging vir permissiwiteit gesien kan word.

- Die ouers kan ook hipersensitief raak en die kinders enige vryheid verbied en die seksuele ontluiking probeer verhoed. Die ouer kan so optree as gevolg van eie krisisse wat in die middeljare ervaar word, of as gevolg van 'n herlewing van die eie seksuele ontluiking (vergelyk ook 2.2.4).

Die model wat die ouers vir die adolessent daarstel het ook 'n spesifieke impak, aangesien die persepsie van 'n model 'n belangrike deel van identifikasie uitmaak. Malmquist (1978) wys onder andere op studies wat daarop dui dat 'n dominante vaderfiguur een van die kritieke faktore is vir seuns om met die vaderfiguur te identifiseer. Die dominante vader maak dit vir die seun makliker om sy identifikasie met die vertroetelende moeder te verskuif na identifikasie met die sterk vader wat begeerlike eienskappe besit. 'n Sterk identifikasie met die manlike geslagsrol is verder nodig vir suksesvolle heteroseksuele aanpassing.

(c) Die verhouding met die ouers

Wat die psigiese ontwikkeling betref, kry die superego volgens Freud (1953) sy finale beslag tydens adolessensie. Die superego ontstaan nie as gevolg van 'n begrip van hoe die wêreld regtig is nie, maar deur die idealistiese leringe van onder andere ouers en onderwysers. Volgens Freud is een van die belangrikste probleme van adolessensie die gevoel van verraad wat jongmense ervaar wanneer hulle sien dat hierdie morele opvoeders hulle geleer het om aan ideale te glo wat hulle self nie nastreef nie. Oor die algemeen is die moderne jeug beter ingelig as vroeër en betwyfel hulle makliker die waardes wat vir hulle voorgehou word. Volgens Dacey (1979) is die hedendaagse outoriteitsfigure self ook meer verward oor hulle eie ideale en waardes (as gevolg van voorvalle soos die Viëtnam-oorlog en die RSA se politieke situasie), en kan verwag word dat die adolessent 'n groter afkeur in die volwassene sal hê as voorheen.

Rank (1945) gaan ook van die standpunt uit dat die vroeë tienerjare deur 'n hewige kompetisie tussen interne en eksterne magte gedomineer word. Hy glo dat relatief min ouers die ontwikkelende wil van hulle kinders na waarde skat. Hy verwys na die sogenaamde "kreatiewe kind", dit wil sê waar die ouers altyd aan die kind se wil gehoor gee, behalwe wanneer dit op die regte van ander inbreuk maak, of sy eie veiligheid in gevaar stel. Volgens Rank is slegs hierdie kinders daartoe in staat om kreatief te wees, omdat hulle die waagmoed het om eerder op hulle eie oordeel staat te maak.

Hierdie vryheid van die kind word egter deur Jenkins (1969, in Dacey, 1979:165) gespesifiseer. Hy waarsku teen verwaarlosing en belangeloosheid wat tot delinkwente gedrag kan lei. Aan die ander kant kan oorkontrole (repressie van die kind se begeertes) tot 'n angstige en geïnhibeerde kind lei en verwerping (veral maternaal) kan 'n ongesosialiseerde, aggressiewe kind tot gevolg hê.

Sebald (1977) identifiseer ook 'n vorm van oorkontrole, wat hy "momism". noem. Dit verwys na die neiging van sekere moeders om hulle kinders, gewoonlik die seun, te gebruik om hulle eie neurotiese behoeftes en angste te bevredig. Die seun wat hieraan blootgestel is, neig om besluitloos te wees, met 'n minderwaardigheidskompleks, angstig, onverantwoordelik en met hoë vlakke van narsisme en egosentrisme.

Baie klem word gelê op die aanvaarding wat die adolessent vanaf die ouers beleef. Flaherty & Richman (1986) beklemtoon die invloed van vroeëre hegte verbintenis met die ouers op die psigiese ontwikkeling en op die aard van daaropvolgende verhoudings. Die individu se kapasiteit om ondersteunende volwasse verhoudings te handhaaf is afhanklik van die kwaliteit van vroeëre verhoudings met ouers van beide geslagte. Hul toetsdata wys dat ouerlike affektiwiteit, maar nie kontrole, beduidend korreleer met die kapasiteit om ondersteunende verhoudings te vorm. Bowlby (1979) sien die vereistes ten opsigte van die verhouding met die ouers as sterk en konstante emosionele ondersteuning gekombineer met aanmoediging en respek vir ontluikende outonome ontwikkeling. Dit word gestel as voorvereiste vir gesonde psigologiese ontwikkeling en die kapasiteit om volwasse verhoudings te vorm. Dit is egter nie net die ouers wat belangrike invloede op die ontwikkeling van die jeugdige uitoefen nie, maar ook ander kinders binne die gesin, oftewel die sibbe.

2.2.1.2 Die sibbe

Net soos die ouers 'n belangrike invloed op hulle kinders uitoefen, kan die kinders in 'n gesin mekaar se ontwikkeling op verskeie terreine beïnvloed . Die sibbe vorm die kind se eerste portuurgroep. Binne hierdie konteks leer die kind hoe om vriende te maak, hoe om

vyande te hanteer en hoe om erkenning te kry (Minuchin & Fishman, 1976). Die sibbe bied aan mekaar 'n logiese bron van sosialisering binne die gesin. Broers en susters se onderlinge band word soms vergelyk met die dinamiek van die vriendekring. Hier word ook groepsdruk, konformering en groepsidentiteit aangetref. Lojaliteit teenoor mekaar word vereis en die verhouding is tipies dinamies. Die band tussen sibbe word gesmee deur jare se gedeelde ondervindings van die vreugdes en smarte wat die gesin beleef. Alhoewel hierdie verhoudings dikwels intens is, kry dit baie min aandag in die literatuur, met die gevolg dat dit dikwels in geheimsinnigheid gehul is. Die volgende aspekte van die verhouding, veral soos dit gedurende adolessensie manifesteer, verdien egter aandag.

(a) Identifisering

Bank & Kahn (1982) wys op die fenomeen dat daar gewoonlik 'n spesiale band tussen twee spesifieke kinders in 'n gesin voorkom. In 'n groot gesin kan daar meer sulke pare voorkom, maar daar is gewoonlik twee kinders wat baie betrokke met mekaar is. Wanneer elke kind adolessensie bereik, verhoog die kanse op identifisering met veral een ander kind. Die adolessent vereenselwig hom dus met die ander kind se idees en optredes en probeer dit navolg. Haley (1979, in Bank & Kahn, 1982:51) wys daarop dat die kind wat geeneen het om so 'n koalisie mee te vorm nie, dikwels die hulpelose slagoffer van die koalisies tussen ander gesinslede word. So kan die enkeling die beskerming van 'n ouer broer nodig kry wanneer hy onder die dominering van so 'n koalisie ly. Die koalisie hou heelwat voordele in soos wedersydse ondersteuning en beskerming, asook uitgebreide sosialiseringsmoontlikhede.

Drie hoofgroepe identifikasiepatrone kan onderskei word (Bank & Kahn, 1982).

- Hegte identifikasie, waar elke persoon heelwat ooreenstemming en min verskille ten opsigte van 'n broer of suster ervaar.

- Gedeeltelike identifikasie, waar elke persoon beide ooreenstemming en verskille ten opsigte van 'n broer of suster ervaar.

- Verwyderde identifikasie, waar elke persoon heelwat verskille en min ooreenkomste met 'n broer of suster ervaar.

Beide die nabye en verwyderde tipes identifikasie is geneig om rigiede verhoudings te skep. In sulke gevalle wil albei die sibbe die verhouding hou soos dit is en verset hulle hul teen die verandering daarvan. Gedeeltelike identifikasie is meer buigbaar en begeerlik. Sulke broers of susters het meer emosionele toegang tot ander mense, sonder dat hulle hul onderlinge verhoudings - liefde of haat - voor enige iets anders stel.

Bank & Kahn (1982) stel dat hoewel die mens lewenslank emosioneel aan die broer of suster gebonde kan bly, daar ook 'n onoorbrugbare skeiding kan ontstaan as gevolg van persoonlikheidsbotsings of gebeure wat wedersydse vertroue in die wiele ry. Hulle beweer dat die soeke na 'n persoonlike identiteit met die soeke van 'n broer of suster ineengestrengel bly, hetsy deur gebondenheid of skeiding.

(b) Seksuele invloede

Menslike seksuele identiteit ontwikkel hoofsaaklik as gevolg van invloede van buite (Simon & Gagnon, 1970). Die psigoanalise en verwante teorieë beklemtoon die feit dat ouers die primêre invloed ten opsigte van seksuele identiteit is. Die sosiale-leerteorieë beklemtoon weer die kind se daaglikse sosiale omstandighede, veral gedurende vroeë adolessensie, sodat die jongmens deur middel van leerondervindinge in die omgang met ouers, vriende en die breë samelewing die eie geslagsidentiteit kan beproef. Die feit dat broers

en susters mekaar ook onderling op hierdie terrein beïnvloed, het egter in die verlede min aandag geniet.

Sibbe vind dikwels dat hulle model vir verhoudings met die teenoorgestelde geslag nie net van 'n ouer kom nie, maar ook van 'n gerespekteerde sib van dieselfde geslag. Gedurende laat adolessensie, kan die broer of suster 'n kragtige verwysingspunt wees in die konsolidasie van die seksuele identiteit. Die broer of suster kan dus die seksuele gedrag, gevoelens, uitdrukkings en voorkeure help versterk en inprent (Bank & Kahn, 1982).

Onderlinge identifisering het 'n noue verband met die seksuele identiteit. Aan die een kant is seksuele verwarring moontlik as gevolg van die onsuksesvolle navolging van 'n broer of suster. So kan die broer of suster ligweg flirteer sonder om seksueel betrokke te raak, terwyl die navolger nie die onderskeid kan tref nie en selfbeheersing oorboord gooi, wat kan lei tot onverwagte komplikasies en ontnugterings. Aan die ander kant kan die navolger 'n afkeer in die ander se gedrag in spesifieke situasies ontwikkel en as gevolg van veralgemening kan die neiging dan ontstaan om die bloedverwant se hele manier van seksuele uitdrukking te repudieer. Broers en susters kan mekaar ook bystaan deur raad te gee, mekaar moed in te praat, klere te leen of sosiale geleenthede te skep. So kan die ouer broer vir sy suster 'n afspraak reël met sy vriend, wat haar in staat stel om 'n funksie by te woon waartoe haar tydgenote nie toegang het nie. Seksuele onderrig en opleiding kan op so 'n manier baie meer informeel en ontspanne geskied as wat gewoonlik die geval met ouers is.

Seksuele kontak tussen 'n broer en 'n suster word deur Bank & Kahn (1982) in drie tipes verdeel.

- Seksuele spel, wat veral in die vroeë kinderjare voorkom. Finkelhor (1980) beskryf dit as aktiwiteite van jong kinders van

dieselfde ouderdom wat beperk is tot die vertoning en aanraking van geslagsorgane en wat aanhou vir kort periodes. Indien ouers geen poging aangewend het om seksualiteit te verduidelik nie, is die kinders dikwels aan hulleself oorgelaat om seksualiteit deur seksuele spel te ontdek.

. Broer/suster-liefde, wat dikwels uit die vroeër dae van spel en interaksie kan ontwikkel. Hierdie liefde kan dikwels ontwikkel as teenreaksie teen dit wat in die verhouding met die ouers gemis word. Freud (1930, in Bank & Kahn, 1982:162) noem dat broer/suster-liefde 'n onopgeloste oedipale liefde vir 'n ouer kan wees. Hierdie liefde kan egter heelwat meer as dit wees. Die emosionele afwesigheid van ouers kan die wedersydse afhanklikheid en seksuele nuuskierigheid onder broers en susters verhoog. Dit kan ook 'n reaksie van hulpsoek wees, as gevolg van afknouing en verwaarlosing deur die ouers. Sodoende kan die kinders hulle gevoelens van woede, hulpeloosheid en seksuele begeertes na mekaar verplaas. Sekere sibbeverhoudings toon sodoende 'n mengsel van aggressie en seksualiteit.

. Bloedskande is die volgende stap, waar heteroseksuele kopulasie tussen 'n broer en suster plaasvind. Finkelhor (1980) en Bank & Kahn (1982) haal verskeie statistieke aan waaruit dit blyk dat hierdie vorm van bloedskande ten minste vyf keer meer dikwels voorkom as dié tussen ouer en kind, en verder dat die minder as 13 % voorkoms onder 'n studentegroep as 'n onderskatting beskou kan word. Hierdie bloedskande kan of sadisties en oorredend van aard wees, waar een broer (of suster) die ander fisies of psigies tot omgang verplig, of dit kan deur wedersydse instemming plaasvind waar dit heelwat elemente soos erotiese plesier, lojaliteit, liefde en beskerming kan bevat.

Bank & Kahn (1982) postuleer dat die langtermyninvloed van bloedskande onder sibbe 'n meer uitgesproke effek op vrouens as op mans het. Die volgende probleemareas in die latere lewe kan geïdentifiseer word.

- 'n Gebrek aan vertroue in die broer(s) kom dikwels voor, alhoewel dit nie noodwendig hulle geneentheid teenoor die broers affekteer nie. Hierdie wantroue word gewoonlik na alle verhoudings met mans oorgedra. Die vroue ervaar dikwels angs as gevolg van die wantroue en hulle is onseker oor hulle kapasiteit vir intieme verhoudings.

- Alle vroue wat by Bank en Kahn se studie betrokke was, het 'n swak selfkonsep openbaar en hulle was depressief. Misbruik van veral dagga het baie algemeen voorgekom, sodat dit lyk of die vroue hulle van die self wou losmaak en die eie identiteit wou ontken. Baie van die vroue is deur hulle broers, dikwels uit verdediging teen homoseksuele neigings, gedwing tot seksuele omgang.

- Seksuele plesier het oor die algemeen voorgekom in die bloedskandige verhoudings waar albei lede daartoe ingestem het. Baie van die vroue in die studie kon egter nie seksuele bevrediging uit volwasse verhoudings kry nie as gevolg van swak keuses van minnaars of as gevolg van wantroue. Dikwels het die vrou ook 'n plaasvervanger vir haar broer gesoek. Promiskuïteit was ook algemeen deurdat die vrouens selfversekering deur aanhoudende, oordrewe seksualiteit gesoek het.

- In beide die huwelik en beroep funksioneer hierdie vroue onder spanning en met gebreke. Hulle benodig dikwels terapie om hulle deur te sien en ly gedurig aan depressie, masochisme, dissosiasie en selfbeswaddering. Die vroue beskryf hulle eie huwelike as marginaal, met probleme soos min intimiteit, swak kommunikasie en swak seksuele aanpassing.

(c) Konflik

Die verhouding tussen sibbe word dikwels deur "louter openhartigheid" gekenmerk. (Hurlock, 1967:591). Aggressie, selfs wanneer pynlik, verteenwoordig kontak, emosionele warmte en die teenwoordigheid van

'n ander. Sodoende kan emosioneel gedepriveerde adolessente deur middel van hulle broers en susters besef dat hulle in die oë van ander mense bestaan, deurdat hulle ander mense se reaksie ontlok. Deur middel van aggressiewe kontak tussen sibbe leer die kind ook om aggressie te deflekteer (sodat dit nie as 'n aanval op die karakter beleef word nie), en om dit slim te gebruik, om humor in te span, om oor te gee sonder om die self te verneder en om 'n ander te oorwin sonder om hom te verneder. Alles is vaardighede wat adolessente en jongmense later kan gebruik in verhoudings met maats, geliefdes en selfs eie kinders (Bank & Kahn, 1982).

Onderlinge konflik het egter ook 'n ander kant, soos Hurlock (1967) uitwys. Overte wrywing tussen sibbe ondermyn 'n gesonde ego-konsep waaraan die adolessent hard besig is om op te bou. Hierdeur word die gevoel van onsekuriteit verhoog.

Volgens Hurlock is die enigste oplossing vir konflik kommunikasie waardeur 'n emosionele katarsis bereik kan word. Hoewel kommunikasie beslis van kardinale belang is, identifiseer Bank & Kahn (1982) egter nog 'n paar maniere, soos byvoorbeeld geografiese verwydering. Gevoelens van jaloesie en afguns kan ook verminder word deur die ander persoon te devalueer, met ander woorde deur sy impak te verminder. 'n Teenoorgestelde oplossing is idealisasie, waardeur gedagtes van vergelding vermy kan word. Wanneer dit nie werk nie, beroep twee kinders hulle dikwels op 'n gemeenskaplike identifikasie met 'n geliefde ouer. Hulle sien aanvalle op mekaar dan as aanvalle op die gesinsolidariteit. Dikwels is een kind heelwat meer suksesvol as 'n ander, en dit is uiters belangrik dat hy hierdie gawes so sal hanteer dat dit nie vir 'n ander aanstoot sal gee of voortdurend minderwaardig laat voel nie.

Ten slotte blyk dit dat adolessente en volwasse sibbe mekaar se selfwaarde op veral drie terreine kan affekteer.

- Prestasie en sukses (hulle kan mekaar of aanspoor of afguns en minderwaardigheid kweek).

- Seksualiteit en skoonheid (so kan een suster se sigbare skoonheid en seksualiteit 'n minder aansienlike suster se minderwaardigheidsgevoelens versterk en haar selfs tot lesbiese verhoudings dryf).

- Sosiale verhoudings met tydgenote, buitestaanders en ander sibbe ('n baie ekstroverte bloedverwant kan so 'n ander se introversie versterk of die geleenthede skep vir die aanleer van sosiale grasie) (Ross & Milgram, 1982, in Bank & Kahn, 1982:219).

### 2.2.2 Intrapsigiese ontwikkeling

Onder intrapsigiese ontwikkeling by die jeugdige word aandag gegee aan selfkonsep en identiteitsvorming - twee verbandhoudende maar tog onderskeibare begrippe. Die bereiking van gesonde selfkonsep en identiteit word deur Havighurst (1975) as die sentrale oogmerk van die samelewing ten opsigte van die jeug gesien. Die adolessent streef na volwassenheid in die oë van die samelewing, en emosionele volwassenheid word as een van die kriteria van volwassenheid gesien. Weereens speel die gesin 'n onmisbare rol. Vir L'Abate (1976) beteken volwassenheid om soveel moontlik in die hede op te tree op die basis van 'n integrasie van ooreenstemmings en verskille met ouers en 'n geliefde. Die gesin van oorsprong kan dus die bereiking van volwassenheid, of intrapsigiese volwassenheid, belemmer of fasiliteer.

#### 2.2.2.1 Die selfkonsep

"Self-concept may be defined as concious, cognitive perception and evaluation by individuals of themselves; it is their thoughts and opinions about themselves" (Rice 1981:198). Volgens Erikson (1956) begin dit met 'n bewuswording van uniekheid, naamlik dat elke mens apart is van ander, 'n mens in eie reg.

Strang (1957:68 - 71) onderskei vier basiese dimensies van die self.

. Die basiese selfkonsep, wat op die adolessent se siening van sy vermoëns en sy status dui.

. Die tydelike selfkonsep, wat deur huidige of pas afgelope gebeure, soos kritiek op werk of mislukkings beïnvloed word.

. Die sosiale self, hoe hy dink ander hom sien, wat weer 'n invloed het op hoe hy hom self sien.

. Die ideale self, soos die adolessent graag wil wees. Dit moet egter 'n realistiese siening wees om tot selfaanvaarding, geestesgesondheid en bereiking van doelstellings te lei.

Dorothy Rogers (1972) sien die adolessent se selfkonsep as 'n bepalende faktor in soverre dit die adolessent se vermoë affekteer om sy persoonlike en nie-persoonlike omgewing te hanteer. As hy homself as suksesvol en bekwaam beskou, sal hy geneig wees om langer uit te hou wanneer hy probleme teëkom. Verder glo sy dat adolessensie self belangrik is vir die ontwikkeling van die selfkonsep. Gedurende hierdie periode word selfbeeld gekristalliseer en ook hersien. Die ontwikkelende ondervindings wat adolessensie karakteriseer lei tot voortdurende herevaluering van die self.

Die belangrikheid van die selfkonsep ten opsigte van verskeie terreine word deur Rice (1981:200-205) beklemtoon.

. Geestesgesondheid. Rice noem selfkonsep die "survival of the soul" en sien dit as die element wat waardigheid aan menslike bestaan gee. Hy het ook bevind dat daar 'n definitiewe korrelasie tussen geestesgesondheid en die verkryging van identiteit is. Die adolessent met 'n swak selfbeeld probeer dikwels die wêreld in die oë kyk deur 'n fasade voor te hou. Deur middel van hierdie kompenserende meganisme probeer die adolessent die gevoel van waardeloosheid oorkom. Hierdie

toneelspel plaas egter heelwat spanning op die persoon. Hierdie persone kan ook as liggeraak beskou word, aangesien hulle geweldig sensitief vir kritiek, verwerping of gevoelens van waardeloosheid is.

- Interpersoonlike vaardigheid. Aanvaarding van ander en aanvaarding deur ander hou met die selfkonsep verband. Volgens Gallatin (1975) is een van die tekens van moontlike versteurings tydens adolessensie die onvermoë om vriendskappe aan te gaan en mense te ontmoet. Adolessente met 'n lae selfbeeld word gewoonlik nie as leiers gekies nie, hulle is geneig om nie hulle opinies te gee nie, hulle word makliker beïnvloed, is meer eensaam en het dikwels 'n afkeer van ander as gevolg van hulle fundamentele selfminagting.

- Vordering op skool. Volgens Rice is daar 'n korrelasie tussen selfkonsep en prestasie. Hierdie twee faktore hou ook aan om mekaar te versterk. Die houding van belangrike mense, soos ouers, vriende en onderwysers kan ook die akademiese selfkonsep beduidend beïnvloed.

- Beroepsaspirasies. Jongmense wat na die meer uitgelese beroepe aspireer is geneig om 'n beter selfkonsep te hê. Diegene met lae selfkonsep neig ook na beroepe waar hulle nie self hoef leiding te neem of waar hulle gedurig onder toesig is nie. Sodoende vermy hulle kritiek en oordeel.

- Oortredings. Jeugoortreders is geneig om 'n laer selfbeeld te hê. Volgens Kaplan (1978, in Rice, 1981:204) herstel hulle hul selfrespek deur by groepe aan te sluit waar hulle die goedkeuring kry wat hulle nie by die res van die samelewing kry nie.

Die literatuur skenk heelwat aandag aan faktore wat tot die ontwikkeling van 'n positiewe selfkonsep kan bydra.

- Biologiese faktore. D. Rogers (1972) wys op die rol van oorerwing en liggaamstipe by persoonlikheidsontwikkeling, asook by geslagsvolwassenheid. Stereotipes kan daartoe lei dat die adolessent nie aan die verwagtings voldoen nie, kritiek verduur en sodoende 'n laer selfbeeld kry. Fisiese belemmerings en negatiewe liggaamsbeeld speel volgens Rice (1981) ook 'n rol.

- Ouers. Adolessente seuns met 'n goeie selfbeeld se ouers is streng maar konsekwent, hulle vereis hoë standaarde, maar hulle is ook buigbaar en hulle reëls is buigbaar onder sekere omstandighede (Graybill, 1978). Volgens Rice (1981) is warmte, besorgdheid en belangstelling sleutelelemente. Hierdeur kan ouers hulle kinders se selfkonsep positief beïnvloed. Hamachek (1976) het gevind dat adolessente dogters wat na aan hulle moeders voel, hulle self as vrymoedig, slim, rasioneel en in beheer beskou, terwyl dogters wat verwyderd van hulle moeders voel, hulself as rebels, impulsief, sonder takt en liggeraak ervaar. Erikson (1956) waarsku weer teen oor-identifikasie met die ouers, aangesien dit die ontluikende persoonlikheid kan versmoor deur die ego in te perk. Volgens Rice (1981) moet die moeder in die kind se onafhanklikheid en selfbeskikking glo, sodat haar dogter 'n positiewe selfkonsep kan ontwikkel. Deurdat die vader warm en belonend optree, help hy die dogter om haar vroulike rol te aanvaar. Sodoende is haar heteroseksuele aanpassing makliker. Net so behoort die seun te kan identifiseer met sy pa maar moet hy warm gevoelens kan deel met sy ma, ten einde gemaklike en aangename verhoudings met vrouens te kan hê (Hamachek, 1976). Rice (1981) sluit by die psigoanaliste aan wanneer hy sê dat seuns se verhoudings met hulle vaders en dogters se verhoudings met hulle moeders meer belangrik vir 'n toereikende selfkonsep is as sosiale stand.

- Sosiale stand. Die sosio-ekonomiese status van die ouers is volgens Rice (1981) op sigself nie genoeg rede tot 'n lae selfbeeld by kinders nie, alhoewel gesinne uit die laer klasse dikwels 'n laer selfbeeld het. Kinders met 'n goeie selfbeeld

kom wel voor in gesinne uit die laer sosio-ekonomiese klas wat 'n lae inkomste het, solank die ouers 'n goeie selfbeeld het. Ook het die groep waarin die kind geplaas word, 'n uitwerking. As 'n kind uit 'n laer sosio-ekonomiese klas byvoorbeeld na 'n skool van 'n soortgelyke stand gaan, behoort hy 'n beter selfbeeld te hê as wanneer hy in 'n skool beland waar kinders uit hoër sosio-ekonomiese groepe skoolgaan.

2.2.2.2 Identiteit

Dit blyk uit die ontwikkelingpsigologiese literatuur dat identiteitsontplooiing as 'n sentrale ontwikkelingstaak van die jeugtydperk uitgesonder word. Die meeste skrywers vind egter aansluiting by die standpunt van Erikson (1959 en 1974), naamlik dat die verkryging van identiteit 'n lewenslange proses is (vergelyk Gerdes et al., 1981; McCandless & Coop, 1979).

Identiteit verwys na die sienings, houdings, waardes en verwagtings waardeur die persoon as die "ek" geïdentifiseer word (Erikson, 1974; Hamachek, 1976). Ten opsigte van die begrip identiteit is dit belangrik om die individu se persoonlike uniekheid in gedagte te hou, wat voortspruit uit sy persoonlike geskiedenis soos hy dit self gesien het, asook sy identifikasie met 'n spesifieke groep (Erikson, 1959).

'n Baie eenvoudige definisie kom van Diane Arbus (1972, in Manaster, 1977:115). "We've all got an identity. You can't avoid it. It's what's left when you take everything else away." 'n Meer wetenskaplike omskrywing word verskaf deur Erikson (1974:165). Identiteit word as 'n gevoel van psigososiale welsyn beleef. Dit behels die gevoel om "tuis te wees in mens se eie liggaam" en om te weet "waarheen mens op pad is".

Erikson se siening van identiteitsvorming geniet steeds prominensie in die literatuur. Aangesien die uitkristallisering van 'n identiteit

gedurende die ontwikkelingsgang deur die diskontinuiteit van ontwikkeling ontwrig kan word, kan die proses gedurende die jeugtydperk in 'n krisis resulteer (Erikson, 1959 en 1974). Volgens Manaster (1977) is hierdie krisis in 'n groot mate 'n funksie van die ontwikkeling van formeel-operasionele denke op die hoër vlakke, soos abstraksies, hipoteses en logika. Dit is dus 'n noodsaaklike reïntegrasie van die sosiale en psigologiese ontwikkeling van die adolessent. Die persoonlike konstrukte van die self en die omwêreld word geherformuleer in meer abstrakte of formeel-operasionele terme. Dacey (1979) en Manaster (1977) stel dus dat nie almal identiteitsvorming as 'n krisis beleef nie, maar slegs diegene wat tot 'n hoë vlak van formeel-operasionele denke in staat is.

Dit blyk dus dat identiteitsontwikkeling nie eenvormig plaasvind nie. Marcia (1967) identifiseer vier wyses of stadia waardeur die bereiking van identiteit moontlik is. Die individu beweeg deur hierdie fases, maar nie noodwendig in 'n spesifieke volgorde nie (Vergelyk ook Erikson, 1974).

. Identiteitsverwarring. Die individu het nog nie 'n krisis beleef nie en het hom nog nie tot 'n identiteit verbind nie.

. Identiteitsafsluiting. Die individu het nog nie 'n krisis beleef nie, maar het 'n verbintenis ten opsigte van ideologieë en beroepe gemaak. Hierdie keuses is egter op die individu afgedwing, gewoonlik deur die ouers. Hy het dus gekonformeer.

. Moratorium. Die individu is in voortdurende krisisse en soek alternatiewe, maar het nog nie 'n verbintenis gemaak nie. Hy is gewoonlik verward, onstabiel, onvergenoegd en angstig.

. Volbrenging. Die individu het reeds heelwat krisisse beleef tydens die moratorium en het hulle opgelos. Die identiteitskrisis is opgelos deur middel van die evaluering van alternatiewe en deur self keuses te maak en redelik permanente verbintenisse te vorm.

Al voorwaarde vir die bereiking van die volbrengingstadium is dat die moratoriumstadium eers deurgewerk moet word. Ten slotte gee Muus (1975, in Dacey, 1979:45) 'n opsommende beeld van die individu met identiteitsvolbrenging:

Hierdie persoon het 'n sterker ego as diegene wat nog in die ander fases is, terwyl volwassenheid en stabiliteit sy gedrag kenmerk. Selfaanvaarding kom voor asook 'n stabiele selfdefiniëring en goeie evaluering van die self. Hy het nie noodwendig dieselfde waardes as die ouers nie, maar hierdie waardes is sterk en hy is gewillig om op grond daarvan op te tree, al is hy bewus van en aanvaar hy eie beperkings. Hy stel realistiese doelstellings en vaar goed met take wat onder stres uitgevoer word. Hy het 'n konsekwente oordeel wat nie van ander se opinie afhang nie, maar is tog buigbaar tydens interaksie met ander. Selfpersepsie stem ooreen met die persepsie van ander. Hy het 'n vader wat aanmoedig eerder as om te kontroleer. Hy het 'n baie effektiewe persoonlike interaksie en is tot intimiteit met ander in staat.

2.2.3 Psigoseksuele ontwikkeling

Erikson (1962) herken fisiese groei as die maklikste meetbare van die drie bronne van energie (beweging, kognisie en fisiese groei). Tydens adolessensie lei die lang verwagte genitale rypwording tot baie energie, met baie frustrasies wat daarmee gepaardgaan. 'n Menigte outeurs beskryf die fisiese ontwikkeling haarfyn (McCandless & Coop, 1979, Stevens-Long & Cobb, 1983, e.a). Wat hier van belang is, is egter die impak van hierdie fisiese rypwording op die psige.

Vir beide die organismiese en psigoanalitiese sienswyses verteenwoordig die fisiese veranderings 'n uitdaging vir die persoonlikheidsontwikkeling. Stevens-Long & Cobb (1983) noem dat die psigiese effek van die veranderings beste deur middel van die mediasie-effekmodel verklaar word. Daarvolgens is dit die kompleks oorsaaklike bande en veranderlikes soos kulturele verwagtings en sosiale kontrole wat die psige affekteer, eerder as

die fisiese veranderings per se, soos hormonale en ander fisiologiese bronne. Die samelewing stel dus nuwe norme en verwagtings na aanleiding van die fisiese rypwording, en dit stel nuwe eise aan die psige wat reeds met die ooglopende fisiese veranderings opgeskeep sit.

2.2.3.1 Die invloed op die selfbeeld

Die literatuur lê veral klem op hoe die selfkonsep deur fisiologiese veranderings beïnvloed kan word. Couvaras (1972:20) stel in die verband: "The 'self' is recognised as symbolized by the body". Stevens-Long & Cobb (1983) vind dat meisies hul selfkonsep sterker met hul fisiese voorkoms in verband bring as seuns. Hul vind ook aansluiting by Erikson wat voel dat die vermoë om ander aan te trek asook seksuele eksperimentering belangrike bronne vir die verkryging van 'n eie identiteit is. Rogers (in Rice, 1981:200) sien die eindpunt van persoonlikheidsontwikkeling as 'n basiese kongruensie tussen die fenomenologiese veld en ondervinding en die konseptuele struktuur van die self - 'n situasie wat vryheid van interne konflik en angs tot gevolg het.

Claussen (in McCandless & Coop, 1979:64) het gevind dat vroeë rypwording 'n bepalende faktor ten opsigte van status in die groep en verhoudings met die gesin is. Jeugdiges wat dus stadiger as hulle tydgenote ontwikkel, kan as gevolg van hulle agterstand angs ervaar. Oor die algemeen word dit vir die seun as voordelig beskou om rypwording vroeër te bereik. Hierdie seuns is gewoonlik fisiek groter en sterker as hulle tydgenote, wat hulle dikwels in leierposisies plaas. Ook op sportgebied blink hulle dikwels uit. Die gepaardgaande status en bewondering wat dit bied, doen hulle selfbeeld gewoonlik goed. Daar kan egter gepaardgaande probleme wees, indien die jongmens psigies nie in staat is om die verhoogde verantwoordelikhede te hanteer wat sy verhewe posisie hom bied nie. Die dogter wat vroeër rypword het met meer negatiewe konnotasies te doen, aangesien haar seksualiteit lei tot aandag wat die vriendinne nog nie geniet nie.

Die vriendekring kan afgunstig wees teenoor die een wat vroeër as hule met heteroseksuele verhoudings begin, met die gevolg dat hierdie jongmens soms tussen twee vure sit en nêrens tuis voel nie. (Vergelyk McCandless & Coop, 1981, en Rice, 1981.)

Voorligting is noodsaaklik vir die adolessent ten einde te besef dat hoewel verskillende tempo's van rypwording tussen verskillende adolessente voorkom, die effek daarvan gewoonlik voor die einde van adolessensie uitgekanselleer word. Voorligting is ook van belang ten einde die psigiese impak van die eerste menstruasie of ejakulasie te verlig. So het inligting oor masturbasie daartoe gelei dat dit meer aanvaarbaar geword het, en die vrese en bygelowe daaroor is grootliks uit die weg geruim. Stevens-Long & Cobb (1983) sê verder dat masturbasie en spel met dieselfde geslag (onderskei van homoseksuele omgang) natuurlike treë in die rigting van seksuele volwassenheid is. Die nuutgevonde seksuele energie (soos Erikson dit stel) kan sodoende gekanaliseer word.

#### 2.2.3.2 Die invloed van die ouers

Voorligting kan ten beste deur die ouers verskaf word. Deur die vroegtydige verskaffing van inligting kan die emosionele impak van vervroegde of vertraagde rypwording, menstruasie of ejakulasie - wat uiters belangrik ten opsigte van die adolessent se selfbeeld is - verlig word. Verder word die selfbeeld beïnvloed deur die idee van 'n ideale liggaam, deur middel van ondervindings, persepsies, vergelykings en identifiserings, beide eg en gefantaseerd. Deur middel van 'n kyk, 'n opmerking of die gedurige uitspreek van bekommernisse kan ouers die jongmens se angs aangaande seksuele minderwaardigheid vererger (McCandless & Coop, 1979).

Indien die adolessent se psigoseksuele aanpassing traumaties was, bemoeilik dit weer die heteroseksuele aanpassings, wat die volgende natuurlike uitdaging vir die jeugdige is.

2.2.4 Heteroseksuele verhoudings

Volgens Rice (1981) en D. Rogers (1972) is daar twee stadia wat heteroseksualiteit voorafgaan.

- Autoseksualiteit - waar die jong kind se plesier in homself lê. Die adolessent behoort egter verby hierdie stadium te wees.

- Homoseksualiteit - waar die kind van laerskoolouderdom se plesier in spel met sy eie geslag lê. Volgens Simon & Cagnon (1970) gaan elke normale kind deur hierdie fase. Volgens die psigoanalitiese teorie is homoseksualiteit voor puberteit normaal; daarna dui dit op vertraagde ontwikkeling.

- Heteroseksualiteit is 'n volwasse stadium van ontwikkeling waar die individu sy plesier en vriendskappe in albei geslagte vind.

Wat is die motief vir seksualiteit? Sebald (1977) stel ses motiewe voor.

- Behoefte aan intimiteit. Hierdie behoefte bots dikwels met behoeftes vir onafhanklikheid en selfbeskerming, maar wanneer dit nie bevredig word nie, kan dit tot depressie lei. Baie jeugdiges glo dat seksualiteit tot intimiteit kan lei.

- 'n Behoefte om te behoort (aan). Dit hang saam met die behoefte aan identifikasie. Baie jongmense gee aan groepsdruk gehoor deur in verhoudings betrokke te raak.

- 'n Behoefte aan mag. Dit kan manifesteer in manlike dominasie en vroulike manipulasie. Op 'n meer volwasse manier word dit bevredig deur die gevoel van belangrikheid wat verkry word wanneer die geliefde se behoeftes bevredig word.

- 'n Behoefte aan ondergeskiktheid. Dit hou verband met mag. Ons hou daarvan om "versorg" te word.

- Nuuskierigheid. Dit is natuurlik vir die jongmens om meer oor sy seksuele gevoelens te wil uitvind.

- 'n Behoefte aan hartstog en ekstase.

Volgens Sebald is daar drie voordele aan seksuele passie verbonde. Intense bewustheid van die self, intense bewustheid van die ander persoon, en bevestiging van die twee mense se belangrikheid vir mekaar.

Volgens Dacey (1979) is die spelerigheid wat hofmakery kenmerk 'n belangrike ontsnapping van die laste van volwasse verantwoordelikheid. Alhoewel die samelewing heteroseksuele verhoudings goedkeur, is daar heelwat morele waardes wat die vryheid van die paartjie beperk. Hierdie waardes word egter nie net deur die ouers en volwassenes bepaal nie, maar die jeugdige is geneig om te konformeer tot standaarde wat in sy groep geld. Sorenson (1973) het 200 Amerikaanse adolessente in die ouderdomsgroep 13 tot 19 uit 'n verskeidenheid sosio-ekonomiese groepe oor hulle seksuele gewoontes ondervra. Een-en-veertig persent van die seuns en 55 % van die dogters was nog maagde terwyl 24 % van die seuns en 6 % van die meisies seksueel baie aktief was en tydens hulle adolessensie met gemiddeld 16 persone omgang gehad het. Volgens Sorenson begin die gemiddelde adolessent se seksuele aktiwiteit op 16 en tot 13 % het hul eerste omgang voor die ouderdom van 13 gehad. Volgens D. Rogers (1972) verskil seksuele aktiwiteit ook binne verskillende Westerse kulture, met Engeland en Noorweë byvoorbeeld meer permissief as Kanada en die VSA.

Die adolessent kan hom ook tot 'n verhouding verbind omdat hy van sy ouers vervreemd voel. Duvall (1964 in McCandles & Coop, 1979:280) stel dat hy in die verhouding sy emosionele behoeftes kan bevredig en sodoende vir die ouers kan wys dat hulle nie meer benodig word

nie. Sy het ook gevind dat 'n afkeer aan die ouers se huwelik daartoe lei dat die adolessent 'n ander tipe verhouding probeer daarstel.

Die nuutgevonde seksualiteit van die jeugdige en die afparing met een persoon van die teenoorgestelde geslag kan ook binne die vriendekring stremming veroorsaak. Volgens McCandles & Coop (1979) voel die vriende wat nog nie soortgelyke verhoudings het nie dikwels in die steek gelaat en ook afgunstig. Hofmakery bring die dreigement van seksualiteit na vore. Waar jong adolessente voorheen die veiligheid van partytjies en sport met dieselfde geslag gehad het en die teenoorgestelde geslag duidelik buitestaanders was, word die sosiale teenwoordigheid en beskikbaarheid van die teenoorgestelde geslag vir party jeugdiges 'n bron van bekommernis, en kan dit tot 'n gebrek aan selfvertroue lei.

Heteroseksuele vaardighede is 'n groot hulp vir die jeugdige ten einde 'n verhouding met selfvertroue te kan benader. 'n Positiewe selfkonsep, wat onder andere deur biologiese faktore, ouers en sosiale stand gevorm kan word (vgl. 2.2.2.1), kan as voorvereiste hiervoor gesien word (D. Rogers, 1972; Rice, 1981; Hamachek, 1976). Identiteitsvorming kan ook as voorvereiste vir die intieme verhouding beskou word (Erikson, 1974).

Heteroseksuele vaardighede kan egter ook op 'n direkte manier aangeleer word. Die behavioristiese benadering lê veral klem op die belangrikheid van sosiale vaardighede (Bell et al., 1985; Brown & Christensen, 1986). Die jeugdige kan hierdie gedrag aanleer bloot deur middel van die voorbeeld wat deur die ouers in hul huweliksverhouding gestel word. Ouers kan ook hulle kinders van jongs af laat sosialiseer sodat vaardighede reeds met die spel tussen jong kinders aangeleer kan word, en die teenoorgestelde geslag nie later as 'n vreemde fenomeen aangedurf hoef te word nie (Manaster, 1977; McCandless & Coop, 1979). Die ouers kan ook deur middel van gesprekvoering en raad die jeugdige se kennis en vaardighede verryk.

So kan die pa aan sy seun die voordeel bied van sy jarelange ondervinding deur wenke te gee, slaggate uit te wys en geleenthede te skep (soos die leen van die gesinsmotor).

Broers en susters kan ook 'n rype bron van kennis wees, veral vir die jonger kind. Ouer sibbe se leiding en aanmoediging kan verskeie vorme aanneem, soos raad oor die kleredrag, wat om te doen in sekere situasies, en selfs die reël van sosialiseringsgeleenthede (Bank & Kahn, 1982). Hersen et al. (1982) stel dat die gesin van oorsprong, bloot as gevolg van die primêre bron van sosialisering wat dit is, sosiale verhoudings buite die gesin affekteer. Deurdat die jeugdige 'n ryk verwysingsbron van verhoudings saam met hom in die verhouding inneem, is heteroseksuele vaardighede reeds in 'n groot mate gevestig.

### 2.2.5 Samevatting

Die tydperk rondom adolessensie kan in drie opeenvolgende fases verdeel word, naamlik puberteit, adolessensie en die jeugtydperk. Hierdie tydperk word deur sekere ontwikkelingstake gekenmerk, onder meer die verwerking van fisiologiese verandering, daarstelling van volwasse verhoudings met die teenoorgestelde geslag, losmaking van die ouers en die voorbereiding vir 'n huwelik. In die proses van wegbeweeg vanaf die gesin na die breër samelewing (en dan veral na liefdesverhoudings) speel die gesin 'n wesenlike rol.

Die generasiegaping kan tot 'n problematiese verhouding tussen die ouers en die jeugdige lei. Botsende belange en behoeftes (soos die strewe na onafhanklikheid) en verskillende waardes kan 'n gebrek aan wedersydse begrip tot gevolg hê. Aangesien ouers tydens die middeljare dikwels self probleme op seksuele gebied ervaar, kan dit ook die seksuele ontluiking van die adolessent beïnvloed, terwyl die ontwikkeling van outonomie en besluitnemingsvaardighede ook problematies kan wees. Dit kan vir die ouers moeilik wees om 'n

ewewig tussen vryheid en kontrole te vind. Die ouers moet riglyne kan verskaf, terwyl die jeugdige ook 'n behoefte aan kreatiewe vryheid het (vgl. 2.2.1.1).

Die rol van broers en susters in die ontwikkeling van die jeugdige kom veral ten opsigte van identifisering, seksualiteit en konflik na vore. Die invloed van sibbe is veral intens wanneer die jeugdige ouerlike deprivasie beleef. In so 'n sitausie gebruik sibbe mekaar as primêre invloede vir die soeke na persoonlike identiteit. Wanneer ander verhoudings - met ouers of geliefdes - emosioneel vervullend is, word die band met sibbe minder belangrik. Wanneer intense verhoudings tussen sibbe geaktiveer word, kan die verhoudings ondersteunend of skadelik wees, afhangende van die omstandighede van die gesin, die persoonlikhede van die sibbe en die houdings en handelinge van die ouers. Sibbe kan mekaar dus onderling beïnvloed, by mekaar leer en mekaar se selfwaarde affekteer (vgl. 2.2.1.2).

Die bereiking van emosionele volwassenheid is vir die jeugdige van kardinale belang. Selfkonsep en identiteitsvorming vorm die kern van hierdie ontwikkeling. 'n Gesonde selfkonsep is veral belangrik vir bevredigende interpersoonlike verhoudings. Die selfkonsep word veral beïnvloed deur die ouers, tesame met biologiese en sosiale faktore. Dit is belangrik dat die ouers 'n atmosfeer van warmte en ondersteuning daarstel, met duidelike dog buigbare reëls (vgl. 2.2.2.1).

Identiteitsvorming verskil van selfkonsep veral ten opsigte van die toekomsgerigtheid daarvan, met ander woorde "waarheen is ek op pad". Die individu se identiteit bepaal hoe hy die self sien, wat weer die wyse beïnvloed waarop hy ander sien. Identiteit is nodig om volwasse teenoor ander op te tree, om waarlik intiem te kan wees met ander en om effektiewe interpersoonlike interaksie te kan bereik (vgl. 2.2.2.2).

Die impak wat die dramatiese fisiese veranderings op die jeugdige se psige uitoefen, kan ook deur die ouers en die huisgesin beïnvloed

word. Voorligting en leiding kan ten beste binne die ouerhuis verskaf word, en daarvoor is 'n oop, kommunikatiewe verhouding noodsaaklik. Die jeugdige het leiding nodig om die veranderings en nuutverkreë seksuele energie ten beste te kan verwerk en op 'n volwasse wyse in heteroseksuele verhoudings te kan kanaliseer (vgl. 2.2.3).

Die hantering van heteroseksuele verhoudings word deur die psigiese ontwikkeling van die jeugdige en die verhouding met ouers en gesinslede geraak. Suksesvolle aanpassing op die gebied vereis voorafgaande psigiese groei soos identiteitsvorming, wat 'n voorvereiste vir 'n ware intieme verhouding is. Verskeie behoeftes kan deur die verhouding bevredig word, en die verhouding self kan terapeutiese waarde inhou en 'n rol speel in die bereiking van volkome menswees (vgl. 2.2.4).

Die liefdesverhouding is 'n natuurlike en sosiaal gesanksioneerde stap in die ontwikkelingsgang van die mens. Soos Dacey (1979:27) dit stel: "A person has successfully achieved the goals of adolescence only when he or she is able to engage in a truly intimate relationship with another". Soos hierdie afdeling getoon het, is die voorafgaande psigiese ontwikkeling van die jeugdige van besondere belang ten einde 'n bevredigende verhouding daar te kan stel. Die gesin kan weer die psigiese ontwikkeling fasiliteer of strem. In die volgende afdeling word gewys dat die direkte invloed van die gesin op die liefdesverhouding allerweë erken en beklemtoon word.

## 2.3 DIE LIEFDESVERHOUDING

### 2.3.1 Begripsomskrywing

'n Oorsig van die literatuur dui daarop dat daar al heelwat pogings aangewend is om die liefdesverhouding te definieer. Duvall & Miller (1984:88) handhaaf 'n breë definisie: " ...some event or activity ... by two or more persons of the opposite sex". Waller & Hill (1951) onderskei tussen die begrippe "dating" en "courtship". "Dating is not true courtship, since it is supposed not to eventuate in marriage; it is a sort of dalliance relationship". Hier word dus 'n onderskeid gemaak tussen "uitgaan" of "vryery", en 'n dieper verhouding, wat die huwelik as moontlike einddoel het.

Combrink (1970) gebruik die term "sleep" en onderskei terselfdertyd tussen "vas sleep" en "sleep" in 'n losser verband. ("Sleep" is 'n tipiese studenteterm wat veral algemeen in die Transvaal aangetref word. Dit is waarskynlik afkomstig van die spreekwoord "vlerksleep".) Hierdie terme kan onderskeidelik met "courting" of "courship", en "dating" of "precourtship" vergelyk word.

Duvall & Miller (1984) maak ook 'n fyner onderskeid wanneer hulle drie elemente in die normale patroon van die liefdesverhouding identifiseer.

- "Casual dating", waar die jongmens nog die sake uitkyk en nie in 'n vaste verhouding met 'n spesifieke persoon betrokke raak nie.

- "Regular dating" waar 'n paartjie gereeld met mekaar uitgaan en gewoonlik heeltemal ophou om met ander individue uit te gaan. Wanneer hierdie verhouding vir beide betrokkenes bevredigend is, word die verhouding al meer eksklusief en stabiel.

- "Steady dating" behels 'n ernstiger, eksklusiewe tweetal. Definitiewe verwagtings word aan mekaar gestel, waarvan eksklusiwiteit seker die prominentste is. Hierdie stap word

gewoonlik deur verlowing gevolg. Hierdie indeling kan vergelyk word met Combrink (1970) se terme "glad nie sleep", "nie vas sleep nie" en "vas sleep" (vgl. 2.3.3).

Vir die doel van hierdie studie is veral die ernstige liefdesverhouding van belang, wat deur die Engelse term "courting" die beste omskryf word. "Courtship may be defined as the set of processes of association among the unmarried from which, in time, permanent matings usually emerge " (Waller, 1952:66). Spesifieke aandag word ook aan liefdesverhouding onder studente gewy.

2.3.2 Die aard van die verhouding

Voordat dieper op die verhouding self ingegaan word, is dit belangrik om daarop te let dat die verhouding soos dit hedendaags daar uitsien 'n relatief resente ontwikkeling is.

2.3.2.1 Historiese oorsig

Gedurende die twintigste eeu het die wyse waarop jongmense met mekaar verkeer heelwat verander, en die manier waarop die verhouding ontstaan en ontwikkel het gevolglik ook verander.

Eerstens het die moderne jeug baie meer kans vir informele heteroseksuele kontak. Heelwat redes bestaan hiervoor, soos die feit dat gemengde skole eers met die oorgang van die eeu algemeen aanvaarbaar geword het. Industrialisasie en die daarmee gepaardgaande verstedeliking het daartoe gelei dat meer mense in dieselfde buurt en skool bymekaar gebring is. Meer vrye tyd het ontstaan, wat met minder ouerlike toesig gepaardgegaan het. Meisies het ook gouer buite die huis sosiaal betrokke geraak. Dit blyk dat heteroseksuele sosiale kontak op universiteit eers na die Eerste Wêreldoorlog vry algemeen begin voorkom het. Ook die beskikbaarheid van die motor, telefoon, bioskope en danse het die jongmens van baie meer geleenthede vir sosiale kontak voorsien (Duvall & Miller, 1984; McCabe, 1984).

Tweedens het die destydse patroon van ontwikkeling in die paartjie se

verhouding grootliks verval. Die vaste patroon ten opsigte van die vordering in intimiteit en verbondenheid het baie meer buigbaar geword. Seksuele omgang behoort nie meer eksklusief tot die latere fases van die verhouding nie, en daar bestaan moontlikhede soos saamwonery of proefhuwelike. Baie jongmense het dus 'n keuse of hulle hul verhouding op die tradisionele lees wil skoei al dan nie.

Derdens het die hele proses van hofmakery baie meer informeel geword. Die paartjie hoef nie meer deur middel van familie aan mekaar voorgestel te word nie. Dit is ook dikwels nie vir die man nodig om 'n formele afspraak te maak om uit te gaan nie. Jongmense kan mekaar toevallig raakloop by 'n gesamentlike byeenkoms, terwyl die meisie ook meer die inisiatief gegun word om self 'n afspraak te reël. So word dit op universiteit van die meisie verwag om self te reël vir 'n metgesel om haar na haar koshuisdinee te vergesel. Dikwels word 'n sosiale aand nie eens as 'n afspraak beskou nie. Die paartjie gaan slegs saam na 'n informele sosiale geleentheid, en het geen verpligtings teenoor mekaar nie.

Vierdens het die redes vir 'n verhouding verander. Die verhouding word nie gesien as 'n noodwendige voorspel tot die huwelik nie, maar dit het dikwels heelwat meer funksies (vgl. 2.3.2.2) (Duvall & Miller, 1984; Rice, 1983; Saxton, 1982).

2.3.2.2 Funksies van die voorhuwelikse verhouding

Die literatuur identifiseer 'n verskeidenheid funksies wat die liefdesverhouding vir die jongmens vervul. Afhangende van die ernstigheid van die verhouding, kan die klem ten opsigte van die belangrikheid van die verhouding verskuif. Sommige verhoudings bied bloot rekreasie of sosialisering, terwyl ander verhoudings diepere intrapsigiese funksies vervul, soos intimiteit, of dit kan 'n bydrae tot identiteitsvorming lewer. Juis as gevolg van die ontwikkelingstadium waarin die jeugdige (en spesifiek die student) hom bevind, is die invloed van die verhouding op die psige so belangrik. "This (17 - 23) is a period of universal search among all young people, whether or not they happen to be university students, to discover themselves in relation to others " (Cowen, 1969, in Combrinck, 1970:70).

(a) Rekreasie

Rekreasie is die mees voor die hand liggende rede vir die daarstelling van 'n verhouding. Bloot deur saam uit te gaan bied dit vir die paartjie ontspanning en plesier. Dit is 'n vorm van vermaak en dus 'n doel op sigself. Rekreasie word veral deur jonger paartjies as 'n prioriteit gesien. Bell & Coughly (1980) en McCabe (1984) het in onafhanklike studies gevind dat die gemiddelde ouderdom vir die eerste ernstige verhouding oor 'n tydperk van ongeveer 30 jaar afgeneem het met tot 3 jaar, sodat die gemiddelde ouderdom in Amerika nou ongeveer 16 jaar is. Hierdie neiging na verhoudings op 'n vroeër ouderdom beklemtoon die belangrikheid van rekreasie in die verhouding. Die feit dat albei ouers in baie gevalle werk en die gebrek aan gesonde sosialisering en rekreasie binne die gesin kan 'n verdere bydrae tot die soeke na rekreasie in 'n interpersoonlike verhouding maak. Die liefdesverhouding is 'n logiese bron ter vervulling van hierdie funksie.

(b) Sosialisering

Die verhouding is 'n uitnemende bron vir die aanleer van heteroseksuele vaardighede. Daar word ervaring opgedoen wat selfvertroue kan verhoog. Selfvertroue is weer noodsaaklik vir die vrymoedigheid om geleenthede te skep en toenadering te soek. Deur hierdie sosialisering word geskaaf aan vaardighede soos gesprekvoering, die belangrikheid van samewerking kom na vore en daar kan 'n bewustheid ontwikkel van die belangrikheid daarvan om mekaar in 'n verskeidenheid situasies te konsidereer.

Latere en meer ernstige verhoudings kan baat vind by die ondervinding wat tydens vroeëre verhoudings opgedoen word. Die jeugdige kan binne die verhouding leer wat vir die ander geslag belangrik is, of watter vereistes self aan die verhouding en persoon gestel word. Ook vind groei binne een langdurige verhouding plaas deur middel van sosialisering. Die verhoudingsgeskiedenis kan dus tot groter nugterheid en kennis lei. Rice (1983) stel dat paartjies geneig is

om mekaar minder te idealiseer namate romantiese betrokkenheid en gehegtheid ontwikkel. Dit dui daarop dat deur middel van sosialisering en betrokkenheid met mekaar daar 'n groter neiging is om mekaar te sien soos elkeen regtig is. "These findings substantiate the fact that there is a correlation between the closeness of a relationship and the knowledge of self and of another person that an individual develops " (Rice; 1983:20). Hier word dus aangesluit by Identiteitsvorming (vgl. 2.3.2.2. (e).

(c) Status en erkenning

Hierdie funksie van die verhouding is minder voor die hand liggend, en min jongmense sal erken dat dit vir hulle 'n motief is. Die mens is egter 'n sosiale wese en aanvaarding binne die groep is tog uiters belangrik (vgl. Rice, 1983; McCabe, 1984; Duvall & Miller, 1985).

Die universiteitskampus bestaan uit 'n verskeidenheid groepe wat eie norme ten opsigte van status het. Die individu se status binne die groep kan beïnvloed word deur die prestige van die persoon met wie 'n verhouding aangeknoop word. Die verhouding kan dan ook in sommige gevalle gesien word as 'n mate van konformering aan groepsdruk, deurdat daar gepoog word om in verhoudings betrokke te raak wat voldoen aan die vereistes van die groep. Ook die gesin kan soortgelyke druk uitoefen, deurdat die status van die geliefde 'n invloed op die aanvaarding van die persoon uitoefen. Die norm is gewoonlik dat daar nie met 'n persoon van 'n laer sosiale stand geassosieer word nie, terwyl opwaartse mobiliteit wel aanvaarbaar is.

Erkenning is ook belangrik, aangesien die betrokkenheid by 'n verhouding as erkenning deur die groep van die manlikheid of aantrekkingskrag van die jongmens kan dien. Hierdie funksie van die verhouding kan gesien word as 'n "verkeerde" rede om 'n verhouding aan te knoop, maar die invloed daarvan kan nie ontken word nie. Weereens kan 'n sterk identiteit 'n positiewe rol hier speel.

(d) Geslagsrolle

Die verhouding bied die beste manier om geslagsrolle in 'n werklike situasie met die teenoorgestelde geslag uit te probeer. Die jongmens het dikwels filosofië of eie idees van hoe dinge gedoen behoort te word. Die meisie kan dalk voel dat die tradisionele passiewe en ondergeskikte rol van die vrou nie vir haar aanvaarbaar is nie. Die verhouding bied dan vir haar die geleentheid om haar idees uit te probeer, en te kyk of die rol wat sy wil vervul, vereenselwig kan word met dit wat die manlike lid van die verhouding van haar verwag. Die verhouding dien sodoende as leerskool, sodat sulke fundamentele aspekte van enige verhouding nie eers in die huwelik ter sprake kom nie.

(e) Identiteitsvorming

Vir die jeugdige is identiteitsvorming een van die sentrale ontwikkelingstake (vgl. 3.2.2.2). Erikson (1974) wys daarop dat identiteitsvorming deels deur middel van ondervindings in heteroseksuele verhoudings verkry word. McCabe (1984) sien die kameraadskap wat 'n liefdesverhouding bied as 'n belangrike hulp vir die bereiking van intimiteit, wat weer in noue verband met identiteitsvorming staan. Selfbeeld vorm 'n belangrike komponent in die proses van identiteitsvorming. Dit is deur navorsing bewys dat die verhouding 'n positiewe rol hier kan speel. Combrinck (1970) stel dat studente wat glad nie in 'n verhouding betrokke is nie in baie gevalle geïsoleerd en minderwaardig voel. Hierdie situasie skep 'n teelaarde vir die bevraagtekening van selfwaarde en die selfbeeld word sodoende benadeel. McCabe (1984) sien die adolessent se strewe na 'n persoonlike identiteit as noodsaaklik om fisiese veranderings met die sosiale rol te integreer ten einde selfkonsep te verkry. Dit beteken dat 'n verpersoonlikte benadering tot seksuele uitdrukking noodsaaklik is. "Among the imperatives which the adolescent faces is that of asserting his sexual identity in a manner compatable with his sex role characteristics and with his level of sexual maturity, directed by his society's evaluation of amorous and sexual behavior.

He must choose some form of sexual behavior which, of course, will vary in different cultural settings " (McCabe, 1984:336).

Die verkryging van identiteit is dus nou verbonde aan geslagsrolle' (vgl. 2.3.2.2 (d)). Om identiteit met ondervinding te verkry word deur kulturele norme gekwalifiseer, wat in die Westerse samelewing beteken dat daar eers 'n mate van verbondenheid nodig is voordat seksuele uitdrukking toegelaat word. Die jeugdige is egter nog nie gereed vir absolute verbondenheid binne die verhouding voordat identiteit (ook geslagsrolidentiteit) bereik is nie (Erikson, 1974). Jongmense los hierdie probleem op deur verhoudings met 'n mate van verbondenheid te aanvaar, maar die verhouding word as net tydelik gesien. Solank die verhouding duur is daar kans vir wedersydse vervulling en leer van geslagsrolle, wat met 'n verloop van tyd met die vorming van geslagsidentiteit help. Hoë vlakke van affektiewe betrokkenheid word by "steady dating" (ernstige verhoudings) aangetref.

Identiteitsvorming word oor die algemeen as 'n vorm van persoonlikheidsontwikkeling en rypwording gesien (Erikson, 1974; McCabe, 1984; Rice, 1983). Die belangrikheid van die verhouding in hierdie proses is dat die verhouding die jeugdige 'n kans bied om van die self te leer. "Students who feel important in the eyes of other persons find self-esteem, ego-fulfillment, security and identity. Since individuals mature as persons primarily through successful experiences with others, and since an adequate self-concept is partly a result of successful human associations, an important part of all individuals' personality development is that they have successful dating experiences " (Rice, 1983:19).

(f) Intimiteit

In Erikson (1974) se ontwikkelingshiërargie volg intimiteit op identiteit. Dit impliseer dat 'n ware intieme verhouding net moontlik is tussen persone wat reeds identiteitsvorming deurleef het.

Liefde en affeksie is belangrike komponente van intimiteit, en die behoefte aan hierdie aspekte van die verhouding kan op sigself dien as redes om 'n verhouding te begin. Indien die behoefte aan liefde en affeksie nie binne die gesin van oorsprong bevredig is nie, word die soeke daarna binne die verhouding meer intens. Aangesien die verhouding ook 'n verskaffer van blote vriendskap en samesyn is, is dit ook 'n manier om alleenheid te voorkom (vgl. Duvall & Miller, 1984; Rice, 1983).

Die seksuele aspek is ook 'n logiese onderafdeling van intimiteit. Die literatuur dui daarop dat verhoudings meer seksgeoriënteerd raak, met 'n toenemende aantal studente wat voorhuwelikse seksuele omgang het. 'n Studie wat oor 20 jaar strek en deur Bell & Coughley (1980) uitgevoer is, het 'n beduidende toename in voorhuwelikse koïtus onder vroulike studente in Amerika gevind. Teen 1978 het tweederdes van die respondente in ernstige verhoudings en driekwart tydens verlowing saamgeslaap. Die meeste studente stel egter dat hulle affeksie as voorvereiste vir omgang sien.

Reiss (1980, in Duvall & Miller, 1984:109-111) stel dat die diepere behoeftes van die jeugtydperk waarskynlikste in verhoudings tussen volwassenes bevredig kan word. Hierdie verhoudings behoort elemente van vertroue, kennis van mekaar en gedeelde ervarings te bevat. Vir die vervulling van persoonlikheidsbehoeftes word rapport, selfontbloting en wedersydse staatmakery benodig. Erikson (1974) vergelyk die ontwikkeling van intimiteit met openheid, mededeling, wedersydse vertroue, respek, affeksie en lojaliteit.

Daar kan gesien word dat intimiteit 'n wye begrip is wat uit heelwat fasette bestaan. Olson (1977, in Duvall & Miller, 1984:111) wys daarop dat die mens in meer as een intieme verhouding betrokke kan raak. Hy onderskei minstens ses tipes intimiteit.

- Emosionele intimiteit: - 'n romantiese of emosionele omgee vir 'n ander, wat as liefde beskryf kan word

- Seksuele intimiteit: - deur fisies en seksueel aktief met mekaar betrokke te wees

- Intellektuele intimiteit: - die mededeling van en kommunikasie oor gedagtes en idees

- Rekreasionele intimiteit: - die deel van 'n ernstige belangstelling in 'n sport of stokperdjie

- Estetiese intimiteit: - die deel van ervarings oor wat esteties of mooi is, hetsy kuns, musiek, natuur of enige ander

- Spirituele intimiteit: - die deel van geloofsoortuigings of 'n ooreenstemmende siening van die betekenis en doel van die lewe.

Dit blyk die ideaal te wees om al hierdie vorme van intimiteit binne die liefdesverhouding na te streef. Alhoewel byna al hierdie vorme van intimiteit in ander verhoudings (byvoorbeeld met vriende) beleef kan word, behoort fisiese intimiteit eksklusief tot die verhouding. Hierdie seksualiteit is egter nie die enigste intimiteit wat die verhouding moet kenmerk nie. Die teenwoordigheid van die hele verskeidenheid tipes intimiteit behoort ook die belewing en betekenis van elke afsonderlike tipe te verhoog.

(g) Voorbereiding vir die huwelik

Soos blyk uit meeste van die reeds genoemde funksies van die verhouding, vervul die verhouding 'n leerfunksie, wat bepaalde voordele vir 'n latere huwelik inhou. Al loop 'n verhouding nie op 'n huwelik uit nie, het dit tog 'n funksie met betrekking tot die huwelik verrig deurdat persoonlikheidsgroei of seleksie plaasgevind het. Ondervinding oor aspekte soos geslagsrolle, identiteit, probleemoplossing of kommunikasie lewer 'n bydrae tot beter voorbereiding op 'n huwelik. "The longer the dating period before marriage, the more dating fulfills this function of 'anticipatory socialization' for marriage " (Rice, 1983:20).

Die verhouding kan dus vir die jeugdige heelwat voordele inhou en 'n besliste aantrekkingskrag wees, alhoewel 'n groot mate van die aantrekkingskrag nie tasbaar of bewustelik waarneembaar is nie. Van die diepere betekenisse en voordele van die verhouding kom ook eers in latere fases van 'n verhouding na vore. 'n Aantal fases in die verhouding kan onderskei word en sekere funksies geniet meer prominensie in sekere fases.

### 2.3.3 Fases in die verhouding

Daar is reeds in 2.3.1 na Duvall & Miller (1984) se onderskeid tussen "casual dating", "regular dating" en "steady dating', asook Combrinck (1970) se onderskeid tussen "vas sleep" en "nie vas sleep" verwys. Campbell (1980) beskryf die ernstige verhouding as 'n tog wat die paartjie aanpak en wat hulle deur verskillende fases voer. Sy onderskei vyf stadia, naamlik romanse, magstruweling, stabiliteit, toegewydheid en saamskepping (Co-creation).

- Romanse is die eerste stap, waar twee mense se individuele fantasieë hulle bymekaar uitgebring het en hulle fantasieë mekaar verryk. Daar ontstaan 'n gevoel van eenheid, dat hulle vir mekaar gemaak is, asook 'n gevoel van perfekte harmonie. "Romantic feelings are not entirely illusory, however. Such feelings can give us a real sense of our own possibilities, of how it might be if we really actualized our highest potential for loving " (Campbell, 1980: 18). Hierdie romantiese gevoelens dien dus as rigtingwysers namate die verhouding groei.

  Aangesien verwagtings, hoop en drome dikwels reeds vroeg in die romantiese fase met mekaar gedeel word, ontstaan 'n gesamentlike droom vol lewensideale en hoop om by hierdie ideale uit te kom. Wanneer hierdie euforiese gevoel egter daartoe lei dat realiteite en onaangename gevoelens onderdruk word, kan dit as struikelblok dien. Hierdie romantiese ideale behoort dus as inspirasie te dien om aan die verhouding te werk. Groei deur hierdie fase beteken 'n gewilligheid om te kommunikeer oor

ideale, om risiko's te neem ten einde dit te laat realiseer, en om mislukkings te erken en weer te probeer. Die aanvanklike visie mag dalk verander, maar dit beteken nie dat van die vroeëre drome en ideale afgesien word nie.

. Magsdeling is die volgende fase en dit vloei voort uit die teleurgesteldheid wat veroorsaak is deur wensdenkery en selektiewe waarneming. Hierdie stryd kan waardevol wees as proses waardeur mekaar se weerstand teen verandering of akkommodasie getoets word, sodat groter wedersydse reageerbaarheid gekweek word. Die magstruweling is dus 'n normale stap tot die bereiking van 'n verhouding waar mag gebalanseer en gedeel is. Hierdie struweling kan tot heelwat pyn lei as gevolg van pogings tot manipulasie en ontnugterings. Die magstruweling resulteer gewoonlik in 'n funksionerende stel reëls waardeur konflikte onderhandel word. Rolle, doelwitte, kommunikasiekanale en besluitnemingsprosesse is getoets en vasgestel. Wedersydse vertroue neem ook nou 'n nuwe dimensie aan. "Trust now becomes more a question of 'I trust you to act according to your conscience' rather than 'I trust you not to do anything to displease me' " (Campbell, 1980:53).

. Stabiliteit is 'n fase wat gekenmerk word deur aanvaarding van die realiteit van die ander en van die self, sodat romantiese verwagtings van die ander en van die self vir realiteit plek maak. Die besef ontstaan dat die oorsaak van konflik en ambivalensie binne die self is. Aanvaarding van verskille en veranderinge is noodsaaklik. "Stability is born out of living with the awareness of change" (Campbell, 1980:59). Konflik en verskille moet dus dien as geleentheid om van die self te leer, eerder as 'n manier om punte aan te teken. Die blaam word nie meer op die ander gepak nie. Egte stabiliteit is nie sonder konflik en veranderinge nie. Dit erken eerder verskille en veranderinge, wat essensieel vir die behoud van 'n stabiele selfbeeld is, terwyl laasgenoemde weer 'n voorvereiste vir ware toegewydheid aan 'n ander is.

- Toegewydheid beteken dat 'n keuse gemaak kan word en dat verantwoordelikheid daarvoor aanvaar word. Die doelwit is dat die individu homself binne die verhouding kan wees. Daar word met 'n spesifieke bedoeling opgetree. Al die vorige prosesse maak dit moontlik dat daar aanvaarding van verantwoordelikheid is. Die essensie van toegewydheid is dat daar 'n vrymoedigheid is om in enige duidelike rigting te gaan, wetende dat daar van die rigting verander kan word wanneer nodig, aangesien die paartjie gedurig in kommunikasie met mekaar is en nie aan die verlede gebind is nie. In die fase van toegewydheid leer die paartjie om in die hede te leef.

- Sameskepping is die laaste stap waar die paartjie dit wat hulle in die vorige vier fases geleer het ook op die res van hulle lewens en verhoudings met ander van toepassing maak. Alles sentreer nie meer om die verhouding nie. Daar word eerder probeer om vir ander iets te beteken. Daar kan saam aan liefdadigheid gewerk word, hulle kan ander paartjies aanmoedig of help deur moeilike tye, of selfs hulle lewensfilosofieë of ideale met ander deel sodat intellektuele stimulasie kan plaasvind. "We each have a unique vantage point from which to view reality and we need to understand and synthesize these many perspectives if we are to arrive together at a reality which transcends separate interests and promotes the well-being of all" (Campbell, 1980:113). Campbell waarsku egter teen een van die potensiële slaggate van hierdie fase, naamlik die neiging van sommige paartjies om soveel aandag aan hulle verhouding tot die wêreld te gee dat min energie vir die versorging van die liefdesverhouding self beskikbaar is.

Murstein (1980) se stimulus-waarde-rol-teorie (SWR) beskryf ook die verloop van die verhouding. Volgens Murstein word potensiële geliefdes deur 'n reeks filters tydens verskillende fases in die verhouding uitgedun.

Die stimulusfase is die eerste in die SWR-ontwikkelingsmodel. Hiertydens word die potensiële verhoudingsmaats gekies of nie as gevolg van interpersoonlike attraksies gebaseer op fisiese, sosiale en ander "stimulus"-faktore. Die gevolg hiervan is klaarblyklik dieselfde as Campbell se romansefase.

Nadat die paartjie deur die eerste filter is, ontstaan daar 'n bewustheid van mekaar se waardes en houdings. Waardes word vergelyk ten opsigte van seks, geloof, huwelik, werk, kinders, ensovoorts. Wanneer hierdie waardes wedersyds aanvaarbaar gevind word, gaan die paartjie deur die waardefilter.

Ten slotte word die rolle-filter teëgekom. Verwagte gedrag tydens die huidige en toekomstige verhouding kom ter sprake en individuele verwagtings word met mekaar vergelyk. Murstein se teorie voorspel dat 'n paartjie wie se rolverwagtings ooreenkom se verhouding waarskynlik voortgesit sal word.

Daar word al meer wegbeweeg van die idee dat die verhouding verklaar of voorspel kan word deur 'n enkele teorie of benadering. 'n Teorie wat slegs een dimensie van die verhouding gebruik as die spil waarom alles draai, verval al meer in onguns. Daar word in die rigting van "a belief in multidetermined factors in marital choice" beweeg (Murstein, 1980:788).

### 2.3.4 Verhoudingsdinamiek

Soos reeds gesien, vervul die verhouding sekere funksies en gaan dit deur sekere fases. Vervolgens word aandag aan enkele dinamiese aspekte van die verhouding gegee. Hierdie aspekte word as bepalend beskou by die beoordeling van die "gesondheid" van die verhouding, naamlik intimiteit, kommunikasie en konflik. Hierdie aspekte is ook in die empiriese deel van hierdie navorsing gebruik, by die evaluering van die verhoudingslewe. By elkeen van die aspekte word gepoog om 'n sintese te gee van wat deur die literatuur as bepalend gesien word by die beoordeling van elke aspek as positief of negatief.

2.3.4.1 Intimiteit

Intimiteit word as 'n kritiese interpersoonlike veranderlike in die beskrywing van verhoudings gesien. By die evaluering van verhoudingskwaliteit is dit nie genoeg dat intimiteit bloot teenwoordig is nie. Intimiteit kan positiewe en negatiewe aspekte bevat, soos blyk uit die werke van veral Frankel (1982) Hovestadt et al. (1985), Karpel (1985), Waring (1984) en Schaeffer & Olson (1981).

Ware intimiteit word gesien as 'n proses wat deur volwassenheid gekenmerk word. 'n Intieme verhouding vereis verenigbaarheid (die vermoë om saam te werk en te speel) asook kohesie ('n verbondenheid tot die verhouding).

Ten einde gesonde intimiteit te bewerkstellig, is dit uiters belangrik om die konsepte van afstand en nabyheid, individuering en dialoog, ek en ons, in gedagte te hou. Deur hierdie begrippe te integreer en 'n balans te handhaaf, word samesmelting in die verhouding voorkom sonder dat intieme binding verlore raak. Dit impliseer dat elke individu nog sy persoonlike grense behou, terwyl daar 'n affiliatiewe houding teenoor interaksie bestaan saam met 'n sensitiwiteit vir die ander se behoeftes. Elke lid van die verhouding moet 'n eie persoonlike identiteit, asook outonomie behou.

In die ware intieme verhouding bestaan vertroue in mekaar en in die verhouding, terwyl sagtheid en empatie figureer. Dit kan as 'n spontane interaksie met heelwat humor beskryf word. In hierdie verhouding word energie aangewend vir die ontwikkeling van self-ondersteuning, en nie om guns te wen nie.

Kommunikasie is 'n baie belangrike element van intimiteit. Intieme kommunikasie moet veral nie-verdedigend en onbewaak wees, met elemente van selfontbloting en die uitdrukking van affeksie (gevoelens van emosionele nabyheid). Die vermoë om konflik op te los kan ook onder kommunikasie geklassifiseer word. Daarby kan dit ook gesien word as die mate waartoe gedagtes, gelowe, houdings en ge

voelens gedeel kan word. Hieronder val die kommunikering van seksuele behoeftes, asook die bevrediging daarvan. Akkurate persepsie van die geliefde is nodig, ten einde mekaar se behoeftes te kan bevredig. Die seksuele komponent van intimiteit behels ook bloot genotvolle fisiese kontak.

Ongesonde intimiteit, aan die ander kant, word dikwels gekenmerk deur fusie, 'n "state of embeddedness in, of undifferentiation within the relational context" (Karpel, 1985:67). Hierdie verhouding word deur 'n totale, infantiele afhanklikheid van mekaar gekenmerk. Dit is 'n onvolwasse verhouding, waar eie verantwoordelikheid nie aanvaar word nie. Energie word gebruik om liefde en goedkeuring te soek, of om die ander persoon te blameer as hy dit nie verskaf nie. Daar is 'n verdowwing van grense en van individuele verantwoordelikheid. Daar is 'n fantasie van absolute verantwoordelikheid vir mekaar, vir geluk en pyn, foute en mislukkings, besluite en oorlewing. Die verlies van die ander lei tot verlies van die eie ego, en daar word op mekaar se privaatheid inbreuk gemaak. Satir (1972) beskryf hierdie verhouding as vaag, indirek en oneerlik.

'n Ander ekstreem van ongesonde intimiteit is die ontkenning van enige vorm van afhanklikheid. Hier word alle emosies en gevoelens teruggehou. Vyandigheid en blamering kom voor, asook wantroue en onttrekking. Deur hierdie onbetrokkenheid word die "ons" element uitgesluit.

Die kapasiteit om aan 'n intieme verhouding deel te hê vereis volgens L'Abate & Sloan (1984) die volgende:

- 'n Individu met 'n goeie selfbeeld en identiteit
- Die vermoëns om kommunikasie te kan oordra na die geliefde
- Die vermoëns om kommunikasie terug te kan ontvang vanaf die geliefde, dit te akkommodeer en te kan onderhandel daaroor.

Deur aan die vereistes wat genoem is vir gesonde intimiteit te voldoen en die slaggate van ongesonde intimiteit te vermy, word die

voortbestaan van 'n verhouding nie gewaarborg nie. Daar moet 'n wedersydse aanvaarding wees dat geen waarborge verskaf kán word nie. Dit is verder nodig dat daar 'n afwesigheid van angs en ambivalensie oor 'n moontlike skeiding moet wees. Goeie intimiteit en 'n gesonde verhouding bied egter 'n dinamiese teenwig teen die moontlikheid om van mekaar weg te beweeg. Dit is egter belangrik om in gedagte hou dat in selfs die beste verhouding daar altyd faktore teenwoordig sal wees wat kenmerkend van minder volwasse verhoudings is.

2.3.4.2 Kommunikasie

Kommunikasie is 'n baie belangrike komponent van geestesgesondheid en dit is noodsaaklik vir probleemoplossing in menslike verhoudings. Kommunikasie is ook die prosessering van inligting. Daarby is dit veral belangrik in die keuse van 'n huweliksmaat en gedurende die verhouding deurdat selfonthulling en nabyheid interafhanklik is en siening van mekaar van diepte kommunikasie afhanklik is. Vervolgens 'n kort samevatting van positiewe en negatiewe aspekte van kommunikasie in die ernstige liefdesverhouding. Daar is veral aandag gegee aan die werke van Bienvenu (1975), Gilbert (1976), Jorgenson & Gaudy (1980), Rutledge (1978), Satir (1972) en Watzlawick et al. (1967).

In 'n verhouding is dit belangrik dat kommunikasie oop, asook duidelik, direk, eerlik, lewendig en spontaan moet wees. Dit impliseer dat daar kommunikasiekanale bestaan waardeur hierdie eienskappe van goeie kommunikasie moontlik gemaak word. Daar moet dus tyd en geleentheid wees om te kommunikeer.

Kommunikasie is nie eenrigtingverkeer nie. Die kommunikeerder verwag terugvoer, waarvoor die vermoë om te luister imperatief is. Hier kan van "aktiewe" luister gepraat word, waar dit wat gesê word verstaan en begryp word, en dit ook aan die ander persoon getoon word. Kommunikasie is dus veel meer as net spraak - dit is ook luister, gesigsuitdrukkings, gebare, liggaamshouding en fisiese aanraking.

Kommunikasie behels vele faktore wat met interaksie en aanpassing te doen het. Dit is belangrik om te luister, maar ook om die self te

kan uitdruk. Dit wat gekommunikeer word, moet duidelik oorgedra word, en dubbele boodskappe moet vermy word sodat die bedoeling duidelik gesnap kan word. Die hantering van gevoelens is 'n verdere faset van interaksie en aanpassing. So behoort gevoelens van woede kalm gehanteer te word en en nie op die ander uitgehaal te word nie. Daardeur word nie geïmpliseer dat gevoelens onderdruk moet word nie. Ventilasie is nodig (by beide lede), maar nie ten koste van die ander persoon of die verhouding nie. Die kommunikering van ontevredenheid is immers 'n voorvereiste vir alle aanpassing, maar dit moet 'n doel dien. Deur probleme te kommunikeer wat reeds as onvermydelik aanvaar is, sal net die maat ook ongelukkig maak sonder enige kompenserende bevrediging. 'n Balans tussen eerlikheid en selektiewe kommunikasie is dus die doelwit.

Selfonthulling is 'n element van kommunikasie wat besondere aandag verdien. Dit is die proses waardeur geliefdes gevoelens, persepsies, vrese en vertwyfelings teenoor mekaar uitdruk, waardeur toegelaat word dat relatief private en persoonlike inligting aan die lig kom wat nie gedurende alledaagse interaksie gebeur nie. Dit is veral belangrik in die bespreking van gesamentlike aktiwiteite en toekomsplanne. Die verband tussen selfonthulling en verhoudingsbevrediging word as kromlynig gesien. Hierdeur word bedoel dat meer selfonthulling tot meer verhoudingsbevrediging lei, hoewel net tot op 'n punt. Na hierdie punt is verdere selfonthulling nie meer gewens nie. Alhoewel selfonthulling verlang word, moet integriteit en diskresie beklemtoon word. 'n Private deel van die self mag ander se siening van die persoon verhoog. Selfonthulling impliseer ook nie net die mededeling van negatiewe aspekte van die verhouding nie, maar ook die deling van positiewe gevoelens aangaande die self en die ander. Hierdeur word die vervulling van die terapeutiese funksie van die huwelik moontlik gemaak.

Die mees voor-die-hand-liggende element van onbevredigende kommunikasie is nie-kommunikering. Enige verhouding het kommunikasie nodig om te kan groei en ontwikkel, en dit kan gebeur dat kommunikasie in sekere aspekte van die verhouding ontbreek.

Daarbenewens kan kommunikasie vaag, verwarrend, ontwykend, weersprekend, geheimsinnig, rigied of stereotiep wees. Dubbelbindings kan ook voorkom, waar die ontvanger nie kan besluit oor hoe om op te tree na aanleiding van die boodskap wat ontvang is nie. Al hierdie elemente word deur die literatuur as kenmerke van onbevredigende kommunikasie uitgewys.

Kommunikatiewe onbedagsaamhede is ook 'n struikelblok in die ontwikkeling van 'n intieme verhouding. Hieronder val om nie te luister wat gesê word nie, onnodige kras taal te gebruik en die ander nie kans te gee om klaar te praat nie. Om te neul of te sanik is ook tiperend van ongesonde kommunikasie, en hierdie metodes word gesien as negatiewe wyses om 'n doel te bereik.

Alhoewel oop kommunikasie oor die algemeen aangemoedig word, is daar tog dinge in 'n verhouding wat liefs nie gesê behoort te word nie en geen doel in enige kommunikasieproses dien nie. So byvoorbeeld sal dit geen doel dien om vir die geliefde te sê dat hy/sy fisies onaantreklik is, indien hy/sy in elk geval niks daaromtrent kan doen nie. Daar word dus op selektiewe kommunikasie klem gelê, waar elke lid van die verhouding sy eie kommunikasie keur en reguleer.

Kommunikasie en selfonthulling impliseer, benewens die positiewe aspekte wat dit inhou, ook 'n hoë-risikofaktor. Hoë vlakke van kommunikasie en selfonthulling bring baie dinamika na vore, soos groei, intimiteit, binding, maar ook risiko. Baie verhoudings kan nie hierdie dinamika verwerk nie. Uit die literatuur blyk dat sulke hoë vlakke daarom nie altyd gewens is nie, en nie as 'n noodwendige voorvereiste gestel hoef te word nie. Hierdie is egter 'n relatief nuwe asook omstrede gebied van verhoudingsdinamiek, en daar bestaan 'n leemte in navorsing op hierdie gebied.

2.3.4.3 Konflik

Soos reeds genoem (vgl. 2.1.2.2) dui die teenwoordigheid van konflik nie noodwendig op 'n patologiese verhouding nie. Die hantering van

konflik is eerder die kriterium. Sommige aspekte van konflik kan inderdaad 'n goeie invloed op die verhouding hê.

Produktiewe konflik word deur Glick & Kessler (1980) beskryf as die erkenning van verskillende belange, oop en eerlike kommunikasie daaroor, asook houdings van vertroue wat tot die vind van kreatiewe oplossings lei. Wanneer konflik ontstaan, moet dit deur rasionele bespreking, argumentering en redenering hanteer word.

Vir Straus (1979) is dit belangrik dat konflik deur middel van 'n wedersyds aanvaarbare ooreenkoms opgelos word. Dit behels die bespreking van 'n kwelpunt sonder om te emosioneel te raak, mekaar af te dreig of die argument te probeer wen. Dit is belangrik om eerder die algemene welsyn van die verhouding op die hart te dra, as om die ego te versterk deur 'n spesifieke argument te wen en daardeur bevrediging te smaak.

Volgens Reiss (1979, in Hansen & L'Abate, 1982: 37-38) het konflikoplossing twee belangrike dimensies, naamlik koördinasie (die mate waarin individuele pogings by mekaar inskakel) en konfigurasie (die doeltreffendheid van die gesamentlike poging). Indien albei hierdie dimensies na wense funksioneer, staan die lede van die verhouding by mekaar en vind hulle baat by die gesamentlike poging om die konflik op te los.

Oor die algemeen word fisiese geweld as ongewens beskou (Bernard & Bernard, 1983; Makepeace, 1987; Straus, 1979; Waring, 1984). Alhoewel 'n baie kontroversiële stelling, kan daar egter ook gepostuleer word dat 'n mate van fisiese geweld in 'n verhouding nie altyd as ongewens beskou word nie. In ons kultuur is liefde, intimiteit, konflik en geweld ineengeweefde begrippe. Sommige mense sien verhoudingsgeweld as 'n simbool van nabyheid. Gilbert (1976) wys op die verband wat tussen intimiteit en risiko bestaan. Net so kan geweld en intimiteit in sommige verhoudings ineengeweef wees. Volgens Roscoe en Benaske (1985) word die graad van intimiteit inderdaad met die mate van geweld in die verhouding geassosieer, en

Billingham (1986) stel dat meer binding tot meer redenering, verbale aggressie en geweld lei. Alhoewel hierdie sienings voorbrand maak vir groter begrip vir die teenwoordigheid van geweld in sommige verhoudings, hoef dit steeds nie as 'n positiewe manier van konflikoplossing gesien te word nie.

Vyandigheid word met hoë vlakke van konflik geassosieer, en is een van die eienskappe van negatiewe konflik. Dit ontstaan wanneer die teenwoordigheid van konflik ontken word (Straus, 1979). Sodoende word die individu die kans ontneem om belangrike doelstellings te bereik.

Oorsake van geweld wat uit die literatuur na vore kom, is jaloesie, alkohol en geld (Roscoe & Benaske, 1985), botsende geslagsrolle (Bernard, et al. 1985), aanhang van tradisionele geslagsrolle, modellering van ongesonde gesinne van oorsprong en stryd om mag in die verhouding (Bernard & Bernard, 1983; Makepeace, 1981). Verder blyk dat die slagoffers van geweld se sosiale profiele ewe problematies as dié van die oortreders is (Makepeace, 1987). Tipiese kenmerke van slagoffers is passiwiteit en onderdanigheid, maar hulle kan ook aanmatigend en selfhandhawend wees. Die oortreders word veral as macho-isties, gewelddadig en met 'n losse kerkverband beskryf (Makepeace, 1987).

Makepeace (1987) het die volgende profiel saamgestel van die persoon wat hom/haar tipies aan verhoudingsgeweld sluldig maak. Hy/Sy is in 'n laat stadium van sy/haar hoërskoolloopbaan, daar is 'n baie swak of geen kerkverband nie, hy/sy verkeer onder stres, is sosiaal geïsoleer, kom uit 'n versteurde huisgesin met 'n harde of afsydige ouerlike opvoeding, het probleme met die skool, die werk en/of alkohol, en begin gewoonlik op 'n vroeë ouderdom vlerksleep.

Bernard et al. (1985) het vir albei geslagte eienskappe geïsoleer wat dikwels met verhoudingsgeweld geassosieer word. Die mans hang tipies die tradisionele norme van manlikheid aan, en kontrole en dominering is dus vir hulle belangrik. Hulle is dikwels onnodig jaloers en

tipies rebels. Hulle verwerp eienskappe wat as vroulik gesien word, soos teerheid, meegevoel en sagtheid. Vrouens wat slagoffers van geweld is, is dikwels onderdanig, passief en nederig, alhoewel hulle dikwels ook eienskappe kan openbaar wat as kompetisie vir manlikheid ervaar word, soos 'n kompeterende geaardheid, leierskap, dominansie en aggressie. Dit is ook bevind dat vrouens dikwels geweld inisieer.

Die bestaan van konflik in verhoudings kan nie ontken word nie. Die bestaan van konflik as sulks word nie veroordeel nie aangesien dit 'n "natuurlike" deel van die dinamiese liefdesverhouding is. Die hantering van konflik op 'n volwasse, rasionele manier is egter bepalend by die beoordeling van 'n verhouding.

### 2.3.5 Die meting van verhoudingsaspekte

Daar bestaan 'n verskeidenheid instrumente en tegnieke waardeur menslike verhoudings, en veral verhoudings binne die huwelik of ander sosiale verhoudings geëvalueer kan word. Daar is egter 'n leemte op die gebied van die voorhuwelikse verhouding, deurdat slegs enkele tegnieke spesifiek op hierdie gebied ingestel is. Hierdie tekortkoming kan egter in 'n groot mate oorbrug word deurdat verskeie van die huweliksinstrumente ook op die voorhuwelikse verhouding toepasbaar is, as gevolg van die dikwels gelyksoortige dinamiek binne hierdie verhoudings. Die verskillende metodes van evaluering kan in drie kategorieë verdeel word.

#### 2.3.5.1 Vraelyste

Net soos by selfbeoordelingsvraelyste aangaande die gesin (vgl. 2.1.3.1), kan hierdie vraelyste 'n aantal vorms aanneem, naamlik die voltooiingsvorm, die waar/vals vorm, veelvuldige keuse-vorm, of die graderingsvorm. 'n Aantal vraelyste gee 'n geheelindruk van die verhouding se evaluering, terwyl ander op spesifieke dimensies soos kommunikasie of hantering van konflik konsentreer. Vervolgens enkele voorbeelde van sulke vraelyste:

- A Measurement of Premarital Communication (Bienvenu, 1975)

- Marriage Adjustment Prediction Index (Adams, 1960 in Spanier, 1976:18)
- Locke-Wallace Short Marital Adjustment Test (Locke & Wallace, 1959)
- Marital Roles Inventory (Hurvitz, 1965)
- Measurement of Marital Intimacy (Waring, 1984)
- Persoonlike, Huislike, Sosiale en Formele verhoudingsvraelys

2.3.5.2 <u>Projektiewe Tegnieke</u>

Alhoewel daar geen projektiewe tegniek bekend is wat spesifiek ontwerp is om die verhouding te evalueer nie, kan daar tog inligting uit bestaande tegnieke, soos die Rorschach-Inkklad-toets en die Tematiese Appersepsietoets verkry word. Tekentegnieke kan ook gebruik word, maar dit word nie algemeen vir volwassenes aangewend nie.

2.3.5.3 <u>Observasie</u>

Deur 'n paartjie se gedrag waar te neem tydens interaksie, kan heelwat inligting aangaande die verhouding verkry word. So kan daar deur middel van rollespel en beeldingstegnieke illustrasies van die verhoudingsdinamiek verkry word. Hierdeur kan die terapeut insae in die verhouding kry oor aspekte wat dikwels nie deur ander metodes aan die lig gebring word nie.

2.3.5.4 <u>Die Onderhoud</u>

Die onderhoud kan pertinente inligting aangaande die verhouding verskaf. Dikwels vorm die aanvangsonderhoud die basis van verdere ondersoeke. Deur die stel van pertinente vrae, kan die psigoterapeut inligting bekom en afleidings maak wat die struktuur van die verdere ondersoek kan bepaal. Van die reeds genoemde tegnieke kan gebruik word om verder ondersoek in te stel na aspekte van die verhouding wat

deur die onderhoud as problematies geïdentifiseer is. Die onderhoudsituasie kan ook alleen aangewend word, met die gebruik van verskeie tegnieke, waaronder hipnose en diè gee van "huiswerk", waardeur die verhouding verryk kan word.

Vir die doeleindes van hierdie navorsing was die instrumente wat gebruik is (die PAIR, PCI en CTS, vgl. 3.3.4: "Meetinstrumente") uiters geskik, deurdat hulle die belangrikste dimensies in die verhouding evalueer en die verkreë resultate statisties bruikbaar en maklik toepasbaar is. Verder vind hulle aansluiting by die GOS waardeur die gesin van oorsprong geëvalueer is.

## 2.4. DIE INVLOED VAN DIE GESIN VAN OORSPRONG OP LIEFDESVERHOUDINGS

In hierdie afdeling word ondersoek ingestel na die band tussen die gesin van oorsprong en die voorhuwelikse liefdesverhouding. Daar word nie gepoog om 'n volledige weergawe van verskillende teoretiese benaderings in die psigologie te gee nie. Daar word aandag gegee aan die erkenning wat vier breë teoretiese benaderings aan die gesin van oorsprong se belangrikheid ten opsigte van liefdesverhoudings verleen.

Alhoewel die literatuur die huwelik meer pertinent as voorhuwelikse verhoudings behandel, is soortgelyke prosesse en veranderlikes by albei aanwesig. Die kwaliteit van voorhuwelikse verhoudings hou waarskynlik met die gehalte van 'n latere huweliksverhouding verband. So suggereer die literatuur dat die hoeksteen vir goeie kommunikasie in die huwelik reeds in die voorhuwelikse hofmakery en verlowingstydperke gelê word (Rutledge, 1978).

Framo (1976:207) verwoord die band tussen die gesin van oorsprong en die liefdesverhouding as volg: "No one ever really gives up the yearning for the love and acceptance of parents; this motive underlies the search for all other loves and is probably the basis for the ecstasy promised by romantic love and the devastation following rejection."

### 2.4.1 <u>Teoretiese benaderings</u>

#### 2.4.1.1 Die psigodinamiese raamwerk

##### (a) Die tradisionele psigoanalitiese benadering

Die tradisionele psigoanalitiese benadering verwys na die gesin van oorsprong as die bron van die rolverkryging van 'n individu. Die rol waarin die individu binne sy gesin van oorsprong geplaas word, oefen 'n geweldige invloed op sy keuse van 'n huweliksmaat uit (Dicks,

1967). Indien hierdie rol te rigied vasgelê is, kan dit die individu se groei vertraag en verandering belemmer. Volgens L'Abate & McHenry (1983) is die onderliggende teoretiese aanname dat huidige probleme 'n projeksie van ouerlike introjekte en ook 'n herbelewing van vroeëre struwelinge en konflikte binne die individu se gesin van oorsprong is.

(b) Bowen se teorie

Alhoewel Bowen dikwels as 'n sisteemteoretikus gesien word, het hy sy teorie binne die psigoanalitiese model geskep. Volgens Bowen is alle simptome manifestasies van versteurings in emosionele sisteme (L'Abate & McHenry, 1983:209). Die twee basiese diagnostiese aannames van die teorie is die belangrikheid van die angsvlak en die differensiasievlak binne die verhoudingsisteem. Bowen stel voor dat mense vanuit hulle emosionele sisteme of denksisteme kan opereer. Onder angstoestande is die twee sisteme geneig tot fusie, sodat wat as denke gesien word, eintlik 'n verbale reaksie van die emosionele sisteem is.

Die mens opereer ook op 'n kontinuum van fusie tot differensiasie. Die graad van differensiasie is in essensie die individu se graad van emosionele rypheid (Boszormenyi-Nagy & Spark, 1973, in L'Abate & McHenry, 1984:209). Differensiasie word gesien as 'n proses waardeur die individu hom losmaak van ander (gewoonlik van die ouers) en tot eie identiteit groei. Identiteit is weer nodig voordat werklike betekenisvolle verhoudings met die ouers moontlik is (vgl. ook Erikson, 1974). Singleton (1982) meld dat dit nie saak maak op watter manier hierdie afstand van mekaar verkry word nie, solank daar net verligting kom vir die persoon wat na emosionele nabyheid soek, maar tog daarvoor allergies is.

Dit is belangrik om hier by te voeg dat Bowen glo dat kinders dieselfde, of ook 'n laer graad van selfdifferensiasie as die ouer kan bereik. Hy noem dit die gesinsprojeksieproses (vgl. Bowen, 1976;

Hall, 1981; Singleton, 1982). Individue by die lae kant van differensiasie word maklik deur ander mense beïnvloed of is baie reaktief teenoor ander. Hy aanvaar ook die waardes van sy gesin van oorsprong as gevolg van emosionele lojaliteit.

Emosionele afsluiting word deur Bowen as die staking van kommunikasie of identifisering met lede van die gesin van oorsprong gesien. Om jouself af te sluit van sodanige identifisering word as 'n reaktiewe skuif na onopgeloste fusie in die gesin van oorsprong gesien en dit is dus nie 'n oplossing vir hierdie fusie nie. Hoe hoër die graad van vervreemding met die verlede, hoe groter die moontlikheid van oorinvestering van gevoelens en fusie vir toekomstige verhoudings. Emosionele afsluiting word verder gesien as 'n manier om fusie binne die intieme verhouding te hanteer. Alhoewel elke party 'n sterk behoefte aan die ander het, is nie een in staat om die behoefte doeltreffend te hanteer nie. Om emosionele en selfs geografiese afstand tussen mekaar te kry, word as die beste manier gesien om die intensiteit en vereistes van die interafhanklikheid te hanteer (Hall, 1981; L'Abate & McHenry, 1983).

Individue is dan ook geneig om met diegene te trou wat relatief dieselfde vlakke van differensiasie bereik het. Die grootste probleme ontstaan in verhoudings waar albei lede lae differensiasievlakke bereik het. Hier kom emosionele komplementariteit na vore, waar een dominante lid en een aanpassende lid mekaar se gedrag voortdurend versterk, wat tot baie stres en 'n gedurige "nabyheid/afstand"-konflik aanleiding gee. Bowen stel voor dat simptome wat in die huidige kerngesin (huwelik of verhouding) na vore kom, 'n eindproduk van die vlakke van differensiasie en gevolglike emosionele probleme van vorige generasies is. Dit staan bekend as die multigenerasie-oordragproses (Hall 1981; L'Abate & McHenry, 1983; Levant, 1984).

Vir terapeutiese doeleindes moet probeme wat hulle oorsprong in die gesin van oorsprong het, gekonfronteer en deurgewerk word. Die geweldige impak wat die gesin van oorsprong op die verhoudingslewe

het, word dus deur Bowen beklemtoon. 'n Paartjie waar een of albei lede hom of haar emosioneel van die gesin van oorsprong afsluit, behoort "ongesonde" simptome in hulle verhouding te vertoon, soos byvoorbeeld fusie. Om dus 'n gesonde verhouding te bewerkstellig, glo Bowen dat daar tydens terapie teruggekeer moet word na die gesin van oorsprong, om die oorsprong van die probleem terapeuties deur te werk.

(c) Die objekrelasieteorie

Volgens die objekrelasieteorie is die huwelik die volwasse ekwivalent van die vroeëre ouer/kind-verhouding. Die term "objekrelasie" verwys na die individu se geïntrojekteerde daarstelling van die vroeëre interpersoonlike verhouding (Arlow, 1980 in L'Abate & McHenry, 1983:202), met spesiale klem op die affektiewe komponent. Kernberg (1976) sien introjeksie as beslissend in die proses van individuering. Elke objekrelasie sluit in 'n perseptuele komponent, 'n affektiewe toon en 'n geheuekomponent. Die klem word laat val op die wyse waarop objekte in die gesin van oorsprong die huidige verhouding beïnvloed. Daar word ook verwys na die kulturele norme wat deur die gesin van oorsprong op die individu oorgedra word. Volgens Dicks (1967) moet die individu se emosionele afhanklikheid van sy of haar gesin van oorsprong binne die huwelik of verhouding getolereer word. Hy sien die huwelik as die "ultimate adult equivalent to the original parent-child relationship" (Dicks, 1963:127). Daar mag onverwerkte spanning in die verhouding wees as gevolg van objekte en rolmodelle in die gesin van oorsprong wat in die huidige liefdesverhouding geprojekteer word.

2.4.1.2 Die behavioristiese benadering

Die grondslag van die behavioristiese benadering is dat gedrag aangeleer word. Soos Hansen en L'Abate dit stel: "Behaviour is essentially learned through the process of imitation and reinforcement. Symptoms derive from inadequate or faulty learning. Most problems of living are due to learning" (1982:17).

Gesinsprobleme word deur oneffektiewe versterkingspatrone tussen ouers en kinders of tussen egliede veroorsaak (Brown & Christensen, 1986). Volgens Bellack <u>et al</u>. (1985) het die behavioristiese benadering wegbeweeg van die teorieë van Jung, Adler en Sullivan, waarvolgens onderliggende trekke, gesindhede en behoeftes die vorm en hoeveelheid van interaksies bepaal het. Foutiewe interaksies is gesien as komende vanuit probleme in die persoonlikheidstruktuur. Deur middel van die werke van Zigler, Phillips, Wolpe en Lazarus het die aanleer van sosiale vaardighede in die kalklig beland.

Die term "social skills" word nou gebruik om te dui op dit wat nodig is ten einde suksesvolle interpersoonlike verhoudings (veral heteroseksueel) daar te stel. Die belangrikheid van hierdie sosiale vaardighede in die verhouding word duidelik gestel deur Brown & Christensen (1986:175): "According to behavior theorists, distressed couples fail to resolve their disagreements because they lack the necessary skills for problem solving or conflict resolution." Behavioristiese terapeute gebruik programme van "social-skills-training" met sukses by die behandeling van disfunksies waaronder seksuele afwykings, huwelikskonflik, vrouemishandeling en seksuele mislukking (Bellack <u>et al</u>., 1985). Sulke programme probeer egter net daarstel dit wat in die gesin van oorsprong kortgekom het. "There is no definitive data on precisely how and when social skills are learned, but childhood is undoubtedly a critical period" (Bellack <u>et al</u>., 1985:279).

Patterson & Reid (1970) sien die gesin as die primêre sentrum vir die aanleer van sosiaal verantwoordelike gedrag. 'n Verklaring vir die aanleer van gedrag in die gesin van oorsprong word deur die sosiale leerteorie verskaf (vgl. Bandura, 1977). Daar is veral drie maniere waarop gedrag aangeleer word.

. Modelering word gesien as die mees kritiese faktor. Kinders na-aap die gedrag wat die ouers tydens sosiale interaksie vertoon. Die hantering van die teenoorgestelde geslag word dus ook deur die kind waargeneem, byvoorbeeld die manier waarop

pa en ma teenoor mekaar optree asook hulle optrede teenoor ander.

- Direkte instruksies is ook baie belangrik in die vorming van sosiale gedrag, byvoorbeeld die vermaning: "Seuns tree nie so ongeskik teenoor meisies op nie".

- Sosiale optrede kan direk versterk of gestraf word, byvoorbeeld deur toepaslike gedrag teenoor die ander geslag aan te moedig (Bellack & Hersen, 1978:).

Hersen et al. (1982) sien die gesin van oorsprong as die mees waarskynlike bron van sosiale invloed, omdat belangrike sosiale interaksies binne die gesin plaasvind. Die uitgangspunt dat die gesin van oorsprong se invloed bepalend is ten opsigte van sosiale interaksie word verder deur Bellack & Hersen (1978) versterk. Hulle verwys na empiriese data waarvolgens daar 'n hoë korrelasie tussen die sosiale toereikendheid van volwassenes en hulle ouers is. Hierdie invloed van die ouerhuis kring ook wyer uit, deurdat chroniese pasiënte tipies 'n wanaangepaste gesinsgeskiedenis het. Aangesien die gesin die algemene psigiese funksionering van die individu beïnvloed, word interpersoonlike verhoudings ook indirek beïnvloed.

Verdere bevestiging vir die belang van die gesin vir die funksionering van die individu, word deur die sogenaamde "behavioral parent training" verskaf. "... parents can be trained to change the maladaptive behaviors of their children" (Brown & Christensen, 1986:161). Dit geskied deur middel van die versterking van wenslike gedrag en die ontmoediging van onwenslike gedrag by die kind. Dit is egter nie altyd wenslik dat ouers hulle kinders se gedrag moet behandel nie. "Indeed, parents' cognitive, psychological, and marital/social adjustment may be related to the behavior problems of children " (Wells, 1981, in Brown & Christensen, 1986:173). Deurdat ouers dus hulle aandag op die probleme van hulle kinders fokus, kan hulle die probleme binne die huwelik vererger, en dit kan weer 'n negatiewe invloed op die aanpassing van die kinders hê. Die aanleer

van sosiale vaardighede is dus baie belangrik ten opsigte van heteroseksuele gedrag en die liefdesverhouding. Die behavioristiese aannames is onder andere dat die kwaliteit en die kwantiteit van sosiale gedrag grootliks van die individu se aangeleerde repertoire van sosiale gedrag afhang. Dit impliseer dat sommige individue as gevolg van 'n geskiedenis van foutiewe aanleer van gedrag (dus in die gesin van oorsprong) 'n foutiewe sosiale repertoire het (wat die verhoudingslewe benadeel). Soos Bellack et al. (1985:277) dit stel: "An individual may never have learned appropriate heterosocial behavior or may have learned inappropriate behavior."

Die behavioristiese benadering lê egter nie die verantwoordelikheid vir die aanleer van gedrag net voor die ouers se deur nie. Aangeleerde gedrag moet versterk word. Die huwelik/verhouding, vriendskap en seksuele bevrediging is almal belangrike versterkers wat op sosiale bevoegdhede berus. Hierdie sosiale bevoegdhede is dus bronne van versterking wat indirek tot die vermeerdering of vermindering van disfunksionele gedrag lei (Bellack et al., 1985; Bellack & Hersen, 1978).

In essensie beklemtoon die behavioristiese benadering die feit dat sosiale vaardighede noodsaaklik is om 'n bevredigende heteroseksuele verhouding aan te knoop en deur te voer. Hierdie sosiale vaardighede word grootliks in die gesin van oorsprong aangeleer, waar veral die ouers se gedrag van kardinale belang is. Die ouers leer nie net hulle kinders deur middel van versterking en uitwissing van gedrag nie, maar veral deur modellering, met ander woorde die kind is geneig om op te tree na aanleiding van die voorbeeld wat die ouers stel. Dit wat binne die gesin aangeleer word, beïnvloed dus volgens die behavioristiese benadering die liefdesverhouding direk.

2.4.1.3 Die humanistiese benaderings

Humanistiese psigologie het hoofsaaklik sy oorsprong in die werke van C.R. Rogers en Maslow. Die benadering beklemtoon die innerlike sterkte van die individu.

Alhoewel Rogers baie klem op die hier en nou lê, doen hy dit ook ten opsigte van die verlede. Hy stel die band tussen die hede en die verlede as volg: "..... living fully in this moment is the only way of building constructively on the past without being owned by it" (C.R. Rogers, 1974:11).

Rogers (1974) sê self dat een van die beste maniere om 'n persoon se toekoms te voorspel is om na sy verlede en hede te kyk. Die verlede (met ander woorde die gesin van oorsprong) is dus van kardinale belang in elke individu se toekoms.

Een van die elemente van die terapeutiese verhouding, is volgens Rogers (1974) die sogenaamde "I-thou" verhouding. Dit is die erkenning dat 'n diep menslike verhouding een van die mees kardinale behoeftes van die hedendaagse mens is. Die individu wil ten volle geken en aanvaar word. Rogers glo dat kliëntgesentreerde terapie baie potensiaal ten opsigte van voorkoming het, aangesien dit erkenning aan die behoefte vir vrye, spontane, wedersydse en diep kommunikatiewe verhoudings gee. Rogers sê egter self dat terapie net probeer doen wat reeds in die gesin moes gebeur het. "If such I-thou relationships can be achieved more frequently in the family ....I believe this will constitute a profound mental health resource that will prevent many, if not most, of the psychological disturbances that plague our culture" (1974:11). Probleme in die verhouding kon dus in die gesin van oorsprong verhoed geword het.

Sekere aspekte van die gesin is veral van belang in die verhouding. Die gesin behoort empatie, warmte en aanvaarding te skep en dit kan die selfbeeld verbeter. Laasgenoemde lei tot groter kongruensie en realisme, minder verdediging en meer doeltreffende probleemoplossing (vgl. L'Abate & McHenry,1983; C.R. Rogers, 1951; Wexler & Rice, 1974; Wolberg, 1977). Volgens L'Abate & McHenry (1983) beklemtoon die kliëntgesentreerde benaderings verder die feit dat elke lid van die gesin vertrou moet word om sy eie groei en verandering te bewerkstellig.

Volgens die eksperiëntele benadering is die huwelik of ernstige verhouding dikwels 'n spieëlbeeld van vorige ondervindings in die gesin van oorsprong. Dit wat in die gesinne van oorsprong afwesig was (liefde, aandag, affeksie, ensovoorts) word gesoek in die verhouding of huwelik, wat dan as 'n oase gesien word. Dit lei in baie gevalle tot 'n geforseerde afhanklikheid van die verhouding en dikwels raak een van die huweliksmaats paniekerig by die gedagte aan verlies van sy/haar individuele identiteit. Daar is ook dikwels die aanname dat die huwelik of verhouding as 'n tipe psigoterapie sal dien waarin die wonde van die gesin van oorsprong genees kan word. Indien nie aan al hierdie verwagtinge voldoen kan word nie, word die blaam dikwels eerder op die ontoereikendheid van die huweliksmaat geplaas, en nie op die eie onrealitiese verwagtinge nie (L'Abate & McHenry, 1983; Napier & Whittaker, 1978).

Selfs Frankl, een van die leiers in die eksistensiële benadering, erken dat die mens, hoe vry hy ookal mag wees, tog deur biologiese, sosiale en psigologiese toestande beperk word (L'Abate & McHenry, 1983). Sy drie aannames (daar is wilsvryheid, 'n wil tot betekenis, 'n betekenis van lewe) gaan uit van die idee dat die mens binne hierdie beperkings kan kies wat jou houding teenoor hierdie beperkings is. Die gesin van oorsprong blyk duidelik een van die belangrikste bepalers te wees van die mate waartoe die individu biologies, sosiaal en psigologies ingeperk word.

2.4.1.4 Die sisteembenadering

Volgens De Wet (1985) is die algemene sisteemteorie gebaseer op Von Bertalanffy se poging om stimulus-respons, of oorsaak-gevolg verhoudings met nie-liniêre verhoudings tussen lewende entiteite te vervang. Die impak van die konteks op die aard van die verhoudings word beklemtoon. Volgens Ryle (1979) sien die sisteemteoretikus die huwelik as 'n sisteem, wat dikwels 'n subsisteem van 'n groter gesin is. Veranderings in een deel van die sisteem, of in een lid daarvan, beïnvloed ander dele van die sisteem. Enige gegewe handeling deur een

lid verteenwoordig onder andere 'n respons op vorige handelings. Die verlede (dus ook die gesin van oorsprong) speel steeds 'n belangrike rol in handelinge wat in die hede plaasvind.

Verskeie van die sisteemteoretici het 'n transgeneratiewe of multigeneratiewe siening van gesinsfunksionering. Volgens Haley (in Hansen & L'Abate, 1982:205-206) is probleme uit die gesin van oorsprong geneig om op die verhouding, huwelik en daaropvolgende gesin oorgedra te word. Boszormenyi-Nagy & Spark (1973:151) sluit hierby aan en gebruik die term "parentification." Dit behels die subjektiewe verdraaiing van die verhouding asof die gade een van die ouers is. Die wyse waarop teenoor die ouers opgetree word, kan dus die optrede teenoor die huweliksmaat bepaal.

Die lede van die verhouding verwag ook dat interaksies sal plaasvind op die manier wat hulle in die gesinne van oorsprong leer ken het. Minuchin (1974:2) stel dit so: "When partners join, each expect the transactions of the spouse unit to take the forms with which he is familiar. Each spouse will try to organize the spouse unit along lines that are familiar, or preferred and will press the other to accommodate." Hy sien die onderhandeling binne die verhouding met elke huweliksmaat se gesin van oorsprong as een van die take van die jong getroude egpaar. As die bestaande strukture van die kinderdaegesin nie verander nie, bedreig dit die vorming van 'n nuwe gesinseenheid. Die gesinsubsisteem-interaksies waarin die individu grootword, het dikwels 'n direkte invloed op die keuse van 'n huweliksmaat. Die huwelik moet sekere sosiale reëlings uit die gesin van oorsprong vervang wat die individu prysgee wanneer hy 'n nuwe verhouding begin of 'n huwelik sluit.

Die Milaan-groep (Selvini-Palazzoli, Cecchin, Prata & Boscoli) sluit aan by Haley se transpersoonlike siening van die gesin. 'n Disfunksionele simptoom word as 'n aanpassing van die individu by sy gesin se funksionering en reëls gesien (Hansen & L'Abate, 1982). Die

gesin van oorsprong kan dus die individu laat disfunksioneer (byvoorbeeld deur anorexia nervosa of skisofrenie te veroorsaak) en dit kan ook 'n duidelike invloed op die latere verhoudings hê.

Satir beskou gesinsdisfunksionaliteit uit 'n effens ander oogpunt, want sy sien dit as 'n manifestasie van probleme in die huweliksverhouding (Hansen & L'Abate, 1982). Sy beskou die gesin van oorsprong ook as 'n belangrike diagnostiese hulpmiddel en wy heelwat aandag daaraan tydens terapie. Die belangrikste raakpunt tussen die verskillende sisteemteorieë is dus die siening dat probleme uit die gesin van oorsprong op die nuwe verhoudings en gesinsvorming oorgedra word. Die sisteem word dus tussen generasies oorgedra.

### 2.4.2 Opsommende gedagtes en raakpunte tussen die teoretiese benaderings

Alhoewel die vier teoretiese benaderings wat hier aangeraak is grondliggende verskille vertoon, blyk dit dat elkeen wesenlike erkenning aan die gesin van oorsprong se invloed op die huwelik en die verhoudingslewe gee. Daar word wel verskillende oorsake en gevolge opgemerk.

Die psigodinamiese benadering gee soos te verwagte die meeste aandag aan die gesin van oorsprong. Daar word verwys na die gesin van oorsprong as die bron van die individu se rolverkryging. Indien hierdie rol baie sterk vasgelê is, kan dit die individu se groei vertraag en aanpassing en verandering inhibeer. Dit is baie belangrik ten opsigte van huweliksterapie, aangesien groei, aanpassing en verandering strukturele elemente van die verhoudingslewe is. Die objekrelasieteorie maak daarvan melding dat die huwelik die volwasse ekwivalent van die oorspronklike ouerkind-verhouding is. Die belangrikste aspek van Bowen se teorie is die gesinsprojeksieproses,

wat veroorsaak dat kinders dieselfde of ook 'n laer graad van selfdifferensiasie as die ouer kan bereik. Spark glo dat aspekte uit die gesinne van oorsprong die groei van die verhouding kan belemmer (vgl. 4.1.1).

Volgens die behavioristiese benadering kan probleme in die liefdesverhouding na onvoldoende of verkeerde aanleer van gedrag of onvoldoende rolmodelle in die gesinne van oorsprong teruggevoer word. Die gesin word ook as die wesenlikste bron van sosiale invloed beskou. Veral sosiale vaardighede, soos konflikoplossing en kommunikasie wat van kardinale belang in enige liefdesverhouding is, behoort binne die gesin van oorsprong aangeleer te word. Sosiale gedrag word op veral drie wyses aangeleer, naamlik deur modellering, die uitvoering van direkte instruksies en die reaksie wat sosiale optrede ontlok. Daar is heelwat empiriese bewyse vir die behavioristiese teorie, soos byvoorbeeld korrelasies tussen die sosiale toereikendheid van ouers en kinders (vgl. 4.1.2).

Rogers glo dat die meeste van die probleme in die verhouding deur middel van die gesin van oorsprong voorkom kan word. Die eksperiëntele benadering sien die verhouding as 'n spieëlbeeld van die gesinne van oorsprong. 'n Ongelukkige gesin lei tot onrealistiese verwagtinge van die verhouding, en Frankl erken die beperkings wat die gesin van oorsprong op latere funksionering plaas (vgl. 4.1.3).

Die sisteemteorie stel die gesin voor as 'n eenheid wat uit verskillende subsisteme bestaan en wat mekaar onderling beïnvloed. Huidige handelinge word gesien as 'n respons op wat vroeër gebeur het, met ander woorde die verlede word sterk beklemtoon. Verder bestaan daar verset teen verandering in die sisteem en dit bemoeilik op sy beurt huweliks- of verhoudingsaanpassing. Die verhouding behoort aanloklike alternatiewe vir gesinsinteraksies te bied, ten einde die verset teen verandering te verminder. 'n Raakpunt tussen die verskillende sisteemteorieë is dat probleme tussen generasies

oorgedra word, sodat die oorsprong van verhoudingsprobleme gesien word as komende vanuit die gesinne van oorsprong (vgl. 4.1.4).

Alhoewel die vier hoofstrome van huweliksterapie dus in wese op uiteenlopende standpunte berus, word die rol van die gesin van oorsprong ten opsigte van die verhouding deur almal erken. Die klemverskille wat daar bestaan, kom in die benaderings tot terapie na vore. Teoreties kan daar egter aanvaar word dat die gesin van oorsprong - in 'n mindere of meerdere mate, direk of indirek - die "sukses" van die liefdesverhouding beïnvloed. Die gesin van oorsprong kan dus 'n voorspellende en terapeutiese rol speel as dit by die verhoudingslewe in ag geneem word.

### 2.4.3 Algemene bespreking

Soos reeds gesien, word die belangrikheid van die gesin van oorsprong ten opsigte van die liefdesverhouding deur vier van die hoofstrome in die psigologie beklemtoon. Vorige navorsing oor die spesifieke verband tussen gesinsfunksionering en die kwaliteit van die liefdesverhouding is egter baie skraps.

'n Studie wat soortgelyk aan die onderhawige is, is deur Bell et al. (1985) onder 2 313 eerstejaarstudente in Amerika uitgevoer. Hulle het bevind dat daar 'n positiewe korrelasie tussen die studente se nabyheid in hulle verhouding met hulle ouers en die sosiale bevoegdheid en kwaliteit van verhoudings met die portuurgroep was. Alhoewel liefdesverhoudings as sulks nie direk betrek is nie, kan daar tog 'n verband tussen die kwaliteit van liefdesverhoudings en die aard van die verhouding met die portuurgroep gesien word.

'n Verdere studie is deur Camfield (1983, in Hovestadt et al., 1985:293) uitgevoer waarin hy 171 getroude paartjies betrek het. Hy het 'n beduidende korrelasie tussen die waargenome vlak van gesondheid in die paartjies se gesin van oorsprong en die waargenome gesondheid in die huidige huweliksverhouding gevind.

Flaherty & Richman (1986) het 'n beduidende korrelasie tussen die kwaliteit van huidige interpersoonlike verhoudings en die vroeëre verhoudings met ouers gevind. Volgens hulle data korreleer ouerlike affektiwiteit, maar nie rigiede kontrole nie, beduidend met die mens se kapasiteit om ondersteunende verhoudings te vorm.

Alhoewel daar klaarblyklik 'n tekort aan vorige relevante navorsing is, bestaan daar tog 'n verskeidenheid aannames en postulasies wat melding werd is.

Strean (1985) postuleer dat elke persoon 'n (huweliks-) verhouding met 'n eie verwysingsraamwerk betree. Die manier waarop die geliefde waargeneem en daar teenoor hom/haar opgetree word, word deur vorige ondervindings met veral ouers bepaal. Strean stel indien die kind se vormingsjare bevredigend was die kanse goed is dat hy na 'n bevredigende verhouding sal graviteer.

Flaherty & Richman (1986) beklemtoon ook die belangrikheid van die vroeëre verhoudings met ander belangrike persone soos ouers en gesinslede. Hierdie vroeëre verhoudings word geïnternaliseer in die proses van persoonlikheidsontwikkeling. "Thus, an individual's capacity to form supportive adult relationships is contingent on the quality of his or her earlier relationships."

Die vereistes waaraan die ouers moet voldoen word verder deur Bowlby (1979) gespesifiseer. Sterk en voortdurende emosionele ondersteuning deur ouers, gekombineer met aanmoediging en respek vir ontluikende ontwikkeling van outonomie, word as die noodsaaklike vereistes vir gesonde psigologiese groei en die kapasiteit om volwasse verhoudings te vorm gesien.

Sommige terapeutiese benaderings betrek ook die gesin van oorsprong by terapie, ten einde die verhoudingskwaliteite te verbeter. Dit wat in die gesin van oorsprong gebeur het, word wel in 'n groot mate op die verhouding van toepassing gemaak, en juis daarom word die gesin

self by die terapeutiese verhouding betrek om die verhoudingskwaliteit te verbeter. Die gesin speel dus ook in die hede 'n belangrike rol, en daarom word daar kortliks aan die benaderings van twee vooraanstaande terapeute aandag geskenk.

Framo is een van 'n hele aantal terapeute wat vanuit 'n objekrelasiebenadering die gesin van oorsprong in sy benadering tot huweliksterapie betrek (1976). Hy maak die volgende teoretiese veronderstellings:

- Indien die kind die ouers se gedrag as verwerping beleef, internaliseer hy die frustasie en word dit deel van sy gerepresseerde persoonlikheid.

- Lewensituasies word onbewustelik in die lig van die innerlike objek wêreld geïnterpreteer.

- Daar word onbewustelik gepoog om intieme verhoudings sodanig te verander dat dit die innerlike objekwêreld tevrede stel.

- Die innerlike objekwêreld stel irrasionele eise, sodat die poging om intieme verhoudings te verander, tot probleme lei.

- Die doel van terapie is om by die oorsaak van die probleme uit te kom. Deurdat die kliënt terugkeer na sy of haar gesin van oorsprong, word die probleme teruggeneem na waar dit begin het.

Die verhouding met die gesin van oorsprong kan ook in vier kategorieë geklassifiseer word:

- Sommige mense is oorbetrokke by die gesin van oorsprong. Sosiale verhoudings bestaan slegs met die gesin van oorsprong. Hierdie oorbetrokkenheid kan deur die ander party in die verhouding verwelkom of afgekeur word.

- Daar kan oppervlakkige en onpersoonlike kontak met die gesin van

oorsprong wees, waar die gesin uit pligsbesef 'n paar keer per jaar besoek word.

. Sommige mense beweer dat hulle werklik onafhanklik is omdat hulle hul totaal van die gesin van oorsprong afgesny het en nooit enige kontak met gesinslede het nie. Volgens Framo het hierdie groep die beste kans om die irrasionele patrone uit hulle gesin van oorsprong se verlede in hul eie verhoudings te herhaal.

. Die laaste groep het in hulle volwasse jare toereikende verhoudings met hulle ouers. Dit spruit uit 'n daarstelling van die self binne die gesin van oorsprong voordat daarvan losgemaak word. Daar is nie 'n desperate behoefte om weg te bly, of om naby die ouers te wees nie. Daar is dus nog oorbetrokkenheid, nog woedende distansiëring teenwoordig.

Framo beklemtoon verder die belangrike invloed van die gesin van oorsprong op die verhouding deurdat hy albei partye in 'n verhouding se gesinne van oorsprong by terapie betrek. Alhoewel hy dit nie as verpligtend beskou nie, beklemtoon hy die feit dat die fisiese teenwoordigheid van die gesinne meer tot groei kan bydra as enigiets anders wat die paartjie kan doen om hulle probleme op te los.

Vervolgens 'n kort samevatting van Spark (1974 en 1977, in De Wet 1985:73) se siening van die gesin van oorsprong se invloed op die verhoudingslewe.

Spark baseer haar voorkeur vir gesin-van-oorsprong-terapie op haar oortuiging dat die kliniese deurwerk van "unfinished business" tussen ouers en grootouers, en selfs tussen die sibbe, strukturele sowel as simptomatiese verandering in die gesinsisteem kan fasiliteer. Deur die lede te help om hul onbewuste lojaliteite en verpligtinge in oënskou te neem kan moontlik verandering in huidige verhoudings bewerkstellig word.

Sy glo dat die terapeutiese proses help om 'n nuwe fase van identifisering wat ou verdraaide aspekte in die verhouding vervang tussen die generasies te bewerkstellig.

Spark glo dus dat aspekte uit die gesin van oorsprong (die sogenaamde "unfinished business") die groei van die verhouding kan inhibeer (vgl. ook die metode van terapie soos ontwikkel deur De Wet, 1985:76 - 88).

Die liefdesverhouding skep nie iets nuuts in die betrokke individue nie - hulle wense, verdedigings en gewoontes het reeds by die aanvang van die verhouding bestaan. Hulle het onbewustelik hul eie teëspoed in die verhouding gereël as gevolg van hulle bestaande psigologiese en gedragskenmerke en is dus nie onskuldige slagoffers van die ongelukkige verhouding nie. Strean (1985) dui op die belangrikheid daarvan om te begryp hoe elkeen se lewensverhaal die liefdespatroon beïnvloed.

'n Menigte feite en teoretiserings is aangehaal uit al die maniere waarop die gesin van oorsprong die verhouding kan beïnvloed. Framo (1981) se opsomming van hoe die ideale gesin behoort te funksioneer is 'n gepaste manier om hierdie oorsig af te sluit. Alhoewel die mens uiters aanpasbaar is en selfs die erg disfunksionele gesin se erfenis kan oorwin, is dit tog funksioneel om in gedagte te hou hoe die gesin behoort te funksioneer.

. Differensiasie van die ouers. Elk het 'n eie selfkonsep ontwikkel voordat daar van die gesin van oorsprong losgemaak is.

. Duidelike skeiding van generasiegrense binne die gesin. Die kind behoort vry te wees van enige verantwoordelikheid om die ouerlike huwelik te red.

. Realistiese persepsies en verwagtings by die ouers van mekaar en van die kinders.

- Lojaliteit teenoor die huidige gesin is groter as teenoor die gesin van oorsprong.

- Die huweliksmaats stel mekaar eerste, selfs voor die kinders.Die huwelik sluit egter nie die kinders uit nie. Die kinders voel ook nie dat hulle deur naby een ouer te wees hulle die ander ouer vervreem nie.

- Aanmoediging vir identiteitsontwikkeling en outonomie vir alle gesinslede. Die suksesvolle ontwikkeling van die kinders sal daartoe lei dat hulle in 'n stadium die gesin verlaat om hulle eie gesinne te begin.

- Nie-besitlike warmte en affeksie tussen die ouers, tussen die ouers en die kinders, en tussen die sibbe.

- Die kapasiteit vir oop, eerlike en duidelike kommunikasie en die deel van probleme met mekaar.

- Realistiese mens-tot-mensverhoudings gekenmerk deur die omgee vir mekaar. Hierdie verhouding bestaan tussen die ouers asook tussen die ouers en hulle onderskeie ouers.

- 'n Oop gesin, met ander woorde betrokkenheid met ander buite die gesin, insluitende die uitgebreide gesin en vriende. Buitestaanders word binne die gesin toegelaat.

"To ensure a healthy and happy marriage, the prospective spouse not only needs to have had healthy, happy parents who loved him consistently, but he also needs to have had parents who enjoyed and loved each other consistently " (Strean, 1985:23).

## 2.5. SAMEVATTENDE BESPREKING

'n Oorsig oor die literatuur dui op die onteenseglike invloed wat die gesin van oorsprong op die liefdesverhouding kan uitoefen. Die

gesonde funksionering van die gesin is van die teenwoordigheid van sekere dimensies in die gesin afhanklik. Die afwesigheid van enige van hierdie dimensies kan stremmend op die verhouding inwerk, deurdat die gesin as leerskool vir sosiale vaardighede dien.

Adolessensie en die jeugtydperk is 'n verdere belangrike vormingsfase vir die mens. Tydens adolessensie kom veral die seksuele ontluiking en aanvang van heteroseksuele verhoudings onder die soeklig. Weereens kan die gesin se rol en invloed nie geringgeskat word nie. Nie alleen kan die verhoudingslewe direk beïnvloed word nie, maar die intrapsigiese ontwikkeling kan ook benadeel word en dit beïnvloed op sy beurt weer die verhoudingskwaliteit. 'n Voorbeeld hiervan is die aanname dat identiteitsvorming die ontstaan van werklik intieme verhoudings voorafgaan.

Die verhouding self word gekenmerk deur sekere fases waardeur dit gaan. Elke fase stel sy eie eise en vervul sekere funksies. Die liefdesverhouding is oor die algemeen 'n sentrale tema in die jeugdige se lewe, en kan ook as 'n belangrike voorspeller van latere huweliksgeluk dien.

Die literatuur is deurspek van teoretiese bewyse van die mate waarin die gesin van oorsprong die verhouding en ook die huwelik kan beïnvloed. Empiriese verifiëring is skaars, veral ten opsigte van die voorhuwelikse verhouding. Aangesien die verhouding as vooruitskouer op die huwelik dien, word daar in die volgende hoofstukke aandag gegee aan die empiriese ondersoek na die mate van korrelasie tussen gesinsgeluk en geluk binne die verhouding. Alhoewel 'n goed funksionerende gesin van oorsprong nie as die enigste voorwaarde vir verhoudingsgeluk beskou word nie, kan die oorsprong van heelwat probleme binne die gesin gevind word. Terapeuties gesien kan hierdie kennis dus vir die voorkoming en hantering van disfunksies in die verhouding van belang wees.

HOOFSTUK 3

METODE VAN ONDERSOEK

## 3.1 INLEIDING

Die doelstelling van hierdie ondersoek was kortliks om te bepaal of daar 'n verband bestaan tussen die kwaliteit van studente se gesinne van oorsprong en die kwaliteit van hulle ernstige voorhuwelikse liefdesverhoudings. Daar is dus ondersoek ingestel of daar 'n positiewe korrelasie bestaan tussen 'n "gesonde" gesin van oorsprong en 'n "gesonde" liefdesverhouding, asook of 'n "gesonde" gesin van oorsprong as voorspeller kan dien vir 'n "gesonde" liefdesverhouding.

## 3.2 DIE ONDERSOEKGROEP

Die ondersoekgroep in hierdie ondersoek is blanke voorgraadse studente aan die PU vir CHO wat reeds hul eerste studiejaar voltooi het en ten tye van die ondersoek betrokke was in 'n vaste, heteroseksuele liefdesverhouding wat reeds minstens drie maande geduur het. Hierdie kriterium is deur die skrywer vasgestel, aangesien daar gevoel is dat 'n verhouding wat reeds drie maande duur, 'n mate van permanensie en betrokkenheid vertoon wat verlang word in die ernstige verhouding. Hierdie kriterium mag egter van navorser tot navorser verskil.

Albei lede van die verhouding word by die ondersoek betrek en albei moet aan die vereistes voldoen. Om die populasie relatief homogeen te hou en so ver moontlik kontaminerende faktore uit te skakel, is die voorwaarde gestel dat geeneen vanuit die ouerhuis mag studeer nie, en albei lede van die verhouding moet uit intakte gesinne kom met twee of meer kinders in die gesin. Daar is gevoel dat gesinne waar egskeiding of dood voorgekom het, of waar daar net een kind is, eiesoortige dinamiek mag oplewer wat 'n kontaminerende invloed op die resultate mag uitoefen. Weereens mag hierdie kriteria van dié van ander navorsers verskil.

Ten einde respondente te bekom is vraelyste tydens klastye aan tweede- en derdejaarstudente in die volgende departemente versprei:

. Lettere en Wysbegeerte - Sielkunde, Sosiologie en Bybelkunde

. Ekonomiese Wetenskappe - Bedryfs- en Personeelsielkunde

. Farmasie - Chemie

Studente wat aan die voorafgaande vereistes voldoen, is aan die hand van die ± 750 vraelyste geïdentifiseer. Vervolgens is die persone met wie hierdie studente in 'n liefdesverhouding betrokke is, ook geëvalueer om vas te stel of hulle aan dieselfde vereistes voldoen. Op hierdie manier is uiteindelik 192 studente (96 paartjies) geïdentifiseer wat aan al die vereistes voldoen het.

Die aanvanklike oogmerk was om uit hierdie studente 'n ewekansige steekproef te trek, ten einde inferensiële statistiek te kan toepas. Weens praktiese probleme (byvoorbeeld studente wat nie vir toetsing opgedaag het nie) kon net 90 respondente uiteindelik aan toetsing onderwerp word. Daar is toe besluit om al negentig respondente se data te verwerk, eerder as om uit hulle geledere 'n steekproef te trek. As gevolg hiervan word daar gebruik gemaak van beskrywende statistiek, en word nulhipoteses nie gestel nie, beduidendheidspeile nie vasgestel nie en veralgemenings nie gemaak nie.

'n Ontleding van die ondersoekgroep se studierigtings toon egter dat hierdie studente wel 'n betekenisvolle weerspieëling gee van die breë universum voorgraadse studente aan die PU vir CHO:

. Farmasie - 30
. Lettere en Wysbegeerte - 20
. Natuurwetenskappe - 12
. Regte - 7
. Teologie - 2
. Ekonomiese Wetenskappe - 19

Aangesien een van die respondente een van die instrumente nie volledig ingevul het nie, is hierdie paartjie se gegewens tydens dataverwerking buite rekening gelaat, sodat uiteindelik van 88 respondente se gegewens gebruik gemaak is.

## 3.3 TOETSPROSEDURE

Weens praktiese oorwegings is die toetsing tydens meer as een geleentheid uitgevoer, sodat die respondente in groepies van 6 tot 12 persone per geleentheid getoets is.

Nadat die rasionaal van die navorsing aan die respondente verduidelik is, is die vier instrumente toegepas (vgl. 3.4: Meetinstrumente). Die toepassing van die vier vraelyste het gewoonlik ongeveer 45 minute in beslag geneem.

## 3.4 MEETINSTRUMENTE

Die "Gesin van Oorsprongskaal" is gebruik om die respondente se gesinne van oorsprong te evalueer. Drie vraelyste is gebruik om aspekte van die verhoudingslewe te meet, naamlik die "Personal Assessment of Intimacy in Relationships", "Premarital Communication Inventory" en die "Conflict Tactics Scale" Hierdie skale word volledig bespreek in afdelings 3.3.1 tot 3.3.4.

Die betrokke meetinstrumente is vir hierdie studie gebruik ten einde inligting rondom die volgende areas te verkry:

. Die graad van waargenome gesondheid in die gesin van oorsprong deur elke individu se subjektiewe persoonlike siening van die gesin waarin hy of sy grootgeword het.

. Die graad van intimiteit wat elke lid van die liefdesverhouding volgens homself of haarself met die ander persoon binne die verhouding handhaaf.

- Die mate waarin kommunikasie binne die verhouding deur elke lid as bevredigend ervaar word.

- Die manier waarop konflik binne die verhouding hanteer word.

Deur die data wat sodoende verkry word te korreleer, kan die verband tussen die mate van "gesondheid" in die gesin van oorsprong en in die liefdesverhouding bepaal word. Deur middel van meervoudige regressie kan verder vasgestel word of die gesin van oorsprong 'n sinvolle voorspelling van die verhoudingskwaliteit bied.

Vervolgens 'n bespreking van die meetinstrumente.

### 3.4.1 Die Gesin van Oorsprongskaal (GOS)

Die GOS is ontwikkel deur Hovestadt et al. (1985:287 - 297).

#### 3.4.1.1 Rasionaal

Die GOS gaan van die standpunt uit dat outonomie en intimiteit twee essensiële konsepte in die lewe van die gesonde gesin is en dat dit ook met mekaar ineenskakel. Vir die ontwikkeling van outonomie binne die gesin is helderheid van uitdrukking, persoonlike verantwoordelikheid, respek vir die ander gesinslede en openheid vir ander in die gesin nodig, terwyl daar openlik met skeiding en verlies omgegaan moet word. Eweneens ontwikkel die gesonde gesin intimiteit deur die uitdrukking van gevoelens toe te laat, 'n warm huislike atmosfeer te skep, konflik te hanteer sonder onnodige stres, sensitiwiteit in gesinslede aan te moedig en in die inherente goedheid van die menslike natuur te glo.

Die twee konsepte, outonomie en intimiteit, word dus redelik omvattend gesien. Die GOS bevat sleutelkonstrukte van albei konsepte, en afsonderlike tellings word verskaf. Die instrument verskaf egter ook 'n totaaltelling wat die graad van waargenome gesondheid in die gesin van oorsprong aandui.

### 3.4.1.2 Motivering vir die gebruik van die skaal

Hierdie navorsing is veral daarop ingestel om te bepaal of daar 'n verband bestaan tussen die psigologiese gesondheid van die gesin van oorsprong en dié van die latere ernstige liefdesverhouding. Die GOS stel die navorser in staat om individue te klassifiseer in ooreenstemming met die vlakke van waargenome gesondheid in die gesin van oorsprong. Die individu se eie persepsie van sy ondervindings in sy gesin word gemeet, terwyl die aanname gemaak word dat waargenome realiteit verband hou met werklike realiteit.

Die betroubaarheid van die GOS is bevredigend, terwyl die verskaffing van totaaltellings statistiese berekenings moontlik maak. Daar is tans nog nie Suid-Afrikaanse norms vir hierdie instrument beskikbaar nie, en daarom sal slegs die roupunte wat verkry word in hierdie ondersoek gebruik word. Daar bestaan ook geen ekwivalente Suid-Afrikaanse skaal nie, wat die toepassing van hierdie skaal noodsaak. Dit wil voorkom of die skaal wel kultuurbillik is en onveranderd in die Suid-Afrikaanse milieu toegepas kan word.

### 3.4.1.3 Fisieke voorkoms van die skaal

Die GOS is gedurende 1985 deur 'n sielkundige en taalkundiges verbonde aan die PU vir CHO vertaal. Die finale vertaalde skaal het dieselfde voorkoms as die oorspronklike 1980 weergawe, nl. 40 items wat op 'n vyfpuntskaal van die Likerttipe beantwoord word. Vir elke item ontvang die gesondste respons 5 punte, en die ongesondste respons 1 punt. Die hoogste moontlike telling is dus 200, en die laagste 40.

Wat die Amerikaanse norms aanbetref, is 278 voorgraadse en nagraadse studente aan die East Texas State University getoets. Van hulle was 39 swart en 239 blank.

Na aanleiding van die tellings wat behaal is kon die funksionering van die respondente se gesinne in drie groepe gekategoriseer word. Die boonste groep het tellings van 160-198 behaal, die middelste groep 135 - 159, en die onderste groep 63 - 134. Daar was geen beduidende verskille tussen die twee rassegroepe se gemiddelde tellings nie.

3.4.1.4 Betroubaarheid

'n Toets-hertoetsbetroubaarheidskoëffisiënt van 0,97 ($p < 0,001$) is verkry oor 'n tydsverloop van twee weke op 41 gegradueerde Psigologie studente. Toets-hertoetskoëffisiënte vir die 20 items van die outonomiekonsep het gevarieer van 0,39 tot 0,88, met 'n mediaan van 0,77; toets-hertoetskoëffisiënte vir die 20 items van die intimiteitskonsep het gevarieer van 0,46 tot 0,87, met 'n mediaan van 0,73. In 'n onafhanklike studie met 116 voorgraadse studente is 'n Cronbach Alpha van 0,75 en Gestandaardiseerde Item Alpha van 0,97 verkry (Hovestadt et al., 1985).

Die betroubaarheid van die instrument word as bevredigend beskou.

3.4.1.5 Geldigheid

Die GOS se geldigheid word deur talle voorbeelde gestaaf. Hovestadt et al. (1985:293) verwys na 'n studie van Holler (1982) wat die waargenome gesondheid van die gesin van oorsprong vergelyk het tussen 25 manlike lede van alkoholprobleemhuwelike en 25 manlike lede van nie-alkoholprobleemhuwelike. 'n Alkoholprobleemhuwelik was een waarin die alkoholgebruik van die man geïdentifiseer is as 'n belangrike faktor in huweliksprobleme. 'n Beduidende verskil, $t(48) = 3,20$, $p < 0,01$, is in die waargenome gesondheid van die gesin van oorsprong uitgewys tussen mans in nie-alkoholprobleemhuwelike ($\bar{X} = 140,24$) en mans in alkoholprobleemhuwelike ($\bar{X} = 119,76$).

### 3.4.2 Die "Personal Assessment of Intimacy in Relationships" (Pair)-vraelys

Die PAIR-vraelys is ook soos die GOS aan die PU vir CHO vertaal. Inligting aangaande die skaal is verkry uit 'n artikel deur Schaefer & Olson (1981: 47 - 60).

#### 3.4.2.1 Rasionaal

Die PAIR is ontwikkel as 'n hulpmiddel vir opvoedkundiges, navorsers en psigoterapeute. Die vraelys bepaal die graad van intimiteit wat 'n individu volgens sy eie waarneming met die huweliksmaat het. Vyf areas van intimiteit word betrek, nl. emosionele, sosiale, seksuele, intellektuele en rekreasionele intimiteit, asook 'n telling vir konvensionaliteit.

Intimiteit word beskou as 'n proses en as ondervindings wat die gevolge is van die deel van intieme ondervindings. Die PAIR is nie 'n kliniese instrument waarmee na ernstige afwykings of patologie gesoek word nie. Dit konsentreer eerder op die meting van 'n normale persoon se intimiteitsbelewing in 'n verhouding.

#### 3.4.2.2 Motivering vir die gebruik van die skaal

Die PAIR word veral deur die terapeut gebruik om terugvoering te verskaf aan 'n paartjie oor die moontlike diskrepans tussen die ervaarde en verwagte graad van intimiteit binne 'n verhouding. Vir die doeleindes van hierdie studie is gebruik gemaak van die subskaaltellings ten opsigte van die beleefte graad van intimiteit, soos vermeld deur die individuele lede van elke verhouding. Die tellings is statisties korreleerbaar met die tellings van die GOS.

Alhoewel die PAIR eintlik vir huwelikspare ontwerp is, was dit tog uiters geskik vir hierdie studie waar ernstige verhoudings ondersoek is. Net soos in die huweliksverhouding, is die verskillende areas

van intimiteit ook 'n integrale deel van die liefdesverhouding. Dit was wel nodig om aan die respondente uit te wys dat die vrae wat die seksuele betrek, gesien moet word as die betoning van affeksie deur fisiese kontak en dat daar nie aangeneem word dat seksuele omgang wel plaasvind nie. Aangesien die voorhuwelikse verhouding hier ondersoek word, is daar gevoel dat dit nodig is om uit te wys dat seksuele omgang nie as vanselfsprekend aanvaar word nie.

3.4.2.3 Fisieke voorkoms van die skaal

Die PAIR bestaan uit 36 items op 'n vyfpuntskaal van die Likerttipe, met ruimte vir die antwoord langs elke vraag. Vir elke item ontvang die mees gewensde respons 'n telling van 5, en die mees ongewensde respons 'n telling van 1. Vir die doeleindes van hierdie navorsing is met roupunte gewerk, sodat die moontlike totaaltellings kon wissel tussen 36 - 180. Gewoonlik word die tellings in 'n telling soortgelyk aan 'n persentielrang omgesit (omvang = 0 - 96) en word die tellings in profielformaat weergegee.

Verskeie psigometriese kriteria vir toetskonstruksie, waaronder faktorontleding en frekwensiedistribusie is gebruik vir itemseleksie vir die skaal. Aanvanklik het die skaal uit 75 items bestaan: 10 items vir elk van die tipes intimiteit en 15 items vir die konvensionaliteitskaal wat as leuenskaal ingebou is. Van hierdie items is slegs dié met die beste faktorlading en die beste itemanalisekriteria opgeneem.

3.4.2.4 Betroubaarheid en geldigheid

Om die betroubaarheid en geldigheid van die PAIR te bepaal, is die oorspronklike vraelys met 75 items op 192 paartjies sonder kliniese problematiek voor die aanvang van huweliksverrykingsnaweke toegepas. Die PAIR was een van 'n hele aantal instrumente wat toegepas is.

Die steekproef het uit 192 egpare bestaan wat tussen 1 en 37 jaar getroud was ($\bar{X}$ = 11,8; SD = 8,3) en wie se ouderdomme tussen 21 en 60 jaar gewissel het ($\bar{X}$ = 35,3; SD = 8,6). Nege persent was voorheen getroud en 55 % het meer as 'n hoërskoolopleiding gehad. ($\bar{X}$ jare opleiding = 14,1; SD = 2,2). Slegs die ses items met die beste faktorlading in elke skaal is behou.

'n Verdere geldigheidstudie is gedoen deur ondersoek in te stel na die mate waartoe die PAIR onderskei tussen en konvergeer met ander veranderlikes. Die hipotese was dat paartjies met hoë tellings op die "Locke-Wallace Marital Adjustment Scale" ook hoë tellings op die PAIR behoort te behaal ten opsigte van hulle belewing van intimiteit binne die verhouding. Die uitgangspunt is dus dat daar 'n verband bestaan tussen intimiteit binne die huweliksverhouding en huweliksaanpassing.

Al die Pearson-korrelasies was voortdurend hoog positief behalwe met die Spirituele Subskaal van die Locke-Wallace. Die beduidendheid van alle korrelasies was ($p < 0,01$) met die meeste daarvan ($p < 0,001$).

Die betroubaarheid en geldigheid van hierdie instrument word as bevredigend beskou (Schaefer & Olson, 1981).

### 3.4.3 Die "Premarital Communication Inventory" (PCI)

Die PCI is aan die PU vir CHO vertaal. Inligting aangaande hierdie skaal is uit 'n artikel deur Bienvenu (1975: 65-68) verkry.

#### 3.4.3.1 Rasionaal

Die vermoë om effektief te kommunikeer word oor die algemeen as imperatief vir probleemoplossing in menslike verhoudings gesien. Dit blyk ook dat die grondslag vir goeie kommunikasie in die huwelik reeds in die voorhuwelikse verhouding gelê word. Bienvenu (1975)

verwys na 'n faktoranalitiese studie van Stimmet waarin 407 voorgraadse studente betrek is. Daar is bevind dat kommunikasie een van die sterkste korrelasies met gereedheid vir die huwelik toon.

Die PCI is ontwerp om die proses en inhoud van kommunikasie as 'n element van die voorhuwelikse verhouding te meet.

3.4.3.2 Motivering vir gebruik van die skaal

Die PCI ondersoek die paartjie se vermoë om te luister na die uitdrukking van die self, die hantering van ergernis, probleemoplossing, asook ander faktore wat met huweliksinteraksie en aanpassing verband hou. Die instrument is veral bruikbaar by paartjies wat al begin dink het oor die moontlikheid van 'n huwelik en dus in 'n ernstige verhouding betrokke is.

Aangesien die PCI 'n totaaltelling verskaf wat statisties bruikbaar is en dit verder blyk die enigste instrument te wees wat spesifiek op hierdie belangrike veld toegespits is, is dit uiters geskik vir die doeleindes van hierdie navorsing.

3.4.3.3 Fisieke voorkoms van die skaal

Die skaal bestaan uit 40 vrae, waarop die respondent een van drie moontlike antwoorde afmerk: "Ja", "Soms" en "Nee". Punte van 1 tot 3 word toegeken, met 3 punte vir die gunstige respons. Tellings tussen 40 en 120 is dus moontlik. Slegs 'n totaaltelling word verskaf.

3.4.3.4 Betroubaarheid en geldigheid

Geen data betreffende die betroubaarheid van hierdie instrument is beskikbaar nie. Die PCI het egter 'n groot bydrae gemaak op die terrein van huweliksvoorbereiding as 'n instrument in voorhuwelikse beraad en as 'n leerinstrument vir basiese konsepte in die huwelik.

Die PCI is ontwerp vir navorsing en het reeds baie potensiaal in die toepassingsveld getoon. Bienvenu (1975) verwys na die suksesvolle toepassing van die skaal onder studente asook tydens voorhuwelikse beraad en programme van huweliksverryking. Dit kan gesien word as 'n poging om die gebrek aan navorsing op die voorhuwelikse vlak aan te vul.

### 3.4.4 Die "Conflict Tactics Scale" (CTS)

Die CTS is soos die ander instrumente aan die PU vir CHO vertaal. Inligting aangaande hierdie instrument is uit 'n artikel deur Straus (1979: 75 - 88) verkry.

#### 3.4.4.1 Rasionaal

Konflik word as 'n onafwendbare deel van alle menslike interaksies gesien. Sonder konflik en die veranderinge wat dit teweegbring, staan 'n sosiale eenheid - soos die gesin of 'n paartjie in 'n verhouding - die gevaar om ineen te stort. Onderdrukking van konflik kan lei tot stagnasie, alhoewel die meeste mense probeer om konflik te vermy. Straus onderskei drie aspekte van konflik, naamlik vyandigheid, konflik van belang, asook die oplossing van konflik. Die CTS meet in der waarheid die manier wat gebruik word om konflik van belang op te los.

#### 3.4.4.2 Motivering vir gebruik van die skaal

Die CTS verskaf drie subskaaltellings. Statistiese bewerkings is dus moontlik en van waarde. Daar word nie noodwendig ondersoek ingestel na konflik *per se* nie, maar eerder na die hantering daarvan wat van groot belang is as voorspeller van die suksesvolle aanpassing van 'n paartjie.

Subskaaltellings word verskaf oor Rasionele bespreking, Verbale en Nie-verbale optrede en Tipiese geweld. 'n Breë spektrum van metodes van konflikhantering word dus gedek en dit maak die instrument nog meer toepaslik.

#### 3.4.4.3 Fisieke voorkoms van die skaal

In die vorm van die skaal, wat hier gebruik is, bestaan die CTS uit 14 self-antwoordvrae met ruimte vir antwoorde op 'n vyfpuntskaal van die Likerttipe. Punte van 1 tot 5 word toegeken. Die respondente moet aandui hoe dikwels hy of sy gedurende die afgelope maand op 'n spesifieke wyse gereageer het tydens 'n konfliksituasie binne die verhouding.

Die Redeneringsubskaal bestaan uit vier items, terwyl die subskale vir Verbale aggressie en Fisiese geweld uit vyf items elk bestaan. Sodoende is maksimum subtotale van onderskeidelik 20, 25 en 25 moontlik.

#### 3.4.4.4 Betroubaarheid en Geldigheid

Interitembetroubaarheid is getoets deur die items te korreleer met die totaaltelling. Korrelasies het gewissel tussen 0,44 en 0,91 en word as bevredigend gesien. 'n Verdere Cronbach Alpha is bereken, en die korrelasies het gewissel van 0,50 tot 0,88. Die korrelasies van die subskale Verbale aggressie en Fisiese geweld was veral hoog. Die betroubaarheid van die CTS word as bevredigend gesien.

Die konstrukgeldigheid van die CTS word deur 'n aantal voorbeelde gestaaf, onder andere deur die feit dat die CTS-tellings korreleer met bevindings in vyf onafhanklike studies en dat CTS-data aangaande die transgenerasionele patroon van geweld ooreenstem met ander empiriese bevindings. Getuienis van saamvallende geldigheid en inhoudsgeldigheid word ook vermeld (Straus, 1979).

## 3.5 DATA-ANALISE

Die vraelyste is deur die Department Rekenaardienste aan die PU vir CHO nagesien en statisties verwerk. Die verwerking van die data is gedoen met behulp van die SAS programpakket (Statistical Analysis System) vir hoofraamrekenaars. Die spesifieke programme was PROC

CORR vir die berekening van korrelasies en PROC REG vir die berekening van regressies. Die roupunte soos behaal op die vier skale is gebruik en die drie verhoudingskale se gegewens is met dié van die GOS vergelyk. Die volgende tellings word deur die onderskeie instrumente verskaf:

. GOS : Totaal
Intimiteit
Outonomie

. PAIR : Emosionele Intimiteit
Sosiale Intimiteit
Seksuele Intimiteit
Intellektuele Intimiteit
Rekreasionele Intimiteit
Konvensionaliteit

. PCI : Totaal

. CTS : Redenering
Verbale Aggressie
Geweld

### 3.5.1 Korrelasies

Vir die berekening van die korrelasies tussen die GOS en die drie verhoudingskale is gebruik gemaak van 'n parametriese tegniek (N > 30), naamlik die Pearson-Produkmomentkorrelasiekoëffisiënt (Pearson-r). Die Pearson-r kon gebruik word deurdat aan die volgende vereistes voldoen is:

. N > 30
. Die gegewens is in tellings (nie persentasies, ens.)
. Die tellings is in onafhanklike pare verkry
. Die gekorreleerde veranderlikes is kontinu
. Die verband is reglynig
. Die verspreiding van die tellings is naastenby normaal
(Vgl. Swanepoel & Van der Watt, 1982)

Die formule vir die berekening van r is as volg:

$$r = \frac{\Sigma X_1 Y_1 - n\bar{x}\bar{y}}{\sqrt{\Sigma x_1^2 - n\bar{x}^2}\sqrt{\Sigma y_1^2 - n\bar{y}^2}}$$

In die praktyk word r dikwels bereken as 'n eerste stap in die bestudering van die verwantskap tussen x en y. Dit is 'n nuttige maatstaf om te bepaal of die passing van 'n reguit lyn by die data inderdaad sinvol sou wees (Steyn et al. 1984).

Die korrelasie wat so verkry word, kan wissel van -1 tot +1, en sodoende word aangetoon of 'n korrelasie positief of negatief is. By die evaluering van r word $r^2$ dikwels bereken, waardeur die persentasie gemeenskaplike variansie tussen die afhanklike- en onafhanklike veranderlikes verklaar word. Sommige navorsers neem 'n korrelasie van 0,7 as 'n geskikte snypunt vir interpretasiedoeleindes, aangesien dit feitlik 50 % gemeenskaplike vaiansie verklaar (Freund, 1979).

### 3.5.2 Regressies

In regressieanalise word gepoog om die verband of verwantskap tussen 'n afhanklike veranderlike Y en 'n stel onafhanklike of verklarende veranderlikes $X_1$ , ..., Xp in 'n meerveranderlike datastel met betrekking tot 'n wiskundige model te beskrywe. 'n Lineêre regressievergelyking kan dan geskryf word in die vorm:

$$Y = \beta_0 + \beta_1 X_1 + \ldots + \beta_p X_p + U$$

waarby $\beta_0, \beta_1, \ldots \beta_p$ die regressiekoëffisiënte en U die residu- of foutterm genoem word. Die i-de regressiekoëffisiënt meet die lineêre invloed van $X_1$ op Y, as $X_1$ gevarieer word terwyl die ander veranderlikes konstant gehou word (Steyn, et al. 1984).

Die sterkte van die lineêre verwantskap tussen Y en die stel verklarende veranderlikes $X_1$, ..., $X_p$ word deur die meervoudige korrelasiekoëffisiënt R gemeet en die bepaaldheidskoëffisiënt $R^2$ dui op die proporsionele deel van die variasie van Y wat verklaar word deur 'n lineêre model gebaseer op die verklarende veranderlikes in die model (Freund, 1979).

Hierdie studie ondersoek die mate waarin die bereiking van outonomie en intimiteit in die gesin van oorsprong (onafhanklike veranderlikes) as voorspellers vir funksionele kommunikasie, intimiteit en konflikhantering in die ernstige voorhuwelikse verhouding (afhanklike veranderlikes) optree.

In hoofstuk 4 (4.1) word die hipoteses gestel en vervolgens getoets. Daar word telkens ondersoek of die verkreë korrelasies en regressies 49 % of meer gemeenskaplike variansie verklaar. Hierdie kriterium is deur die navorser gestel, aangesien dit as 'n geskikte snypunt vir interpretasiedoeleindes gesien word. Hierdie kriterium mag egter van dié van ander navorsers verskil.

In Hoofstuk 4 word die resultate volledig weergegee en bespreek.

# HOOFSTUK 4

## RESULTATE EN BESPREKING

Tot dusver is gekonsentreer op sienings en tendense wat uit die literatuur na vore kom. Daar is 'n oorsig oor die dinamika van die gesin en die voorhuwelikse liefdesverhouding gegee. Daar is ook verwys na die individu se wegbeweeg vanaf die gesin na die diadiese verhouding, en die tipiese kwelpunte rondom adolessensie wat dit vooraf gaan. Vervolgens word aandag gegee aan die empiriese resultate wat tydens hierdie ondersoek behaal is.

Daar is reeds verwys na die wyse waarop die respondente verkry is, asook die skale wat vir evaluasie gebruik is (ten opsigte van die gesin, die GOS of Gesin van Oorsprong Skaal; ten opsigte van die verhouding, die PCI of "Premarital Communication Inventory"; die PAIR of "Personal Assessment of Intimacy in Relationships"; en die CTS of "Conflict Tactics Scale".

Vervolgens word enkele hipoteses gestel, waarna die resultate van die toetsing weergegee en bespreek word. Die roupunte is statisties verwerk deur middel van korrelasies tussen die verskillende skale, asook 'n regressie-analise.

### 4.1 HIPOTESES

Vir die redes wat in hoofstuk 3 (vgl. 3.2) genoem is, word daar vir die doeleindes van hierdie studie nie nulhipoteses gestel en beduidendheidspeile vasgestel nie. Daar word wel hipoteses gestel en ondersoek word ingestel of die korrelasies en regressies betekenisvolle (onderskei van beduidende) resultate lewer. Hierdie hipoteses weerspieël die aanvanklike uitgangspunte by die aanvang van die ondersoek. Die aanvoeling dat die gesin van oorsprong 'n invloed op die geluk van die liefdeslewe uitoefen, is deur die literatuur versterk. Die literatuur het egter aangedui dat daar 'n gebrek aan

empiriese verifiëring van hierdie invloed bestaan, en dan veral ten opsigte van die ernstige voorhuwelikse verhouding.

Hierdie studie poog dus om empiriese bewyse te vind vir hierdie veronderstelling in soverre dit vir die ondersoekgroep verbonde aan die PU vir CHO geld. Die volgende hipoteses word gestel:

### 4.1.1 Algemene hipoteses

. dat daar 'n betekenisvolle positiewe korrelasie tussen die gesonde gesin van oorsprong en die gesonde, ernstige voorhuwelikse liefdesverhouding bestaan, soos onder die ondersoekgroep gevind;

. dat die gesonde gesin van oorsprong 'n betekenisvolle voorspelling van die ernstige, voorhuwelikse liefdesverhouding bied, soos onder die ondersoekgroep gevind.

### 4.1.2 Spesifieke hipoteses

. dat daar 'n betekenisvolle positiewe korrelasie tussen die gesonde gesin van oorsprong en funksionele kommunikasie in die ernstige voorhuwelikse verhouding van die ondersoekgroep bestaan;

. dat daar 'n betekenisvolle positiewe korrelasie tussen die gesonde gesin van oorsprong en ware intimiteit in die ernstige voorhuwelikse liefdesverhouding van die ondersoekgroep bestaan;

. dat daar 'n betekenisvolle positiewe korrelasie tussen die gesonde gesin van oorsprong en die funksionele hantering van konflik in die ernstige voorhuwelikse liefdesverhouding van die ondersoekgroep bestaan;

. dat die gesonde gesin van oorsprong 'n betekenisvolle voorspelling van funksionele kommunikasie in die ernstige voorhuwelikse liefdesverhouding van die ondersoekgroep bied;

- dat die gesonde gesin van oorsprong 'n betekenisvolle voorspelling van ware intimiteit in die ernstige voorhuwelikse liefdesverhouding van die ondersoekgroep bied, en

- dat die gesonde gesin van oorsprong 'n betekenisvolle voorspelling van die funksionele hantering van konflik in die ernstige voorhuwelikse liefdesverhouding van die ondersoekgroep bied.

## 4.2 RESULTATE EN BESPREKING

Nadat die vraelyste nagesien is, is die resultate statisties verwerk (vgl. 3.5 ). Korrelasies en regressies is vervolgens bereken.

### 4.2.1 <u>Korrelasiekoëffisiënte</u>

Korrelasies is bereken tussen

- die Gesin van Oorsprongskaal (GOS) se totaaltelling asook subskaaltellings (Outonomie en Intimiteit) en die "Premarital Communication Inventory" (PCI) se totaaltelling;

- die GOS se totaal- asook subskaaltellings en die "Personal Assessment of Intimacy in Relationships" (PAIR) se ses subskaaltellings, en

- die GOS se totaal- asook subskaaltellings en die "Conflict Tactics Scale" (CTS) se drie subskaaltellings.

#### 4.2.1.1 Die gesin van oorsprong en kommunikasie

In tabel 1 word aangetoon in watter mate daar 'n korrelasie was tussen die tellings wat die ondersoekgroep op die GOS en die PCI behaal het.

TABEL 1

Korrelasies tussen GOS en PCI

| PCI | GOS | | |
|---|---|---|---|
| | Totaal | Outonomie | Intimiteit |
| | 0,69[1] | 0,62 | 0,72* |
| Totaal | 0,48[2] | 0,38 | 0,52 |

* Betekenisvol (N = 88)

1. Pearson r
2. $r^2$

Die korrelasies wat behaal is, is deurgaans hoog positief (0,62 en hoër), wat daarop dui dat daar 'n positiewe verband tussen die funksionering van die gesin van oorsprong en funksionele kommunikasie binne die verhouding gevind is.

'n Fynere ontleding dui daarop dat slegs die korrelasie tussen die PCI se totaaltelling en die GOS se Intimiteitsubskaal aan die voorafbepaalde kriterium voldoen. Hierdie korrelasie verklaar 52 % van die gemeenskaplike variansie. Die belangrike rol van intimiteit word deeglik in die literatuur beklemtoon en intimiteit word as 'n kritieke interpersoonlike veranderlike in beide die gesin en die verhouding beskou (Berman & Lief, 1975, in Waring 1984:185; Erikson, 1974; Frankel, 1982). Intimiteit impliseer kommunikasie. "Intimacy is ... a willingness to expose one's own private inner self" (Levinson, 1974:361). Daar is egter 'n spesiale persoon nodig aan wie hierdie kommunikasie gerig word. "Intimacy is completed when you reveal the secrets of your I to yourself or another and experience a sense of understanding and appreciation" (McMahon, 1982:302). Hierdeur word ook terugvoering geïmpliseer, wat daarop dui dat 'n verhouding dinamies moet wees ten einde ware intimiteit te kan bevat.

Die literatuur beklemtoon egter ook die belang van outonomie in die gesin van oorsprong, en die verband tussen outonomie en intimiteit (vgl. 4.2.1.2). Alhoewel hier 'n sterker positiewe korrelasie ten opsigte van intimiteit gevind is, is die korrelasie met outonomie ook hoog positief en kan die belang van intimiteit in die gesin van oorsprong nie na waarde geskat word sonder om outonomie ook te betrek nie (Hovestadt et al., 1985; Karpel, 1985). Hierdie resultate onderstreep in der waarheid die samehang tussen outonomie en intimiteit in die gesin van oorsprong. In soverre dit die hipotese aangaan, blyk dit dat (ten opsigte van die ondersoekgroep) die bereiking van intimiteit binne die gesin van oorsprong betekenisvol positief korreleer met funksionele kommunikasie in die ernstige liefdesverhouding. Alhoewel die korrelasie tussen outonomie en kommunikasie nie aan die vereiste voldoen het nie, was die korrelasie tog hoog positief en ondersteun dit die tendens wat verwag is. Ten opsigte van die GOS se totaaltelling en outonomiesubskaal word die hipotese dus verwerp, terwyl die hipotese ten opsigte van die GOS se intimiteitsubskaal aanvaar word.

Oor die algemeen dui die resultate dus tog op 'n tendens wat in 'n mate dit wat uit die literatuur blyk en dit wat verwag is steun, naamlik dat daar 'n positiewe verband tussen die "gesonde" gesin van oorsprong en "gesonde" kommunikasie binne die ernstige voorhuwelikse liefdesverhouding bestaan.

4.2.1.2 Die gesin van oorsprong en intimiteit

Vervolgens 'n bespreking van die korrelasies tussen die tellings wat die ondersoekgroep op die GOS en die PAIR behaal het.

Soos blyk uit tabel 2 is die korrelasies almal positief, maar slegs enkele van die korrelasies voldoen aan die kriterium wat gestel is.

## TABEL 2

Korrelasies tussen GOS en PAIR

| PAIR | GOS | | |
|---|---|---|---|
| | Totaal | Outonomie | Intimiteit |
| Emosionele intimiteit | 0,71*[1]<br>0,50 [2] | 0,63<br>0,40 | 0,75*<br>0,56 |
| Sosiale intimiteit | 0,61<br>0,37 | 0,56<br>0,31 | 0,63<br>0,40 |
| Seksuele intimiteit | 0,59<br>0,35 | 0,56<br>0,31 | 0,58<br>0,34 |
| Intellektuele intimiteit | 0,62<br>0,38 | 0,55<br>0,30 | 0,66<br>0,44 |
| Rekreasionele intimiteit | 0,64<br>0,41 | 0,57<br>0,33 | 0,67<br>0,45 |
| Konvensionaliteit | 0,66<br>0,44 | 0,58<br>0,34 | 0,70*<br>0,49 |

* Betekenisvol (N = 88)

1. Pearson r
2. $r^2$

Die GOS se outonomiesubskaal korreleer deurgaans positief met die subskale van die PAIR, maar nie een van die verbande is betekenisvol nie. Die korrelasie met emosionele intimiteit is die hoogste, nl. 40 % gemeenskaplike variansie word verklaar. Hierdie bevindinge verleen nie sterk steun aan die sienings in die literatuur nie, naamlik dat die daarstelling van 'n eie identiteit en outonomie 'n voorvereiste vir die verkryging van ware intimiteit is (Erikson, 1974; Karpel, 1985). Die bevindings dui egter eerder op aanvaarding as verwerping van die stellings aangesien die korrelasies deurgaans relatief hoog positief is, maar na aanleiding van die kriterium wat gestel is, kan hier nie op grond van statistiese bevindings aannames ter ondersteuning gemaak word nie. Die oorsaaklike band tussen outonomie en intimiteit word verder by die bevindings van die regressie-analise ondersoek (vgl. 3.4.2.2).

Soos te verwagte is die korrelasies tussen intimiteit in die gesin en intimiteit in die verhouding deurgaans hoër as in die geval van outonomie. Die korrelasies is egter steeds laer as wat verwag kon word, deurdat slegs die korrelasies met emosionele intimiteit en konvensionaliteit betekenisvol was ($r \geq 0,70$).

Dit blyk dus dat daar ten opsigte van die ondersoekgroep veral 'n sterk verband bestaan tussen (a) 'n gesonde gesinsagtergrond en die latere emosionele nabyheid van twee mense in 'n verhouding, (Emosionele intimiteit), en (b) 'n gesonde gesinsagtergrond en die mate waarin die lede van die verhouding voel dat hul geliefde aan hulle vereistes voldoen (Konvensionaliteit). Daarenteen blyk dit dat intimiteit in die gesin van oorsprong nie so sterk ooreenkom met die kapasiteit om seksueel te verkeer nie (Seksuele intimiteit, 34 % variansie verklaar). Die GOS korreleer in der waarheid deurgaans die laagste met seksuele intimiteit. Die populêre siening waarvolgens intimiteit in terme van seksuele betrokkenheid gedefinieër word (Schaefer & Olson, 1981) word dus hier bevraagteken.

Die GOS-totaaltelling korreleer betekenisvol met net een subskaal van die PAIR, naamlik Emosionele intimiteit (50 % variansie verklaar). Die ander korrelasies is egter almal hoog positief.

Die resultate wat hier behaal is, sluit aan by 'n studie deur Schaefer & Olson (1981). Hulle het tellings wat op die PAIR behaal is, gekorreleer met tellings wat op die Locke-Wallace Marital Adjustment Scale behaal is. Die hipotese was dat indien hoë tellings op die PAIR positief met hoë tellings op die Locke-Wallace korreleer, die beskrywing van 'n verhouding as intiem met huweliksaanpassing verband hou, wat dan ook die geval was. Die hoogste korrelasies is deurgaans op die Emosionele-, Intellektuele- en Rekreasionele intimiteit-subskale behaal. Dieselfde drie subskale toon ook deurgaans van die hoogste korrelasies met die GOS. Die afleiding kan dus gemaak word dat die gesin van oorsprong positief korreleer met veral emosionele, intellektuele en rekreasionele intimiteit in die voorhuwelikse verhouding, asook met latere huweliksaanpassing.

Alhoewel die hipotese dat die gesonde gesin van oorsprong beduidend positief met ware intimiteit in die liefdesverhouding korreleer nie deurgaans aanvaar kan word nie, dui die resultate wat hier behaal is wel op so 'n tendens deurdat die korrelasies deurgaans hoog positief is.

4.2.1.3 Die gesin van oorsprong en konflik

Die hipotese wat hier ondersoek word, is of daar 'n positiewe korrelasie tussen die gesonde gesin van oorsprong en die funksionele hantering van konflik is. Die CTS onderskei tussen die hantering van konflik deur middel van redenering, verbale aggressie en geweld. 'n Hoë telling ten opsigte van die Geweldsubskaal dui op die afwesigheid van geweld, terwyl 'n lae telling ten opsigte van Redenering gewens is, aangesien dit op 'n intellektuele benadering tot konflikoplossing dui.

Om te voldoen aan die hipotese word hier dus 'n hoë positiewe korrelasie tussen die GOS en die Geweldsubskaal verwag, 'n korrelasie naby aan 0 tussen die GOS en die Redeneringsubskaal, en 'n korrelasie tussen die GOS en die subskaal vir Verbale aggressie iewers tussen die ander twee. Die interpretasie van hierdie korrelasies is problematies as gevolg van die samestelling van die CTS, maar 'n meer gepaste konflikskaal kon nie gevind word nie.

Tabel 3 toon aan dat die algemene tendens wel sterk neig na dit wat verwag is.

TABEL 3

Korrelasies tussen GOS en CTS

| CTS | GOS | | |
|---|---|---|---|
| | Totaal | Outonomie | Intimiteit |
| Redenering | 0,13 [1] | 0,13 | 0,12 |
| | 0,02 [2] | 0,02 | 0,01 |
| Verbale aggressie | 0,53 | 0,44 | 0,58 |
| | 0,28 | 0,19 | 0,34 |
| Geweld | 0,71* | 0,65 | 0,75* |
| | 0,50 | 0,42 | 0,56 |

* Betekenisvol (N = 88)

1. Pearson r

2. $r^2$

Die korrelasie tussen die GOS-totaalling en Geweldsubskaaltellings en die GOS-Intimiteitskaaltellings en Geweldsubskaaltellings is albei betekenisvol, en die skaaltellings vir GOS-Outonomie lê ook naby aan die kriterium. Sover dit die ondersoekgroep aangaan, is dus bevind dat daar 'n verband is tussen die gesonde gesin van oorsprong en relatief min geweld in die verhouding. Hierdie bevinding strook met die bevindings in die literatuur.

Daar is gevind dat geweld transgenerasioneel oorgedra word (Bernard & Bernard, 1983; Makepeace, 1981). Die afleiding is dat persone uit 'n gesonde gesinsagtergrond, wat lae vlakke van geweld impliseer relatief min geweld in hulle verhoudingslewe sal openbaar. Die resulate van die ondersoekgroep toon verder dat veral die belewing van intimiteit in die gesin van oorsprong 'n belangrike rol speel, terwyl outonomie 'n ietwat kleiner bydrae lewer.

Die feit dat die korrelasies van onderskeidelik Redenering, Verbale aggressie en Geweld van laag tot hoog varieer, versterk die algemene verwagting naamlik dat daar 'n korrelasie is tussen die gesonde gesin van oorsprong en soveel as moontlik redenering by die oplossing van konflik, relatief min verbale aggressie (Straus, 1981 noem dit ook simboliese aggressie) en die amperse afwesigheid van geweld.

Benewens faktore binne die verhouding wat geweld kan inisieer (Bernard et al., 1985; Makepeace, 1987; Roscoe & Benaske, 1985; Straus, 1981) wil dit voorkom of die gesin van oorsprong ook 'n rol speel. Die gesin blyk veral 'n rol te speel in die manier waarop die konflik hanteer word (Hovestadt et al. 1985; Straus, 1981) naamlik deur rasionele bespreking liewer as geweld, eerder as dat die gesonde gesin van oorsprong tot die afwesigheid van konflik per se sal lei.

As gevolg van die samestelling van die CTS is dit onmoontlik om die gestelde hipotese op statistiese gronde te aanvaar. 'n Duidelike tendens is egter wel gevind, op grond waarvan gestel word dat daar wel 'n verband tussen die gesonde gesin van oorsprong en die funksionele hantering van konflik gevind is.

Verder kan die korrelasies tussen die gesonde gesin van oorsprong en funksionele kommunikasie, asook tussen die gesonde gesin van oorsprong en ware intimiteit slegs in enkele gevalle as betekenisvol aanvaar word. Nie een van die hipoteses kan egter heeltemal verwerp word nie. Alhoewel daar slegs in enkele gevalle aan die kriterium voldoen is ($r \geq 0,70$), was die ander gevalle deurgaans naby aan die kriterium en het hulle wel op 'n duidelike tendens gedui.

Sover dit die korrelasies aangaan, kan daar op statistiese gronde nie deur die bank gepostuleer word dat daar beduidende korrelasies (ten opsigte van die ondersoekgroep) tussen die gesonde gesin van oorsprong en 'n gesonde voorhuwelikse liefdesverhouding gevind is nie. Die resultate wat behaal is, steun egter deurgaans die verwagtings asook die sienings in die literatuur en daarom kan gestel word dat daar tog 'n positiewe korrelasie gevind is. Die mate waarin die gesin van oorsprong geluk in toekomstige liefdesverhoudings kan voorspel, word vervolgens deur middel van 'n regressie-analise van die resultate ondersoek.

### 4.2.2 <u>Regressiekoëffisiënte</u>

Deur middel van regressiekoëffisiënte word gepoog om 'n onbekende veranderlike deur 'n bekende veranderlike (-es), te voorspel (Freund, 1979). Tydens die bespreking van die korrelasiekoëffisiënte (vgl. 4.2.1) is daarop gewys dat korrelasies nie aangewend kan word om voorspellings te maak nie. Met regressiekoëffisiënte is dit wel moontlik. Die doel van hierdie regressie-analise was om te bepaal of die gesin van oorsprong 'n betekenisvolle voorspelling van latere verhoudingsgeluk bied, soos gevind by die ondersoekgroep.

Die afhanklike veranderlikes in hierdie geval is telkens Outonomie en Intimiteit (die twee subskale in die GOS), terwyl die afhanklike

veranderlikes die drie verhoudingskale (PCI, PAIR en CTS) is. Die modelle wat is by hierdie meervoudige regressiekoëffisiënte gepas, is die volgende:

PCI-Totaal = $\beta_0 + \beta_1$ Outonomie + $\beta_2$ Intimiteit
PAIR-Emosionele intimiteit = $\beta_0 + \beta_1$ Outonomie + $\beta_2$ Intimiteit
PAIR-Sosiale intimiteit = $\beta_0 + \beta_1$ Outonomie + $\beta_2$ Intimiteit
PAIR-Seksuele intimiteit = $\beta_0 + \beta_1$ Outonomie + $\beta_2$ Intimiteit
PAIR-Intellektuele intimiteit = $\beta_0 + \beta_1$ Outonomie + $\beta_2$ Intimiteit
PAIR-Rekreasionele intimiteit = $\beta_0 + \beta_1$ Outonomie + $\beta_2$ Intimiteit
PAIR-Konvensionaliteit = $\beta_0 + \beta_1$ Outonomie + $\beta_2$ Intimiteit
CTS-Redenering = $\beta_0 + \beta_1$ Outonomie + $\beta_2$ Intimiteit
CTS-Verbale aggressie = $\beta_0 + \beta_1$ Outonomie + $\beta_2$ Intimiteit
CTS-Geweld = $\beta_0 + \beta_1$ Outonomie + $\beta_2$ Intimiteit

Die kriterium wat deurgaans gestel is, is dat Outomonie en Intimiteit saam meer as 49 % van die variansie in die afhanklike veranderlikes moet verklaar om as 'n betekenisvolle voorspelling aanvaar te word.

4.2.2.1 Die gesin van oorsprong en kommunikasie

Uit tabel 4 blyk dat die bereiking van outonomie en intimiteit in die gesin van oorsprong 'n betekenisvolle voorspelling van kommunikasie in die verhouding bied.

TABEL 4

REGRESSIE-ANALISE VAN GOS EN PCI

| Onafhanklike veranderlikes GOS | | Afhanklike veranderlike PCI (Totaal) |
|---|---|---|
| Afsnit | | 43,88 |
| Outonomie | Koëffisiënt[1] | -0,11 |
| | wh > /t/ [2] | 0,5524 |
| Intimiteit | Koëffisiënt | 0,87 |
| | wh > /t/ | 0,0001** |
| | 100 $R^2$ | 52,05 % |
| Gemiddeld van afhanklike veranderlike | | 103,36 |

(N=88)

* Beduidend op die 5 % peil

** Beduidend op die 1 % peil

1. Regressiekoëffisiënt
2. Oorskrydingswaarskynlikheid vir t-toets dat regressiekoëffisiënt = 0

Die twee subskale van die GOS verklaar saam 52,05 % van die gemeenskaplike variansie in die PCI-totaaltelling. Die hoë positiewe korrelasie wat tussen die gesin en kommunikasie in die verhouding gevind is (vgl. 4.2.1.2), word deur hierdie bevinding verder versterk.

Die bevindings ten opsigte van hierdie ondersoekgroep vind aansluiting by soortgelyke resultate wat deur Bell et al. 1985, Camfield (1983, in Hovestadt et al., 1985:293) en Flaherty & Richman (1986) behaal is. Hulle het almal 'n verband tussen die gesin en die latere liefdeslewe gevind. Sover dit hierdie ondersoekgroep aangaan, blyk dit dat die gesin ook ten opsigte van 'n spesifieke element in die verhouding (in hierdie geval kommunikasie) 'n goeie voorspelling kan bied.

'n Fynere analise van die resultate wys daarop dat veral Intimiteit in hierdie model 'n betekenisvolle voorspeller is. Die literatuur wys daarop dat intimiteit in die gesin van oorsprong ontstaan deur onder andere die uitdrukking van gevoelens en die hantering van konflik deur middel van rasionele bespreking (Hovestadt et al., 1985; Straus, 1979). Albei hierdie oorsaaklike faktore bevat kommunikasie as 'n sleutelelement, terwyl kommunikasie as sulks in hierdie studie ondersoek word. Die bydrae wat outonomie of individuering lewer, kan egter nie buite rekening gelaat word nie. Hovestadt et al., (1985) asook Karpel (1985) stel dat dit 'n sleutelelement in die menslike ontwikkeling is, en hulle onderstreep die belangrikheid van die gesin by die vorming daarvan. Alhoewel intimiteit dus hier 'n beter voorspelling van kommunikasie in die verhouding bied, is dit tog sinvol om outonomie in die meervoudige regressie te betrek.

Intimiteit en Outonomie, soos deur die gesin van oorsprong gevorm, bied dus 'n betekenisvolle voorspelling van kommunikasie in die latere ernstige voorhuwelikse liefdesverhouding van die ondersoekgroep. Die hipotese word dus aanvaar.

### 4.2.2.2 Die gesin van oorsprong en intimiteit

Die evaluering van intimiteit in die verhouding word deur die PAIR deur middel van ses fasette van intimiteit weergegee, en nie deur net 'n totaaltelling nie. Aangesien daar soveel fasette van intimiteit is, is dit nodig om die voorspelling wat die funksionering van die gesin van oorsprong bied ten opsigte van elke subskaal individueel waar te neem.

TABEL 5

REGRESSIE-ANALISE VAN GOS EN PAIR

| Onafhanklike veranderlikes GOS | | Afhanklike veranderlikes PAIR | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Emosioneel | Sosiaal | Seksueel | Intellektueel | Rekreasioneel | Konvensionaliteit |
| Afsnit | | 3,56 | 5,78 | 10,80 | 7,67 | 9,77 | 4,08 |
| Outonomie | Koëffisiënt[1] | -0,08 | -0,01 | 0,06 | -0,05 | -0,04 | -0,07 |
| | wh > /t/ [2] | 0,22 | 0,89 | 0,32 | 0,40 | 0,41 | 0,27 |
| Intimiteit | Koëffisiënt | 0,35 | 0,19 | 0,11 | 0,26 | 0,23 | 0,33 |
| | wh > /t/ | 0,0001* | 0,0008** | 0,04* | 0,0001** | 0,0001** | 0,0001** |
| | $100 R^2$ | 57 % | 39,35 % | 34,44 % | 43,41 % | 45,13 % | 49,17 % |
| Gemiddeld van afhanklike veranderlike | | 24,80 | 20,23 | 23,51 | 24,24 | 24,36 | 24,03 |

(N = 88)

* Beduidend op die 5 % peil
** Beduidend op die 1 % peil
1. Regressiekoëffisiënt
2. Oorskrydingswaarskynlikheid vir t-toets dat regressiekoëffisiënt = 0

Uit Tabel 5 blyk dat Outonomie en Intimiteit ten opsigte van twee fasette van intimiteit in die verhouding 'n betekenisvolle voorspelling bied, nl. Emosionele intimiteit en Konvensionaliteit. Schaefer & Olson (1981) beskryf emosionele intimiteit as die belewing van 'n nabyheid van gevoelens, terwyl konvensionaliteit verwys na die mate waarin die geliefde aan die verwagtings voldoen. Die deel van gevoelens vind aansluiting by die gesin, waar die kapasiteit om intieme gevoelens met ander te deel reeds gevorm behoort te word (Hovestadt et al., 1985; Glick & Kessler, 1980; Lantz, 1978). Die gesin kan ook die lede daarvan help om realistiese verwagtings aan ander te koppel.

Alhoewel Outonomie en Intimiteit net ten opsigte van twee subskale betekenisvolle voorspellings bied, is die voorspellings van die ander subskale almal redelik betekenisvol in die sin dat dit 'n duidelike neiging tot positiewe voorspelling toon, en telkens naby aan die kriterium kom.

Dis opvallend dat Outonomie feitlik deurgaans 'n negatiewe voorspelling bied. Hierdie bevinding weerspreek stellings soos dié van Karpel (1985) en L'Abate & Sloan (1984), naamlik dat die kapasiteit om in 'n waarlik intieme verhouding met 'n ander persoon betrokke te wees, 'n individu met 'n sterk identiteit en outonomie vereis. Ten opsigte van die ondersoekgroep blyk dit egter nie die geval te wees nie. Die siening van Hovestadt et al., (1985) en Schmaling (1984) dat 'n sintese van outonomie en intimiteit in die gesin van oorsprong noodsaaklik is vir latere gesonde verhoudings, kan egter nie verwerp word nie, aangesien die ondersoekgroep wel toon dat die gesonde gesin van oorsprong 'n redelike voorspelling van intimiteit in die verhouding bied.

Die hipotese dat die gesin van oorsprong 'n betekenisvolle voorspelling van intimiteit in die liefdesverhouding van hierdie ondersoekgroep bied, kan dus nie op grond van die statistiese kriteria aanvaar word nie. Hier is wel 'n duidelike tendens gevind

wat ook deur die resultate van die korrelasies gesteun word (vgl. 4.2.1.2). Dit word dus gestel dat ten opsigte van die ondersoekgroep, die gesin van oorsprong se funksionering 'n redelike voorspelling van intimiteit in die latere voorhuwelikse liefdesverhouding bied.

#### 4.2.2.3 Die gesin van oorsprong en konflik

Die positiewe korrelasie tussen gesonde gesinsfunksionering en die rasionele hantering van konflik in die voorhuwelikse verhouding (vgl. 4.2.1.3) word vervolgens verder deur middel van 'n regressievergelyking ondersoek. Bied die gesonde gesin van oorsprong dus 'n betekenisvolle voorspelling van die hantering van konflik in die verhouding?

TABEL 6

REGRESSIE-ANALISE VAN GOS EN CTS

| Onafhanklike veranderlikes GOS | | Afhanklike veranderlikes CTS | | |
|---|---|---|---|---|
| | | Redenering | Verbale aggressie | Geweld |
| Afsnit | | 12,05 | 10,68 | 9,85 |
| Outonomie | Koëffisiënt[1] / wh > /t/ [2] | 0,01 / 0,66 | -0,09 / 0,04 * | -0,02 / 0,57 |
| Intimiteit | Koëffisiënt / wh > /t/ | 0,01 / 0,91 | 0,20 / 0,0001** | 0,19 / 0,0001** |
| 100 $R^2$ | | 1,7 % | 37,3 % | 56 % |
| Gemiddeld van afhanklike veranderlike | | 13,28 | 19,99 | 23,23 |

(N = 88)

* Beduidend op die 5 % peil
** Beduidend op die 1 % peil
1. Regressiekoëffisiënt
2. Oorskrydingswaarskynlikheid vir t-toets dat regressiekoëffisiënt = 0

Tabel 6 toon aan dat, soos verwag is, die gesin van oorsprong wel funksionele hantering van konflik by die toetsgroep betekenisvol voorspel. Die bereiking van outonomie en intimiteit in die gesin lei tot min geweld (56 % variansie verklaar), meer verbale aggressie en veral redenering, as dit kom by die hantering van konfliksituasies in die verhouding.

Ook in hierdie geval lewer die samestelling van die CTS probleme by die interpretasie van gegewens (vgl. 4.2.1.3). 'n Duidelike tendens kom egter na vore. Die klein persentasie variansie wat ten opsigte van Redenering verklaar word, dui daarop dat hoë tellings op die GOS lae tellings op die Redeneringsubskaal van die CTS voorspel, en dit dui weer op 'n intellektuele benadering tot konflikoplossing. Net so word 'n hoë telling by die Geweldsubskaal van die CTS verwag, aangesien dit op 'n lae voorkoms van geweld in die verhouding dui. So 'n tendens is wel by die ondersoekgroep gevind.

Soos in die ander afdelings, lewer die GOS-Intimiteitsubskaal 'n aansienlik beter voorspelling van konflikhantering as outonomie. Volgens Glick & Kessler (1980) behels produktiewe konflik inderdaad 'n vorm van intimiteit, aangesien dit deur vertroue in mekaar, eerlikheid, erkenning van verskillende belange asook funksionele kommunikasie gekenmerk word. Kommunikasie is dan ook die hoeksteen van produktiewe konflik (L'Abate & Sloan, 1984; Straus, 1981) terwyl dit ook 'n wesenlike element van intimiteit is (Erikson, 1974; Schaefer & Olson, 1981).

Die gesin van oorsprong (soos geëvalueer deur die GOS) lewer dus 'n betekenisvolle voorspelling van die wyse van konflikhantering (geëvalueer deur die CTS) in die ernstige voorhuwelikse liefdesverhouding soos by die ondersoekgroep gevind. Wanneer hierdie uitspraak gemaak word, moet die tekortkominge van die CTS wat hipotesetoetsing bemoeilik in gedagte gehou word. Die resultate toon egter 'n duidelike tendens, stem ooreen met die hipoteses in die literatuur en voldoen aan die verwagtings. Daar kan dus gestel word dat, sover dit die ondersoekgroep aangaan, die gesonde gesin van oorsprong 'n betekenisvolle voorspeller van funksionele konflikhantering is.

## 4.3 OPSOMMING

Die resultate wat behaal is, het deurgaans 'n duidelike tendens getoon. Alhoewel die gestelde hipoteses nie deurgaans aanvaar kon word nie, is daar tog telkens gevind dat die resultate in die verwagte rigting neig. Die probleme met die hipotesetoetsing kan in 'n mate toegeskryf word aan die formaat van die skale wat gebruik is (vgl. die CTS), terwyl die gebrek aan 'n ewekansige steekproef die interpretasie verder bemoeilik het.

Daar is egter deurgaans bevind dat die gesonde gesin van oorsprong positief met die gesonde verhouding korreleer. Die korrelasies is verder versterk deur die betekenisvolle voorspelling wat die gesin van oorsprong ten opsigte van fasette in die verhouding bied. Verder sluit die bevindings aan by die tendense in die literatuur, wat die belang van die gesin verder beklemtoon.

Die resultate wat behaal is versterk dus die uitgangspunte wat aan die begin van die studie gestel is, naamlik dat die gesin van oorsprong 'n belangrike element in die daarstelling van 'n gelukkige liefdesverhouding is. Ten opsigte van die gesin van oorsprong blyk dit veral dat die aanwesigheid van intimiteit 'n belangrike faktor is. Die literatuur onderstreep egter ook deurgaans die belang van outonomie en dit blyk tog sinvol te wees om outonomie ook in ag te neem. Sodoende word 'n gesonde balans gehandhaaf, en word die belang van individuering erken. Die vorming van fusie in die gesin en die verhouding is nie wenslik nie. Alhoewel hierdie studie dus op interpersoonlike verhoudings gerig is, mag die belangrikheid van die individu met 'n eie identiteit nie gering geskat word nie.

## HOOFSTUK 5

## SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

### 5.1 INLEIDING

In hierdie ondersoek is gepoog om insig te verkry in die moontlike verband tussen die gesin waarin die individu opgroei en die wyse waarop hy/sy in die latere ernstige voorhuwelikse verhouding funksioneer.

Daar is eerstens ondersoek ingestel na die waarde wat die literatuur en verskillende teoretiese benaderings in die sielkunde aan hierdie verband heg. Tweedens is 'n empiriese ondersoek geloods om die moontlike verband tussen gesinsfunksionering en funksionering in die liefdesverhouding onder 'n aantal studente aan die PU vir CHO te ondersoek. Uit hierdie ondersoeke kan bepaalde gevolgtrekkings gemaak word. Die bevindings geld egter slegs vir die ondersoekgroep en veralgemenings kan nie op statistiese gronde gemaak word nie.

### 5.2 GEVOLGTREKKINGS

(a) Soos uit die literatuur blyk, is daar sekere predisponerende faktore in die individu se ontwikkeling binne die gesin wat die latere verhoudingslewe kan beïnvloed. Sekere dimensies van gesinsfunksionering is van belang, asook die ontwikkelingsgeskiedenis van die individu, veral tydens adolessensie en die jeugtydperk. Hoewel die verskillende teoretiese benaderings sonder uitsondering die belang van die gesin ten opsigte van die liefdesverhouding erken, word verskillende fasette van die gesin deur die onderskeie benaderings beklemtoon.

(b) Uit die resultate van die onderhawige studie blyk dit duidelik dat die verband tussen die gesin van oorsprong en die verhoudingslewe ook empiries verifieërbaar is. Ten spyte van

die tekortkominge van hierdie ondersoek, by name die steekproeftrekking en die problematiese interpretasie van sekere skale, het die resultate tog derugaans die aanvanklike verwagtings geverifieër en by die tendense in die literatuur aangesluit.

(c) Uit die resultate van die korrelasies en regressiekoëffisiënte blyk dat die bereiking van intimiteit en outonomie binne die gesin van oorsprong nie net positief met die bereiking van intimiteit in die verhouding korreleer nie, maar ook as 'n goeie voorspeller daarvan dien. Die verhouding waarvan albei lede 'n goed funksionerende gesinsagtergrond het, se kanse op die daarstelling van 'n verhouding wat funksionele intimiteit bevat, is dus aansienlik groter as die verhouding waarvan die lede 'n ongesonde gesinsagtergrond het.

(d) Die resultate toon verder dat sover dit die ondersoekgroep aangaan, die gesin van oorsprong wat as gesond geëvalueer word ook 'n sterk verband toon met funksionele kommunikasie binne die voorhuwelikse liefdesverhouding en hierdie vlak van kommunikasie ook goed voorspel. Dit blyk dus sinvol te wees om by die evaluering van kommunikasiepatrone in die verhouding ook die invloed van die onderskeie gesinne van oorsprong in ag te neem.

(e) Die ondersoekgroep se resultate toon dat die gesin van oorsprong ook 'n betekenisvolle rol speel in die wyse waarop konflik in die verhouding hanteer word. Die respondente met 'n gesonde gesinsagtergrond toon (in teenstelling met die respondente uit swakfunksionerende gesinne) 'n duidelike tendens om minder geweld te gebruik in 'n poging om konflik op te los en eerder van rasionele bespreking gebruik te maak.

(f) 'n Analise van die resultate het daarop gedui dat veral die bereiking van intimiteit in die gesin van oorsprong 'n belangrike invloed op die latere liefdeslewe uitoefen. Die

literatuur beklemtoon egter deurgaans dat outonomie ook van belang is, aangesien die afwesigheid daarvan met versmelting verband hou en sodoende individuering teëwerk. By die evaluering van 'n gesonde gesin is dit dus tog sinvol om intimiteit sowel as outonomie in ag te neem.

(g) Aangesien daar weens praktiese probleme nie 'n ewekansige steekproef getrek kon word nie, Suid-Afrikaanse norms vir die evalueringskale nie beskikbaar was nie, en die interpretasie van sommige resultate as gevolg van die samestelling van enkele skale problematies was, is veralgemenings na die algemene populasie nie moontlik na aanleiding van die resultate wat hier behaal is nie. Sover dit die toetsgroep aangaan, is duidelike tendense tog gevind en word gevoel dat hierdie resultate 'n weerspieëling bied van wat vir die algemene populasie geld. Die feit dat hierdie resultate by die tendense in die literatuur aansluit, versterk die toepassingswaarde van hierdie resultate verder.

Die slotsom waartoe gekom word, is dat die gesin van oorsprong duidelik van belang is as 'n faktor by die funksionering van die ernstige voorhuwelikse liefdesverhouding. Dit impliseer dat probleme in die verhouding dikwels na probleme in die gesin teruggevoer kan word, iets wat tydens terapie en remediëring van belang mag wees. Daar moet verder in gedagte gehou word dat die gesinne wat hier betrek is almal intak was, en dat gesinne waar egskeiding, die dood van een of albei ouers, of ander probleme teenwoordig is, waarskynlik 'n duideliker uitval sal toon. Dergelike aspekte verdien egter verdere navorsing.

## 5.3 AANBEVELINGS

(a) Inligting aangaande die gesinne wat hier betrek is, is beperk en dit het die navorsing bemoeilik. Alhoewel agtergrondsinligting aangaande die gesinne deur middel van 'n vraelys bekom is, is

slegs enkele aspekte van die gesin in ag geneem in 'n poging om die ondersoekgroep so homogeen moontlik te hou. Die waarde wat aan 'n selfevalueringsvraelys geheg kan word ten einde gesinsfunksionering te bepaal, kan ook bevraagteken word. Ten opsigte van die gesinsaspek word die volgende aanbevelings gemaak:

. Daar bestaan 'n behoefte aan 'n gestandaardiseerde biografiese vraelys waardeur inligting aangaande die Suid-Afrikaanse gesin ingewin kan word. Die pluraliteit van ons samelewing kan egter hierdie taak aansienlik bemoeilik.

. Alhoewel die navorser die GOS se waarde as evalueerder van die gesin van oorsprong hoog skat, bestaan daar tog 'n behoefte aan die standaardisasie van 'n soortgelyke skaal vir Suid-Afrikaanse omstandighede en met Suid-Afrikaanse norms. Plaaslike betroubaarheid- en geldigheidstudies ontbreek ook.

. Daar bestaan 'n duidelike leemte (veral in Suid-Afrika) aan navorsing aangaande die belangrike rol van die gesin in die ontwikkeling van die individuele lede daarvan. Teoreties word die belangrikheid algemeen erken, maar empiriese gegewens ontbreek.

(b) Net soos ten opsigte van die gesin, ontbreek daar ook empiriese navorsing aangaande die voorhuwelikse verhouding. Alhoewel die huwelik gedurig onder die soeklig kom, is die voorhuwelikse verhouding tot dusver grootliks buite rekening gelaat. Die volgende aanbevelings word in die verband gemaak:

. Vraelyste en ander meetinstrumente waarmee die voorhuwelikse verhouding geëvalueer kan word, is bykans onverkrygbaar. Die wat wel bestaan is nie vir Suid-Afrikaanse gebruik aangepas nie. Hoë prioriteit behoort verleen te word aan die ontwikkeling van instrumente wat die verhouding as geheel, of

dan ten minste spesifieke aspekte daarvan, kan evalueer. Alhoewel daar 'n aantal skale bestaan wat met vrug in 'n terapeutiese situasie aangewend kan word, is die skale moeilik kwantifiseerbaar en gevolglik dikwels nie geskik vir empiriese navorsing wat statistiese verwerkings noodsaak nie. Daar bestaan dus veral 'n gebrek aan meetinstrumente wat op navorsing gerig is.

. Voorhuwelikse beraad blyk al hoe meer 'n belangrike hulpmiddel by die bekamping van huweliksproblematiek in ons samelewing te wees. Egskeiding, vervreemding, geweld, gesinsmoorde en ander huwelikskrisisse word oor die algemeen met sorg bejeën en die gevoel bestaan dat voorkoming die antwoord is. Aspekte wat tydens die huwelik as probleme realiseer, kan dikwels reeds tydens die voorhuwelikse verhouding geïdentifiseer word en dan reeds met vrug behandel word. Huweliksmaatseleksie is 'n verdere aspek wat meer aandag vereis.

(c) Laastens is die doel van hierdie studie om aan te toon dat die verhouding - dus ook die huwelik - nie in isolasie gesien mag word nie. Die gesin van oorsprong is van wesenlike belang en behoort altyd aandag te ontvang in die remediëring en voorkoming van verhoudingsproblematiek. Verdere navorsing op hierdie gebied is dringend noodsaaklik - veral in die Suid-Afrikaanse opset - na aanleiding van die dikwels eiesoortige problematiek wat hier aangetref word en die sorgwekkende beeld van die Suid-Afrikaanse huwelik wat deur statistieke geskilder word.

## 5.4 SLOTGEDAGTE

Ten spyte van die feit dat hierdie navorsing tekortkominge toon, word die hoop uitgespreek dat ook hierdie tekortkominge 'n aansporing sal wees vir verdere navorsing op die gebied van die gesin en die voorhuwelikse liefdesverhouding. Die resultate wat behaal is, dui daarop dat hierdie veld wel navorsing regverdig en dat bevindings wel praktiese toepassingswaarde het.

BRONNELYS

BANDURA, A. 1977. Social learning theory. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice-Hall

BANK, S.P. & KAHN, M.D. 1982. The Sibling Bond. New York : Basic Books.

BARNHILL, L.R. 1979. Healthy family systems. *The Family Coordinator,* 28 (Jan):94-100.

BATESON, G.; JACKSON, D.; HALEY, J. & WEAKLAND, J. 1956. Toward a theory of schizofrenia. *Behavioral Science,* 1:251-264.

BELL, R.R. & COUGHEY, L. 1980. Premarital sex experience among college females, 1958, 1968 and 1978. *Family Relations,* 29(July):153-357.

BELL, N.J. AVEREY, A.W. JENKINS, D. FELD, J. SCHOEMROCK, C.J. 1985. Family relationships and social competence during late adolescence. *Journal of Youth & Adolescence,* 14(2):109-119.

BELLACK, A.S. & HERSEN, M. (Eds) 1978. Behavior therapy in the psychiatric setting. Baltimore: Williams & Wilkins.

BELLACK, A.S.; HERSEN, M.; KAZDIN, A.E. 1985. International Handbook of Behavior Modification and Therapy. New York: Plenum Press.

BENNUN, I. 1987. Behavioral Marital Therapy: A critique and appraisal of integrated models. *Behavioral Psychotherapy,* 15(1):1-15.

BERNARD, M.C. & BERNARD, J.C. 1983. Violent Intimacy: The Family as a Model for Love Relationships. *Family Relations,* 32(April):283-286.

BERNARD, J.L.; BERNARD, S.L. & BERNARD, M.L. 1985. Courtship violence and sex-typing. *Family Relations,* 34:573-576.

BETTELHEIM, B. 1962. The problem of generations. *Daedalus,* 19(1):68-96.

BIENVENU, M.J. 1975. A measurement of premarital communication. *Family Coordinator*, Jan.:65-68.

BILLINGHAM, R.E. 1986. Gender differences in the use conflict tactics across eight levels of emotional commitment. *Paper read at Annual Meeting of the National Council on Family Relations*. Dearborn, M: Nov.

BOOTZIN, R.R., 1980. (3rd Ed.) Abnormal Psychology: Current Perspectives. New York : Random House.

BOSZORMENYI-NAGY, I. & SPARKS, G. 1973. Invisible loyalties: Reciprocity in intergenerational family therapy. New York : Harper & Row.

BOWEN, M. 1976. Theory in the practice of psychotherapy. In: GUERIN, P.J.(jr.), *ed. Family therapy: Theory and practice*. New York : Gardner Press.

BOWEN, M. 1978. Family therapy in clinical practise. New York : Jason Aronson.

BOWLBY, J. 1979. The making of affectional bonds. London : Tavistock Publications.

BRAY, J.H.; WILLIAMSON, D.S.; MALONE, P.E. 1984. Personal authority in the family system: Development of a questionnaire to measure personal authority in integenerational family processes. *Journal of Marital and Family Therapy*, 10:167-178.

BROWN, J.H. & CHRISTENSEN, D.N. 1986. Family Therapy. Theory and Practise. Montery, Ca.: Brooks/Cole.

CAMPBELL, S.M. 1980. The couple's journey : Intimacy as a path to wholeness. San Luis Obispo, Ca. : Impact.

CARLSON, B.E. 1987. Dating Violence: A Research Review and Comparison with Spouse Abuse. *Social Casework*, Jan:16-23.

COMBRINCK, J.C. 1970. 'n Ondersoek na die verband tussen sekere aspekte van die verhoudingslewe en die akademiese prestasie van universiteitstudente. Potchefstroom : PU vir CHO. (M.A.-verhandeling)

COUVARAS, D. 1972. A psychodiagnostic study of the adolescent's quest for identity. Pretoria: University of Pretoria. (M.A.-thesis)

DACEY, J.S. 1979. Adolescents today. Santa Monica,Ca. : Goodyear.

DE WET, C.F. 1985. Huweliksterapie met verwysing na gesinne van oorsprong. Potchefstroom: PU vir CHO. (M.A.-skripsie)

DICKS, H.V. 1963. Object-relations theory and Marital Status. *British Journal of Medical Psychology*, 36:125-129.

DICKS, H.V. 1967. Marital tensions. New York : Basic Books.

DOANE, J. 1978. Family interaction and communication of research. *Family Process*, 17:357-376.

DUVALL, E.M. & MILLER, B.C. 1984. Marriage and Family development (6th ed.) New York : Harper & Row.

ERIKSON, E.H. 1956. The problem of ego-identity. *Journal of the American Psychoanalytic Association*, 4:56-119.

ERIKSON, E.H. 1959. Identity and the lifecycle. *Psychological Issues*, 1(1):1-164.

ERIKSON, E.H. 1962. Fidelity and Diversity. *Daedalus*, 19(1):5-27.

ERIKSON, E.H. 1974. Identity: Youth and Crisis. London : Faber & Faber.

FELDMAN, S. 1984. Mental illness and the economy. *PAHO Bulletin*, 18(4):364-369.

FINKELHOR, D. 1980. Sex among siblings. A survey on prevalence, variety and effects. *Archives of Sexual Behaviour,* 9:171-194.

FLAHERTY, J.A. & RICHMAN, J.A. 1986. Effects of childhood relationships on the adult's capacity to form social supports. *American Journal of Psychiatry,* 143(7):851-855.

FRAMO, J.L. 1976. Family of Origen as therapeutic resource for adults in marital and family therapy. *Family Process,* 15(2):193-210.

FRAMO, J.L. 1981. Marital therapy with sessions with family of origin. In: GURMAN, A.S. & KRISKERN, D.P. 1981. *Handbook of Family Therapy.* New York : Brunner/Mazel: 130-149.

FRANKEL, B. 1982. Intimacy and Conjoint Marital Therapy. In: FISCHER, M. & STRICKER, G. 1982. *Intimacy.* New York : Plenum Press : 247-266.

FREUD, S.A. 1922. Group psychology and the analysis of the ego. New York : Livewright.

FREUD, S.A. 1953. A general introduction to psychoanalysis. Vertaal deur Joan Riviere. New York : Permabooks.

FREUND, J.E. 1979. (5th Ed.) Modern Elementary Statistics. London : Prentice Hall.

GALLATIN, J.E. 1975. Adolescence and Individuality. New York : Harper & Row.

GERDES, L.C.; OCHESE. R.; STANDER, L. & VAN EDE, D. 1981. Die ontwikkelende volwassene. Durban : Butterworth.

GILBERT, S.J. 1976. Self disclosure, Intimacy and Communication in Families. *Family Coordinator*, 3 (July):221-231

GILDER, S.S.B. 1986. The Sexual Abuse of children. *South African Medical Journal*, 70(11): 648. Nov.

GLICK, I.D. & KESSLER, D.R. 1980. Marital and Family Therapy. (2nd Ed) New York: Grune & Stratton.

GRAYBILL, D. 1978. Relationship of maternal child-rearing behaviours to children's self esteem. *Journal of Psychology*. 100(Sept):45-47.

GURVITZ, M.S. 1982. Intimacy in Play and Play therapy. In: FISCHER, M & STRICKER, G. 1982. *Intimacy*. New York: Plenum Press:325-346.

HALEY, J. 1963. Strategies of psychotherapy. New York: Grune & Stratton.

HALEY, J. 1976. Problem-solving therapy. San Fransisco : Jossey-Bass.

HALEY, J. 1978. Ideas which handicap the therapist. In: BERGER, M.(ed.) 1978. *Beyond the double bind*. New York: Brunner-Mazel:67-82.

HALL, C.M. 1981. The Bowen family theory and its uses. New York: Jason Aronson.

HAMACHEK, D.E. 1976. Development and Dynamics of the Self. In: ADAMS, J.F. (ed.) 1976 (3rd Ed.) *Understanding Adolescence*. Boston: Allyn & Bacon.

HANSEN, J.C. & L'ABATE, L. 1982. Approaches to family therapy. New York: MacMillan.

HAVIGHURST, R.J. 1972. Developmental tasks and education. New York: McKay.

HAVIGHURST, R.J. 1975. Objectives for youth development. In: HAVIGHURST, R.J. & DREYER, P.H. (Ed's.) 1975. *Youth. The seventy fourth yearbook of the National Society for the study of Education*. Deel 1. Illinois: National Society for the Study of Education.

HERSEN, M.; EISLER, R.M. & MILLER, P.M. (Ed's.) 1982. Progress in Behaviour Modification (deel 13). New York: Academic Press.

HOVESTADT, A.J.; ANDERSON, W.T.; PIERCY, F.P.; COCHRAN, S.W. & FINE, M. NB! 1985. A family-of-origin scale. *Journal of Marital and Family therapy*, 11(3):287-297.

HOROWITZ, L.M. 1979. On the cognitive structure of interpersonal problems treated in psychotherapy. *Journal of Consulting and Clinical Psychology*,47:5-15.

HUNDERT, J. 1985. Community Mental Health for children. A shift in emphasis. *Canada's Mental Health*, March:2-6.

HURLOCK, E.B. 1967. Adolescent Development. New York: McGraw-Hill.

HURVITZ, N. 1965. The Marital Roles Inventory as a counseling instrument. *Journal of Marriage and the Family*, Nov.:492-501.

JORGENSEN, S.R. & GAUDY, J.C. 1980. Self-disclosure and satisfaction in marriage: The relation examined. *Family Relations*, 29:281-287.

JUSTICE, B. & JUSTICE, R. 1976. The abusing family. New York: Human Sciences Press.

KALMUSS, D. 1984. The Intergenerational Transmission of Marital Aggression. *Journal of Marriage and the Family*,46:11-19.

KANTOR, D. & LEHR, W. 1975. Inside the Family. Toward a theory of family process. New York: Harper Colophan.

KAPLAN, H.B. 1975. Self Attitudes and Deviant Behavior. Goodyear Pacific Palisades, Ca.

KARPEL, M. 1985. Individuation: From Fusion to Dialogue. *Family Process*, 15:65-82.

KERNBERG, O.F. 1976. Object-relations theory and clinical psychoanalysis. New York: Jason Aronson.

KOHUT, H. 1978. The restoration of the self. New York: International Universities Press.

KWAWER, J.S. 1982. Object Relations Theory and Intimacy. In: FISCHER, M. & STRICKER, G. 1982. *Intimacy*. New York: Plenum Press:53-64.

L'ABATE, L. 1976. Understanding and Helping the Individual in the Family. New York: Grune & Stratton.

L'ABATE, L. & McHENRY, S. 1983. Handbook of Marital Interventions. New York: Grune & Stratton.

L'ABATE, L. & SLOAN, S. 1984. A Workshop Format to Fascilitate Intimacy in Married Couples.*Family Relations*, 33:245-250.

LANZ, J.E. 1978. Family and Marital Therapy. A Transactional Approach. New York: Appleton-Century-Crofts.

LEVANT, R.F. 1984. Family Therapy: A comprehensive overview. Englewood Cliffs, New Jersey: Prentice Hall.

LOCKE, H.J. & WALLACE, K.M. 1959. Short marital adjustment and prediction tests: Their reliability and validity. *Marriage and Family Living*, 21:251-255.

MAKEPEACE, J.M. 1981. Courtship Violence Among College Students. *Family Relations*, 30:97-102.

MAKEPEACE, J.M. 1987. Social Factor and Victim - Offender Differences in Courtship Violence. *Family Relations*, 36:87-91.

MALMQUIST, C.P. 1978. Handbook of Adolescence: Psychopathology, antisocial development, psychotherapy. New York: Jason Aronson.

MANASTER, G.J. 1977. Adolescent Development and the Life Tasks. Boston: Allyn & Bacon.

MARCIA, J.E. 1967. Ego identity status: Relationship to change in self-esteem, general maladjustment and authoritarianism. *Journal of Personality,* 35:118-133.

McCABE, M.P. 1984. Toward a theory of adolescent dating. *Adolescent,* xix(73) Spring.

McCANDLESS, B.R. & COOP, R.H. 1979. Adolescents: Behaviour and development. (2nd Ed.) New York: Holt, Rinehart & Winston.

McMAHON, J.M. 1982. Intimacy among Friends and Lovers. In: FISHER, M. & STRICKER,G. 1982. *Intimacy.* New York: Plenum Press: 293-304.

MEAD, M. 1928. Coming of age in Samoa. New York: Marrow.

MINUCHIN, S. 1974. Families and family therapy. Cambridge, Mass.: Harvard NB University Press.

MINUCHIN, S & FISHMAN, H. 1981. Family therapy techniques. Cambridge, Mass: NB Harvard University Press.

MORRIS, D. 1982. Attachment and Intimacy. In: FISHER, M. & STRICKER, 1982. *Intimacy* New York: Plenum Press:305-324.

MURSTEIN, B.I. 1980. Mate selection in the 1970's. *Journal of Marriage and the Family.* 42:777-792.

MOUNT, F. 1982. The Subversive Family. London: Jonathan Cape.

NAPIER, A. & WHITAKER, C. 1978. The Family Crucible. New York: Harper & Row.

OTTO, H.A. & OTTO, S.T. 1967. A new perspective of the adolescent. *Psychology in the schools,* 4(1):76-81.

PATTERSON, G.R. & REID, J.B. 1970. Reciprocity and Coersion: Two facets of social systems. In: NEURINGER, C. & MICHAEL, L. (Ed's) *Behavior Modification in clinical Practise* New York: Appleton-Century-Crofts:133-177.

PAPOUCHIS, N. 1982. Intimacy and the Psychoterapy of Adolescents. In: FISHER, M. & STRICKER, G. 1982. *Intimacy*. New York: Plenum Press:347-370

POWELL, M. 1971. The psychology of adolescence. (2nd Ed.) Indianapolis: Bobbs-Merril.

RANK, O. 1945. Will therapy and truth and reality. New York: Knopf.

RICE, P.F. 1981. The adolescent. Development, relationships and culture. (3rd Ed.) Boston: Allyn & Bacon.

RICE, E.P. 1983. Contemporary Marriage. Boston: Allyn & Bacon.

ROGERS, C.R. 1951. Client-centered therapy. Boston: Houghton Mifflin.

ROGERS, C.R. 1961. On becoming a person. Boston: Houghton Mifflin.

ROGERS, C.R. 1974. Remarks on the future of cliënt-centerd therapy. In: WEXLER, D.A. & RICE, L.N. 1974. (ed's) *Innovations in cliënt-centered therapy*. New York: John Wiley.

ROGERS, D. 1972. The psychology of adolescence. New York: Meredith.

ROSCOE, B. & BENASKE, N. 1985. Courtship violence experienced by abused wives: Similarities in patterns of abuse. *Family Relations*, 34:419-424.

RUTLEDGE, A. 1978. Premarital Counseling. *The Family Coordinator*. Jan.

RYLE, A. 1979. Couple therapy In: WALROND-SKINNER, S. 1979 (ed.) *Family and Marital Psychotherapy. A critical approach*. London: Routledge & Kegan Paul.

SATIR, V. 1967. Conjoint Family Therapy. (2nd Ed.) Palo Alto, Ca.: Science and Behaviour Books.

SATIR, V. 1972. Peoplemaking. Palo Alto, Ca.: Science and Behaviour Books.

SAXTON, L. 1982. The individual, marriage and the family. (5th Ed.) Belman, Ca.: Wadsworth.

SCHAEFER, M.T. & OLSON, D.H. 1981. Assessing Intimacy: The Pair Inventory. *Journal of Marital and Family Therapy*. 7(1):47-60.

SEBALD, H. 1977. Adolescence: A social psychological analysis. (2nd Ed.) New Jersey: Prentice-Hall.

SCHMALING, K.B. (e.a.) 1984. Parental Attachment, Social Support, and Current Life Situation. Paper read at 64th Annual Meeting of the Western Psychological Association. Los Angeles, Ca.

SCHWARZ, J.C. & ZUROFF, D.C. 1979. Family structure and Depression in Female College Students: Effects of Parental Conflict, Decision-making Power, and Inconsistency of Love. *Journal of Abnormal Psychology*, 88(4):398-406.

SIMON, W. & CAGNON, J.H. (ed's) 1970. The sexual scene. New Brunswick, N.J.: Transaction Books.

SINGLETON, G. 1982. Bowen family systems theory. In:HORNE, A.N. & OHLSON, M.M. (ed's) *Family Counseling and Therapy*. Itasca: F.E. Peacock.

SMIT, G.J. 1981. Psigometrika. Pretoria: HAUM.

SORENSON, R.C. 1973. Adolescent sexuality in contemporary America: Personal values and sexual behaviour, Ages 13 - 19. New York: World Publishing Co.

SPANIER, G.B. 1976. Measuring dyadic adjustment: new scales for assessing the quality of marriage and similar dyads. *Journal of marriage and the Family*, 38 (Feb.):15-28.

STARR, R.H. 1987. Clinical judgement of abuse-proneness based on parent-child interactions. *Child Abuse and Neglect*, 11(1):87-92.

STEVENS-LONG, J. & COBB, N.J. 1983. Adolescence and early adulthood. Palo Alto: Mayfield.

STEYN, A.G.W.: SMIT, C.F.; DU TOIT, S.H.C. 1984. Moderne Statistiek vir die Praktyk. Pretoria: J.L. van Schaik.

STRANG, R. 1957. The adolescent views himself. New York: McGraw-Hill.

STRAUS, M.A. 1979. Measuring intrafamily conflict and violence. The Conflict Tactics (C.T.) Scales. *Journal of Marriage and the Family,* Feb.:75-88.

STREAN, H.S. 1985. Resolving Marital Conflicts. A psychodynamic perspective. New York: John Wiley & Sons.

SUID-AFRIKA. 1986. Departement van Statistiek. *Egskeidings.* Pretoria: Staatsdrukker.

SULLIVAN, H.S. 1953. The interpersonal theory of psychiatry. New York: Norton.

SWANEPOEL, H.F. & VAN DER WATT, C.J. 1982. Eksperimentele psigologie: Statistiek en navorsingsmetodes. Potchefstroom: Pro Rege.

TSUNG-YI, L. 1983. Mental Health in the Third World. *The Journal of Nervous and Mental Disease,* 171(2):72-77.

TUCKER, W. 1985. Why we have Families. *American Spectator,* (Des.):14.

WARING, E.M. 1984. The measurement of marital intimacy. *Journal of Marital and Family Therapy,* 10(2):185-192.

WOLBERG, L.R. 1977. The Technique of Psychotherapy. (3rd Ed. Part 2) New York: Grune & Stratton.

WALLER, W. & HILL, R. 1951. The Family. New York: Dryden Press.

WATTENBERG, W.W. 1973. The adolescent years. (2nd Ed.) New York: Harcourt Brace Javonovich.

WATZLAWICK, P.A.; BEAVIN,J. & JACKSON, D. 1967. Pragmatics and Human communication. New York: Norton.

WEXLER, D.A. & RICE, L.N. (Ed's) 1974. Innovations in client-centered therapy. New York: John Wiley.

WILLIAMSON, D.S. 1978. A method of therapy for individuation from a dead former parent. *Journal of Marriage and Family Counselling* 4:93-102.

WYNNE, L.; RYCKOFF, I.; DAY, J & HIRSCH, S. 1958. Pseudomutuality in family relations of schizophrenics. *Psychiatry,* 21:205-220.

## Bylae A

## VRAELYS

Opgestel deur W.J. Annandale M.A.-verhandeling

NAAM: .................................. STUDENTENOMMER: ...............

STUDIERIGTING: ......................... GESLAG: Manlik: ☐

OUDERDOM: ............................. Vroulik ☐

| | | JA | NEE |
|---|---|---|---|
| 1. | Lewe albei jou ouers nog? | ☐ | ☐ |
| 2. | Indien wel, is hulle nog met mekaar getroud? | ☐ | ☐ |
| 3. | Is julle twee of meer kinders in die gesin? | ☐ | ☐ |
| | Indien Ja by no. 3., beantwoord 4 tot 6: | | |
| 4. | Hoeveel seuns is julle? ............... | | |
| 5. | Hoeveel dogters is julle? .............. | | |
| 6. | Die hoeveelste kind is jy? ............. | | |
| 7. | Is jy tans in 'n sleepverhouding betrokke? | ☐ | ☐ |
| | Indien Ja by no. 7, beantwoord asseblief die res van die vrae: | | |
| 8. | Gaan julle al langer as 3 maande uit? | ☐ | ☐ |
| 9. | Is dit jou eerste verhouding? | ☐ | ☐ |
| 10. | Is jou sleep ook tans 'n student aan die PU vir CHO? | ☐ | ☐ |
| 11. | Indien wel, wat is sy/haar studiekursus ................ en akademiese jaar ............? | | |
| 12. | Studeer enige van julle vanuit julle ouerhuise? | ☐ | ☐ |
| 13. | Indien jy genader sou word, sal jy bereid wees om aan 'n navorsingsprojek deel te neem wat verdere vraelyste en toetse sal behels? | ☐ | ☐ |

## Bylae B

## GESIN-VAN-OORSPRONGSKAAL

AANWYSINGS: Die gesin van oorsprong is die gesin waarin jy die meeste of al jou kinderjare gespandeer het. Hierdie skaal is ontwerp om jou te help onthou hoe jou gesin van oorsprong gefunksioneer het.

Elke gesin is uniek en het sy eie wyse van funksionering. Dus, daar is geen REGTE OF VERKEERDE KEUSES in hierdie skaal nie. Dit is belangrik dat jy so EERLIK as wat jy moontlik kan, moet antwoord.

Maak die volgende stellings van toepassing op jou gesin van oorsprong SOOS WAT JY DIT KAN ONTHOU. Gebruik die skaal om die toepaslike nommer te omkring. Beantwoord elke stelling asseblief.

SLEUTEL:

5 (SJ) = Sterk ja (ten opsigte van my gesin van oorsprong)
4 (J) = Ja (ten opsigte van my gesin van oorsprong)
3 (Neu) = Neutraal
2 (N) = Nee (ten opsigte van my gesin van oorsprong)
1 (SN) = Sterk nee (ten opsigte van my gesin van oorsprong)

| | | SJ | J | NEU | N | SN |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. | In my gesin was dit normaal om beide positiewe en negatiewe gevoelens te toon. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 2. | Die atmosfeer in my gesin was gewoonlik onaangenaam. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 3. | In my gesin het ons mekaar aangemoedig om nuwe vriendskappe te sluit. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 4. | Meningsverskille is in my gesin ontmoedig. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 5. | Gesinslede het dikwels verskoning gemaak vir hulle foute. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 6. | My ouers het gesinslede aangemoedig om na mekaar te luister. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 7. | Konflikte in my gesin is nooit opgelos nie. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 8. | My gesin het my geleer dat mense basies goed is. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 9. | Ek het dit moeilik gevind om te verstaan wat ander gesinslede sê en hoe hulle voel. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 10. | Ons het oor ons hartseer gepraat toe 'n naasbestaande of gesinsvriend gesterf het. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 11. | My ouers het openlik erken wanneer hulle verkeerd was. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |

| | | SJ | J | NEU | N | SN |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 12. | In my gesin kon ek enige gevoel wat ek gehad het, uitdruk. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 13. | In my gesin was konflikoplossing 'n baie spanningsvolle ervaring. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 14. | My gesin was ontvanklik vir die verskillende wyses waarop gesinslede die lewe gesien het. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 15. | My ouers het my aangemoedig om my beskouinge openlik uit te druk. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 16. | Ek moes baie keer raai wat ander gesinslede gedink of gevoel het. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 17. | My houding en gevoelens is voortdurend deur my gesin geïgnoreer en gekritiseer. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 18. | My gesinslede het selde verantwoordelikheid vir hul dade aanvaar. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 19. | In my gesin was ek vry om my opinies te lug. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 20. | Ons het nooit oor ons smart gepraat wanneer 'n naasbestaande of gesinsvriend afgesterwe het nie. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 21. | Ek het soms gevoel dat my gesinslede my verstaan sonder dat ek nodig gehad het om iets te sê. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |

| | | SJ | J | NEU | N | SN |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 22. | Die atmosfeer in my gesin was koud en negatief. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 23. | My gesinslede was nie baie ontvanklik vir mekaar se beskouinge nie. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 24. | Ek het dit maklik gevind om te verstaan wat my ander gesinslede sê en hoe hulle voel. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 25. | Wanneer 'n gesinsvriend sou verhuis, het ons nooit ons gevoelens van droefheid bespreek nie. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 26. | In my gesin het ek geleer om agterdogtig teenoor ander te wees. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 27. | Ek voel dat ek in my gesin dinge kon uitpraat en konflikte kon skik. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 28. | In my gesin was dit vir my moeilik om my eie opinie uit te druk. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 29. | Etenstye in my huis was gewoonlik vriendelik en aangenaam. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 30. | In my gesin was niemand besorgd oor die ander gesinslede se gevoelens nie. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 31. | In my gesin kon ons gewoonlik konflikte deurwerk. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 32. | In my gesin was dit ontoelaatbaar om sekere gevoelens uit te druk. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |

| | | SJ | J | NEU | N | SN |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 33. | My gesin het geglo dat mense gewoonlik voordeel uit jou wil trek. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 34. | In my gesin was dit maklik om my gevoelens en gedagtes uit te druk. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 35. | My gesinslede was gewoonlik sensitief vir mekaar se gevoelens. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 36. | Wanneer 'n persoon wat vir ons belangrik was, verhuis het, het ons gesin ons gevoel van verlies bespreek. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 37. | My ouers het ons ontmoedig om beskouinge verskillend van hulle s'n uit te druk. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 38. | Lede van my gesin het verantwoordelikheid vir hulle dade geneem. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 39. | My gesin het een ongeskrewe reël gehad: Moenie jou gevoelens ten toon stel nie. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 40. | Ek onthou my gesin as warm en ondersteunend. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |

## Bylae C

Vraelysnommer
Kaart 2

## SKAAL VIR KOMMUNIKASIE

Hier volg 'n lys van 40 vrae, en jy moet elke keer die antwoord omkring wat van toepassing is op jou en jou maat/verloofde se verhouding.

SLEUTEL:

3 (J) = Ja (ten opsigte van ons verhouding)
2 (S) = Somtyds (ten opsigte van ons verhouding)
1 (N) = Nee (ten opsigte van ons verhouding)

NAAM: ..................................

DATUM: ..................................

| | | J | S | N |
|---|---|---|---|---|
| 1. | Bespreek jy en jou verloofde julle probleme? | 3 | 2 | 1 |
| 2. | Het jy 'n neiging om jou gevoelens vir jouself te hou? | 3 | 2 | 1 |
| 3. | Maak jy en jou verloofde dikwels rusie? | 3 | 2 | 1 |
| 4. | Vertel jou verloofde jou wanneer hy/sy kwaad is vir jou? | 3 | 2 | 1 |
| 5. | Hou hy/sy op om jou te sien sonder om te sê hoekom? | 3 | 2 | 1 |
| 6. | Bespreek julle ooit julle onderskeie sieninge van seks in die huwelik? | 3 | 2 | 1 |
| 7. | Is jy tevrede met die manier waarop julle julle probleme oplos? | 3 | 2 | 1 |
| 8. | Is dit vir jou moeilik om met jou verloofde te praat? | 3 | 2 | 1 |
| 9. | Vind jy sy/haar stemtoon irriterend? | 3 | 2 | 1 |
| 10. | Bespreek julle julle onderskeie houdings ten opsigte van voorhuwelikse seks? | 3 | 2 | 1 |
| 11. | Laat jou verloofde na om planne wat julle albei raak met jou te bespreek? | 3 | 2 | 1 |
| 12. | Het hy/sy 'n neiging om dinge te sê wat liewers verswyg moes word? | 3 | 2 | 1 |

| | | J | S | N |
|---|---|---|---|---|
| 13. | Is dit vir jou nodig om jou verloofde te bly herinner aan sy/haar foute? | 3 | 2 | 1 |
| 14. | Kommunikeer julle suksesvol met mekaar se gesinne? | 3 | 2 | 1 |
| 15. | Pla dit jou as jou verloofde sy/haar oortuiginge uitspreek veral as hulle van joune verskil? | 3 | 2 | 1 |
| 16. | Verstaan jy sy/haar gevoelens en houdinge? | 3 | 2 | 1 |
| 17. | Lyk dit of hy/sy jou gevoelens verstaan? | 3 | 2 | 1 |
| 18. | Neul/Sanik jou verloofde oor bepaalde dinge by jou? | 3 | 2 | 1 |
| 19. | Dink jy jou verloofde is te krities oor jou? | 3 | 2 | 1 |
| 20. | Wag jou verloofde totdat jy jou sê gesê het voordat hy/sy reageer? | 3 | 2 | 1 |
| 21. | Bly jy stil oor iets as jy weet dit sal jou verloofde seermaak of dinge vererger? | 3 | 2 | 1 |
| 22. | As 'n probleem opduik wat opgelos moet word, kan jy en jou verloofde dit rustig en kalm bespreek? | 3 | 2 | 1 |
| 23. | Is jou verloofde baie jaloers op jou? | 3 | 2 | 1 |
| 24. | Is jy baie jaloers op hom/haar? | 3 | 2 | 1 |
| 25. | Probeer hy/sy jou opbeur as jy depressief of ontmoedig is? | 3 | 2 | 1 |

| | | J | S | N |
|---|---|---|---|---|
| 26. | Laat jy na om van jou verloofde te verskil omdat jy bang is hy/sy word kwaad? | 3 | 2 | 1 |
| 27. | Kan julle van mekaar verskil sonder om julle humeure te verloor? | 3 | 2 | 1 |
| 28. | Bespreek julle hoe julle geldsake gaan hanteer as julle eers getroud is? | 3 | 2 | 1 |
| 29. | Stry julle nou oor geld? | 3 | 2 | 1 |
| 30. | Sal hy/sy dikwels een ding sê maar 'n ander bedoel? | 3 | 2 | 1 |
| 31. | Kla jou verloofde dat jy hom/haar nie verstaan nie? | 3 | 2 | 1 |
| 32. | Help jy hom/haar om begrip te hê deur hom/haar te vertel hoe jy voel? | 3 | 2 | 1 |
| 33. | Vertel julle mekaar wat julle van mekaar verwag in terme van toekomstige ouerwees? | 3 | 2 | 1 |
| 34. | Laat julle na om te bespreek wat julle van mekaar verwag in terme van toekomstige ouerwees? | 3 | 2 | 1 |
| 35. | Is jou verloofde dikwels dikbek en stuurs? | 3 | 2 | 1 |
| 36. | Voel jy dat hy/sy meesal weet wat jy probeer sê? | 3 | 2 | 1 |
| 37. | Bespreek julle julle houdings in verband met kinders grootmaak? | 3 | 2 | 1 |
| 38. | Bespreek julle julle godsdienstige houdinge en geloof? | 3 | 2 | 1 |

| | | J | S | N |
|---|---|---|---|---|
| 39. | Bespreek julle hoe ver julle met liefkosings sal gaan? | 3 | 2 | 1 |
| 40. | Is dit makliker om 'n vriend as jou verloofde 'n vertroueling te maak? | 3 | 2 | 1 |

Bylae D

Vraelysnommer

Kaart 3

INTIMITEITSVRAELYS

Hier volg 'n lys van 36 stellings en jy moet telkens aantoon (op 'n 5-puntskaal) hoe die betrokke stelling jou verhouding beskryf.

SLEUTEL:

5 (SJ) = Sterk ja (ten opsigte van ons verhouding)
4 (J) = Ja (ten opsigte van ons verhouding)
3 (NEU) = Neutraal
2 (N) = Nee (ten opsigte van ons verhouding)
1 (SN) = Sterk nee (ten opsigte van ons verhouding)

NAAM: ................................

DATUM: ................................

LET WEL: Seks(lewe) verwys na betoning van affeksie op fisieke wyse

| | | SJ | J | NEU | N | SN |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. | My maat luister na my as ek iemand nodig het om mee te praat. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 2. | Ons geniet dit om tyd saam met ander paartjies deur te bring. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 3. | Ek is tevrede met ons sekslewe. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 4. | My maat help my om helderheid van gedagte te kry. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 5. | Ons geniet dieselfde ontspanningsaktiwiteite. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 6. | My maat besit al die eienskappe wat ek ooit in 'n maat gesoek het. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 7. | Ek kan my gevoelens teenoor hom noem sonder om myself te verdedig. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 8. | Ons "hou gewoonlik by onsself". | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 9. | Ek voel dat ons seksuele aktiwiteit geroetineerd is. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 10. | As dit by ernstige besprekings kom, lyk dit of ons min gemeen het. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |

| | | SJ | J | NEU | N | SN |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 11. | Ek deel baie min van my maat se belangstellings. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 12. | Daar is tye wat ek nie juis baie liefde en toegeneentheid teenoor my maat voel nie. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 13. | Ek voel dikwels ver verwyderd van my maat. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 14. | Ons het min gemeenskaplike vriende. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 15. | Ek kan my maat vertel wanneer ek seksueel met hom/haar wil verkeer. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 16. | Ek voel "in die steek gelaat" in ernstige gesprekke met my maat. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 17. | Ons speel graag saam. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 18. | Elke nuwe dingetjie wat ek omtrent my maat uitvind, is vir my lekker. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 19. | My maat kan werklik my vreugdes en verdriet verstaan. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 20. | 'n Belangrike deel van ons aktiwiteite is om saam met ons gesamentlike vriende te wees. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 21. | Ek "verberg" my seksuele belangstelling omdat my maat my ongemaklik laat voel. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 22. | Ek voel dat dit geen doel dien om sekere dinge met my maat te bespreek nie. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |

| | | SJ | J | NEU | N | SN |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 23. | Ons geniet buitemuurse dinge saam. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 24. | Ek en my maat verstaan mekaar volkome. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 25. | Ek voel soms verwaarloos deur my maat. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 26. | Baie van my maat se intiemste vriende is ook myne. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 27. | Seksuele uitdrukking is 'n essensiële onderdeel van ons verhouding. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 28. | My maat probeer dikwels om my idees te verander. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 29. | Ons vind selde tyd om lekker dinge saam te doen. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 30. | Ek dink nie enigiemand kan gelukkiger wees as ek en my maat as ons bymekaar is nie. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 31. | Ek voel soms eensaam as ons bymekaar is. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 32. | My maat hou nie van sommige van my vriende nie. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 33. | My maat lyk nie of hy/sy in seks belangstel nie. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 34. | Ons het 'n eindelose reeks dinge om oor te gesels. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |

| | | SJ | J | NEU | N | SN |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 35. | Ek dink dat ons sommige belangstellings deel. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 36. | Daar is sekere van my behoeftes wat nie deur die verhouding vervul word nie. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |

<u>Bylae E</u>

Vraelysnommer
Kaart 4

<u>SKAAL VAN KONFLIKTAKTIEK</u>

Hier volg 'n lys van dinge wat jy moontlik kon gedoen het tydens 'n meningsverskil of konflik met jou maat. Jy moet probeer onthou wat die afgelope maand in julle verhouding gebeur het. Trek 'n sirkel rondom die syfer wat 'n weerspieëling is van jou optrede.

SLEUTEL:

1 (SJ) = Sterk ja (ten opsigte van ons verhouding)
2 (J) = Ja (ten opsigte van ons verhouding)
3 (NEU) = Neutraal
4 (N) = Nee (ten opsigte van ons verhouding)
5 (SN) = Sterk nee (ten opsigte van ons verhouding)

NAAM: ...................................

DATUM: ..................................

| | | SJ | J | NEU | N | SN |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. | Ek het probeer om die saak relatief kalm te bespreek. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 2. | Ek het die saak relatief kalm bespreek. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 3. | Ek het inligting gekry om my kant van die saak te sterk. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 4. | Ek het iemand ingebring om dinge af te koel (of het probeer). | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 5. | Ek het warm geword maar nie geskree nie. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 6. | Ek het geskree en/of beledigings rondgeslinger. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 7. | Ek was dikbek en/of het geweier om die saak te bespreek. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 8. | Ek het uit die kamer uitgestorm. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 9. | Ek het iets gegooi (maar nie na my vriend/vriendin) of iets gebreek. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 10. | Ek het gedreig om iets na hom/haar te gooi of om hom/haar te slaan. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 11. | Ek het iets na my vriend/vriendin toe geslinger. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 12. | Ek het hom/haar gestamp, gestoot of gegryp. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 13. | Ek het hom/haar geslaan (of probeer slaan) maar nie met iets nie. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 14. | Ek het hom/haar geslaan (of probeer slaan) met 'n harde ding. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |

SUMMARY

LOVE RELATIONSHIPS AMONG STUDENTS AND THE FAMILY OF ORIGIN: A PSYCHOLOGICAL INVESTIGATION

Recent years have shown a growing interest in the study of interpersonal relationships. Social dilemmas such as divorce, alcoholism and stress have prompted increased research into marriage and the family of origin. Recently the premarital love relationship has been acknowledged as a vital link between the family of procreation and the establishing of a healthy marriage. Not only have studies of the premarital relationship been encouraged, but the inclusion of the family of origin in such studies has been emphasized too.

The researcher set the following overall objectives:

(a) To determine whether a meaningful correlation between the healthy family of origin (as defined by the establishing of imtimacy and autonomy) and the healthy premarital love relationship (as defined by open communication, real intimacy and functional resolution of conflict) exists among the study population of students at the Potchefstroom University for Christian Higher Education;

(b) To determine whether the healthy family of origin can provide a meaningful prediction in respect of the establishing of a healthy premarital love relationship among the study population.

A definition of the family of origin is offered and dimensions of family functioning which include conflict, intimacy, autonomy, identity and communication are discussed.

Furthermore the importance of the adolescent phase is described and this is linked to a survey of the love relationship - its history and functions as well as the different phases in the relationship.

Lastly an overview is given of the influence of the family on the relationship. Diverse psychological theories are quoted to acknowledge this influence regardless of the fact that they stress different aspects.

The first chapters show the theoretical link between the family and the relationship, but they also highlight the deficiency in empirical validation of this influence.

For the empirical investigation questionnaires were distributed among students in selected study groups in order to establish a relatively homogenous study population. These subjects not only had to come from intact families, but they also needed to be involved in steady dating at the time, amongst other things. This group was then subjected to a battery of questionnaires evaluating their families of origin and their relationships.

Correlation coefficients and regression coefficients were calculated with respect to the scores evaluating the family and those evaluating the relationship. Seeing that a random sample of subjects was not drawn owing to a lack of suitable subjects, no statistical hypotheses were made.

The results clearly showed that the theoretical influence of the family of origin on the serious love relationship can be empirically verified. The results for the study population revealed the following:

(a) High positive correlations between the functioning of the family and the relationship;

(b) The family of origin's ability to provide meaningful prediction of the quality of the premarital love relationship.

Indications from this investigation are that the family of origin

plays a major role in determining the quality of the premarital love relationship. Not only was this suggested in the literature, but the empirical study also verified these assumptions to a large degree.

Although the love relationship cannot be seen purely as a function of earlier experiences in the family, the influence of the family cannot be denied either. Despite the fact that the implications of this influence for the handling and prevention of relationship problems would differ from person to person, the results of the study warrant further investigation into this underexplored field.